

Van die Skrywer as 'n blyke van waardering.

'N ONTLEDING VAN SEKERE  
TAALKUNDIGE BEGRIPE VAN HOËRSKOOI-LEERLINGE.

---

Tesis aangebied as gedeeltelike  
vervulling van die vereistes  
van

Magister Educationis  
van die  
Universiteit van Suid-Afrika  
deur

J.L. du Plooy, B.A., H.O.D.

Ingehandig: 19 November, 1955.

## Voorwoord.

Van hierdie geleentheid wil ek graag gebruik maak om my erkentlikheid uit te spreek teenoor:

1. Prof.J.C.Goetzee, M.A., M.Ed., D.Phil., van die Potchefstroomse Universiteitskollege, onder wie se leiding ek hierdie ondersoek kon voortsit en voltooi. Ek betuig my dankbaarheid teenoor hom vir die groot gebruik wat ek van sy boekery gemaak het, en vir sy gewaardeerde belangstelling in en leidende kritiek oor hierdie ondersoek.

2. Die prinsipale van die volgende skole, waar toetse, met hul verlot, toegedien is: Hoër Gimnasium, Potchefstroom; Hoër Volksskool, Potchefstroom; Monument Hoërskool, Krugersdorp; Carolina Publieke Skool; Hoërskool, Standerton; Brits Laerskool met Middelbare Afdeling; Hoërskool, Pietersburg.

3. Mnre.: F.L.Scheepers, M.A.; W.de K.Kruger, M.A., M.Ed.; M.J.Gregory, B.A., O<sub>2</sub>; J.W.Jooste, B.A., O<sub>2</sub>; L.van der Heever, M.A., M.Ed.; Jac.C.Kotze, B.A., M.Ed.; en A.C.Gouws, B.Sc., O<sub>1</sub>., wat behulpsaam was met die afneming van die toetse.

-----

INHOUDSOPGAWE.

	<u>Bladsy.</u>
<u>DEEL I.</u>	
HOOFSTUK I : Algemeen	1 - 33
A: Inleiding: Grammatika-Onderwys.	1 - 25
(i) Onderdeel van Taalonderwys.	1 - 10
(ii) Die Inhoud van Grammatika.	1
(iii) Skole.	1 - 2
(iv) Metodes van Onderwys.	2 - 5
(v) Die Doeleindes van Grammatika-Onderwys.	5 - 6
(vi) Aanvangstadium.	7 - 9
B: Wetenskaplike Onderzoek.	9 - 10
(a) Kleinkinders.	10 - 25
(b) Skoolkinders.	10 - 15
(c) Universiteitstudiante.	15 - 24
24 - 25	
HOOFSTUK II : Die Doel van hierdie Onderzoek, Metode en Stof.	26 - 33
A: <del>Die</del> Doel van Hierdie Onderzoek.	26
B: Metode.	26 - 32
(i) Die Præliminêre Toets.	27 - 30
(a) Doel.	27
(b) Resultate.	27 - 30
(ii) Proefnemers.	30
(iii) Proefpersone.	31 - 32
C: Stof.	32 - 33
(i) Vrae.	32 - 33
-----	
<u>DEEL II.</u>	
<u>EIE ONDERSOEK.</u>	
HOOFSTUK III: Die Selfstandige Naamwoord.	34 - 124
1. Vraag Een.	34 - 56
(i) Konkrete Snwe.	34 - 47
(a) Eëname.	40 - 44
(b) Soortname.	40 - 42
(ii) Abstrakte Snwe.	42 - 44
(iii) Verkeerde Woorde.	44
(iv) Geslagsverskille.	45
2. Vraag Twee.	45 - 47
(i) Korrekte Definisies.	48 - 56
(a) Logies-afgelei.	52 - 54
(b) Nie-logies-afgelei.	52 - 53
(ii) Verkeerde Definisies.	53 - 54
(iii) Geslagsverskille.	54 - 56
HOOFSTUK IV : Die Werkwoord.	57 - 75
1. Vraag Een.	57 - 66
(i) Selfstandige Wwe.	60 - 64
(a) Oorganklike Wwe.	61 - 63
(b) Onoorganklike Wwe.	63 - 64
(c) Wederkerende Wwe.	64
(ii) Verkeerde Woorde.	64 - 65
(iii) Geslagsverskille.	65 - 66
2. Vraag Twee.	67 - 75
(i) Korrekte Definisies.	71 - 72
(a) Logies-afgelei.	72 - 72
(b) Nie-logies-afgelei.	72
(ii) Verkeerde Woorde.	72 - 73
(iii) Geslagsverskille.	73 - 75
HOOFSTUK V : Die Byvoeglike Naamwoord.	76 - 92
1. Vraag Een.	76 - 85
(i) Byv.nwe. van Hoedahigheid.	79 - 80

	<u>Bladsy.</u>
(a) Sekere Kleureienskappe.	80 - 81
(ii) Verkeerde Woorde.	81 - 82
(iii) Geslagsverskille.	82 - 85
2. Vraag Twee.	86 - 92
(i) Korrekte Definisies.	89 - 90
(a) Logies-afgelei.	89 - 90
(b) Nie-logies-afgelei.	90
(ii) Verkeerde Defini.	90 - 91
(iii) Geslagsverskille	91 - 92
HOOFSTUK VI : Die Voornaamwoord.	93 - 108
1.Vraag Een.	93 - 101
(i) Persoonlike Vnwe.	96 - 97
(a) Wederkerige Vnw.	97
(ii) Besitlike Vnwe.	97
(iii) Aanwysende Vnwe.	97 - 98
(iv) Vragende Vnwe.	98
(v) Onpersoonlike Vnwe.	98 - 99
(vi) Verkeerde Woorde.	99 - 100
(vii) Geslagsverskille.	100 - 101
2.Vraag Twee.	102 - 108
(i) Korrekte Definisies.	105 - 106
(a) Logies-afgelei.	105 - 106
(b) Nie-logies-afgelei.	106
(ii) Verkeerde Definisies.	106 - 107
(iii) Geslagsverskille.	107 - 108
HOOFSTUK VII; Die Bywoord.	109 - 124
1.Vraag Een.	109 - 117
(i) Soorte Bywe.	111 - 114
(a) Byw. van Wyse.	111,113 -114
(b) Byw. van Plek.	111,113 -114
(c) Byw. van Hoeveelheid.	111,113 -114
(d) Byw. van Tyd.	111,113 -114
(e) Ander Bywe.	111,113 -114
(ii) Verkeerde Woorde.	114 - 115
(iii) Geslagsverskille.	115 - 117
2.Vraag Twee.	118 - 124
(i) Korrekte Definisies.	121 - 122
(a) Logies-afgelei.	121 - 122
(b) Nie-logies-afgelei.	122
(ii) Verkeerde Definisies.	122 - 123
(iii) Geslagsverskille.	123 - 124
HOOFSTUK VIII: Slot.	125 - 131
Bylae.	132
Geraadpleegde Werke.	133 - 138.

-----  
-----  
-----  
-----  
-----  
-----

- 111 -

Lys van Tabelle.

	<u>Bladsy.</u>
Tabel 1: Verdeling van spe. volgens geslag in standers in Sewe Skole.	31
Tabel 2: Ondersoekte spe. volgens Standerds.	31
Tabel 3: Gemiddelde ouderdom van die S. en die M. in die verskillende standers apart en vir elke Standerd.	32
Tabel 4: Aantal en Persentasie Snye. Standerd.	34
Tabel 5: Aantal en Persentasie van verskillende soorte Snye. gebesig deur alle standers.	37
Tabel 6: Eiename.	40
Tabel 7: Soortname.	42
Tabel 8: Abstrakte Snye.	44
Tabel 9: Verkeerde Woorde.	45
Tabel 10: Aantal en Persentasie Snye. Geslag.	46
Tabel 11: Aantal en Persentasie Defin. Standerd.	49
Tabel 12: Aantal en Persentasie Defin. Geslag.	55
Tabel 13: Aantal en Persentasie Snye. Standerd.	57
Tabel 14: Aantal en Persentasie verskillende soorte Snye.	60
Tabel 15: Oorganklike Snye.	61
Tabel 16: Onoorganklike Snye.	63
Tabel 17: Verkeerde Woorde.	64
Tabel 18: Aantal en Persentasie Snye. Geslag.	65
Tabel 19: Aantal en Persentasie Defin. Standerd.	68
Tabel 20: Aantal en Persentasie Defin. Geslag.	74
Tabel 21: Aantal en Persentasie Byv.nw. Standerd.	76
Tabel 22: Byv.nwe. van Hoedanigheid.	79
Tabel 23: Sekere Kleureienskappe.	80
Tabel 24: Verkeerde Woorde.	81
Tabel 25: Aantal en Persentasie Byv.nwe. Geslag.	83
Tabel 26: Aantal en Persentasie van agt Byv.nwe. van Hoedanigheid volgens geslag.	84
Tabel 27: Aantal en Persentasie Defin. Standerd.	87
Tabel 28: Aantal en Persentasie Defin. Geslag.	91
Tabel 29: Aantal en Persentasie Vnwe. Standerd.	93
Tabel 30: Voornaamwoorde.	99
Tabel 31: Verkeerde Woorde.	100
Tabel 32: Aantal en Persentasie Vnwe. Geslag.	101
Tabel 33: Aantal en Persentasie Defin. Standerd.	103
Tabel 34: Aantal en Persentasie Defin. Geslag.	107
Tabel 35: Aantal en Persentasie Bywe. Standerd.	109
Tabel 36: Aantal en Persentasie Bywe. van: Wyse, Flek, Hoeveelheid, Tyd en Ander Bywe. Standerd.	111
Tabel 37: Bywe. van: 1. Wyse, 2. Flek, 3. Hoeveelheid, 4. Tyd.	113
Tabel 38: Ander Bywe.	114

	<u>Bladsy.</u>
Tabel 39: Verkeerde woorde.	115
Tabel 40: Aantal en Persentasie Bywe. Geslag.	116
Tabel 41: Aantal en Persentasie Defin. Standaard.	119
Tabel 42: Aantal en Persentasie Defin. Geslag.	124
Tabel 43: Persentasie korrekte: Snwe., Wwe., Byv.nwe., Vnw., Bywe.	125
Tabel 44: Persentasie korrekte defin. van: die Snw., die Ww., die Byv.nw., die Vnw., en die Byw.	127
Tabel 45: Persentasie logies-afgeleide Defin. van die: Snw., Ww., Byv.nw., Vnw., Byw.	128

-----

### Verkortings.

Die volgende verkortings word in die verslag wat hierna volg, gebruik:

S.	vir	Seuns.
M.	"	Meisies.
Sw.(e).	"	Selfstandige Naamwoord(e).
Nw(e).	"	Werkwoord(e).
Byv.nw(e).	"	Byvoeglike Naamwoord(e).
Vnw(e).	"	Voornaamwoord(e).
Byw(e).	"	Bywoord(e).
Voegw.	"	Voegwoord.
Uitrw.	"	Uitroopwoord.
Voors.	"	Voorsetsel.
Vb(e).	"	Voorbeeld(e).
E.v.	"	Byvoorbeeld.
D.w.s.	"	Hit wil sê.
.a.w.	"	Met ander woorde.
Bogen.	"	Bogenoemde.
Persent.	"	Persentasie.
Bl.	"	Blad.
Onoorg.	"	Onoorganklik(e).
Oorg.	"	Oorganklik(e).
Gen.	"	Gemiddelds.
Respekt.	"	Respektiewelik.
Tot.	"	Totaal.
Op(e).	"	Proefpersoon(e).
On(s).	"	Proefnemer(s).

---

DEEL I.

HOOFSTUK I : ALGEMEEN.

A. Inleiding: Grammatika-Onderwys.

(1) Onderdeel van Taal-Onderwys.

Taalonderwys is die breër en omvangryke begripvlak waarop ons dra die onderwys van o.a. spelling, resitasies, lese, skrywe, letterkunde, opstelle en grammatika. Grammatika-onderwys is dus een van die veelvuldige aspekte van Taalonderwys, maar ewewel die hoogste stadium in die ontwikkeling van die taal:

"Grammar is the basic science or theory of a language. It consists of the principles and laws which govern the use of the various parts of speech. The study of grammar is, therefore, largely an intellectual pursuit as contrasted with a pursuit for the development of skills." (12:187)<sup>1</sup>.

Taal is uiting van die sielsinhoude van die mens. In daardie uitings is daar 'n sekere orde, 'n reëlmaat. Die orde en reëlmaat kan bestudeer en nagespoor word in die objekti-vering van daardie inhoude (klank en klankkombinasies), soos ons hal kry in die simbole, m.l. letters en kombinasies van letters, waaraan ons bepaalde betekenis heg. Grammatika, as wetenskap, wil dus empiries en induktief daardie orde, wet, reëlmaat in die menslike denke naspeur; dit wil antwoord gee op die veelvuldige "hoe"- en "waarom"-vrae op die taalgebied; dit wil die wette neerlê wat in die mens se gees en denke opgesluit lê, en wat dus die mens se gees en denke beheers.

"Psigologiese en etnologiese ondersoeking skyn meer en meer tot die oortuiging te dwing dat die filoloog en grammatikus hulle met 'n bepaalde aspek van die menslike taal besighou, t.w. die hoogste stadium van taalontwikkeling. Daarom weier die grammatika ook ten enemale om te luister na die wette van logika, want die taal wat psigologies van aard is, kan nie logies geïnterpreteer word nie!" (41:22).

Hierdie gedagte dat grammatika-onderwys die hoogste stadium in taalontwikkeling is, moet ons goed vashou. Dit is 'n wetenskap. Gevolglik stel dit hoë eise aan die student: ervaring, grondige kennis van die taal, rypheid in beskouing, intellektuele gevorderdheid.

(ii) Die Inhoud van Grammatika.

Grammatika se inhoud in die taalfakte: "Grammar deals with the general fact of language." (20:32).

---

1. Eerste getal in hakies verwys na geraadpleegde werk agterin, en die tweede na die bladsy daarin.

"The subject matter of grammar," bepeel Hallard, "is language, and to a young child language is a tool to be used, rather than an object to be examined." (3:32). Eers wanneer die kind sy taal volkome magtig is, dan kan die taal en taalfeite objektief bestudeer word.

Die mens gebruik woorde (klankkombinasies) om sy gedagtes mee uit te druk. Die eenheid van die gedagte lê in die sin. In die sin het elke woord sy spesifieke funksie. Dit is ook die funksie van elke woord wat die grammatika-ondersoeker wil navors. Watter woorde bedoel ons hier?

"The question, how many and what grammatical categories a language distinguishes, must be settled for the whole of that language, or at any rate for whole classes of words, by considering what grammatical functions find expression in form, even if they do not find such expression in all and every case where it might be expected." (20:51). Hierdie grammatikale funksies wat uitdrukking verkry in vorm, gee Jespersen self aan as hy sê: "It is customary to begin the teaching of grammar by dividing words into certain classes, generally called parts of speech." (20:58).

Hierdie rededele-indeling is 'n erfstuk van die Griekse en Latynse indelinge van woorde. Die woorde in enige taal word in die volgende verdeel: 1. Selfstandige naamwoord, 2. Lidwoord, 3. byvoeglike naamwoord, 4. Telwoord, 5. Voornamwoord, 6. Werkwoord, 7. Bywoord, 8. Voorsetsel, 9. Voegwoord, en die Tussenwerpsel. Aand name vir bogenis: 1. substantief, 2. artikel, 3. adjektief, 4. numerasie, 5. pronomer, 6. verbum, 7. adverbium, 8. preposisie, 9. konjunksie, en die interjeksie.

Andersyds het grammatika dus as inhoud die Vormleer; andersyds sluit dit ook in die Sinsleer (sinsverme en Betkenisleer. Hierdie verhandeling bepeel hom nie by die Betkenisleer nie, maar by die Vormleer.

#### (111) Skole.

Van oudsher is grammatika al onderwys geord. Om ons grammatika-boeke en -onderwys te verstaan, moet ons net effens die sluier oor die verlede ophig, om so te kan vasstel die stand van ons grammatika-onderwys en die grondslag van ons teksboeke.

Monroe bespreek o.a. die Griekse sekondêre skole, veral (1) die filosofiese skole, waarvan die vernameste was "the Academician, the Peripetetic, the Stoic, and the Cynic." (31:27). Van die grootste belang was egter die voorbereidende skole aan bogenomde verbind. "They gave

grammatical training essential to entrance upon the logical or philosophical discussions." (31:22).

Abstrakte en formele studies voorgestaan deur hierdie skole het gevolglik die kern van die skole gevorm, die basis waarop die onderwys gebou is:

"Grammar, the form and arrangement of language; rhetoric, the form and arrangement of written or oral speech; ----- were the contributions of the Sophists, the rhetorician ----- of this period. These formal or abstract studies, modifying or determining habits of thought rather than habits of action, now became the basis of education. Grammar and rhetoric, relating more directly to everyday life as participated in by the orator, became the practical aspect of secondary education." (31:19).

Hierteenoor staan (2) die Retoriese skole, baie meer prakties van aard: "While they gave instruction in grammar and literature, their characteristic work was the actual training in declamation and in oratory." (31:22,23). Verder was daar die gewone grammatika-skool wat ook onderwys in rekenen en in meetkunde gegee het, maar "a practical training in the use of language as a means of influencing one's fellows ----- was the chief aim." (31:23).

Nou volg die bespreking van (3) die Romeinse sekondêre skool. As gevolg van die baie oorloë wat in Rome gewikkeld was, kon nie veel aandag aan grammatika-onderwys bestee word nie, "and (they) had not much time to bestow on the cultivation of the liberal arts." (31:24-25). Die benaming van grammatikus is ontleen aan die Grieke, maar die Romeine het sulke persone aan die begin liberale genoem.

Die grammatika-skool word toe die heersende tipe van skool. Daarvan kry ons twee soorte:

- (i) Waar Grieks onderwys is,
- (ii) Waar Latyn onderwys is.

Dit is eers na die publikasie van Cicero se "De Oratore" (55 v.C.) dat die eenvoudige grammatika van vroeër ower vervang geword is, dat dit nou ook insluit 'n baie wyer literêre opleiding. In die kursus van studie was opgesluit: argitektuur, medisyne, filosofie, grammatika, retorica, dialectica, rekenen, geometrie, musiek, astronomie. "Kynbaar is die kursus van studie wyd en omvangryk, tog was die werk van die sekondêre skole beperk "to a very narrow though thorough training in grammar and rhetoric." (31:26).

Gedurende die middeleeue is nie veel tot stand gebring op die onderwys gebied nie. Die invloed van die grammatika-skole het nog steeds deurgewerk; die retoriese

skole het uitgesterwe, sodat net die grammatika-skole die veld behou het. Vanaf die Romeinse tydperk tot die middel-eeue het die sekondêre skole van staatskontrole na kerklike kontrole oorgeslaan: "So the grammar school, now the bishop's or the episcopal school, became general throughout western Christendom." (31:30). Hierdie oorgang dateer tussen die 6e en 7e eeu.

Naas die nuwe vrye kunste, het Alcuin verder doseer: wet, musiek, teologie, maar met weinig goeie resultate, weens swak metodes en gehoute feite. Monroe gee uitspraak daarvoor as volg: "But this was beyond the range of most schools and of most scholars." Om sy skool van die sangskool te onderskei het Alcuin dit die grammatika-skool genoem, waar, volgens die mode, grammatikale tekste benadruk is "with the numerous commentaries." (31:33).

Die studievakke van die grammatika-skole het eenvoudig ingesluit die inhoud van grammatika self, hoewel onder laasgenoemde ook ingesluit geword is alle vertakkings van die letterkunde.

Die oorheersing van die Latynse Grammatika-skool kenmerk die Renaissance-tydperk: "In the growing state systems it became the central core." (31:36). So goed was die administrasie van hierdie skool dat dit die draer van opvoedkundige tradisies tot die moderne eeue geword het.

Kenmerkend van die Renaissance-skole is die feit dat hul die deure vir die armer klasse oopgesit het. Treffend is ook die feit dat nou klem gelê is op moedertaalonderwys. 'n Verdere of derde kenmerk is: intensiteit aangaande die kurrikulum. Hoofsaak was natuurlik die studie van die Latynse grammatika, maar daarnaas ook 'n intense studie van die Griekse grammatika.

In Engeland kry ons in die middel van die 16de eeu die Engelse akademies, waar die moderne tale die klassiese tale vervang het. (31:46). Die realistiese stroming op die onderwys gebied sluit ook nou in die "Realschulen" en "Fürstenschulen" van Duitsland, waar ook getrag is om die skool aan te pas by die laer klasse.

Die Latynse skool vind nou selfs sy weg na Amerika. Dit bly ongetwyfeld 'n feit dat alle latere ontwikkelings van die hoërskole of sekondêre skole voortvloei uit of gebou is op die grondslag van die ou grammatika en Latynse skole. Daarom is dit so moeilik om weg te breek van die tradisies van die verlede, wat feitlik die program van studies in ons moderne skole bepaal het. Dit is daarom ook dat ons moderne grammatika-onderwys so lank geneem het om weg te breek (as dit he

van die ou metodes van memorisering.

Ons grammatika-onderwys is geskoel op die lees van tradisie; ons grammatika-boeke wil ons Afrikaanse taal, wat 'n analities-flekterende taal is, behandel volgens die metode vir die nie-flekterende taal, soos Latyn. Latyn het memorisering vereis: verskillende konjugasies, verskillende uitgange vir verskillende wyse, persoon en getal. Om dus die toestande van vandag goed te begryp, is dit nodig dat ons perspektief ontwikkel deur na die verlede te blik om te weet en te sien uit watter bodem toestande van vandag gespruit het.

(iv) Metodes van Onderwys.

Toe die Latynse skole in swang was, het die onderwys van Latyn 'n volmaakte bereik. Alle grammatikale vorme is toe onderwys volgens die deduktiewe metode. Die reëls, taalwette, definisies, paradigmas --- almal moes deur die geheue geken word.

Nadat die Latynse skool sy weg na Amerika gevind het, was die teksboekmetode in swang. Die doel van die metode was om die leerling te bekwaam om Latyn goed te skrywe, te lees en selfs te kan praat.

Die nuwere metodes van grammatika-onderwys is van 'n jong datum. Vroeër is sowel Engels, Hollands as Duits, ja, al die tale wat ontstaan het as gevolg van die aparte nasionaliteite, wakkergeroep deur die Renaissance, volgens die geheue- of memoriserings- en deduktiewe metode onderwys. Die futielheid van die deduktiewe metode is egter dikwels aan die kaak gestel.

Vandag word algemeen die beskouing gehuldig dat grammatika volgens die induktiewe metode onderwys moet word, op so 'n wyse dat die vinding van definisies, formulering van dinkwette, soos weerspieël word in die taal, 'n spel vir die kinders in die skool word: "Grammar should be studied inductively rather than deductively ----- A number of examples or illustrations should be given to precede a rule, and then the rule should be learned as a summarization of these examples." (12: 193).

Die vinding van sulke reëls moet aan die leerlinge self oorgelaat word. Reëls en definisies, soos leerlinge hulle vind in die teksboeke, kan nie die krag van die ervaring dre nie:

"Grammar knowledge is best acquired upon a foundation of language habits; consequently the oral practice paves the way for the intellectual or informational aspects of theoretical grammar study." (12:195). Aan die begin van

grammatika-onderwys is mondelingse werk dus hoofsaak. Eers moet die onderwyser sorg dat deur oefening die regte taalgewoontes aangeleer word, sodat daarna slegs die intellektuele proses kan plaasvind.

Grammatika moet bestudeer word as 'n universele wetenskap. Dit is die uitgangspunt van ons metode. Eie aan 'n bepaalde taal is dit nie, want ten grondslag van alle tale, dus van alle grammatika-bestudering, lê die reël wat die denke van alle mense beheers.

"Grammar", se Charters, "consists of a series of rules and definitions. This makes it a good subject for the inductive method --- a method not always used in teaching grammar." (11:115). "This method is called inductive, because by it a definition or rule is discovered by studying some particular cases to which the rule applies." (11:116). "The inductive method is used only where rules, definitions, or principles are to be studied, and where the teacher prefers to have the pupils discover these for themselves, rather than to tell them outright." (11:118).

Hier verklaar Charters dus grondig waarom die induktiewe metode in die geval van grammatika-onderwys so goed te pas kom. Dit sal ten eerste die belangstelling van die leerlinge prikkel, hul dwing tot self-aktiwiteit, en tot gesonde, logiese afleidinge in die wetenskap. In die verlede is veels te veel elke reël of definisie reguit gegee. So maklik as wat die leerlinge dit gehoor het, net so maklik het hulle dit weer vergeet. Die leerlinge moet 'n waarheid uit 'n waarheid aflei. Dit is nie verkeerd om te sê dat die leerlinge alles in die verlede op gesag aangeneem het nie.

Gladman wil dat ons in ons metode van grammatika-onderwys die dinamiese beskouing moet huldig. In die verlede het die grammatika-reëls en -wette die taal wou beheers, leiding gee, sonder om die onderliggende wette van die denke na te speur en te orden.

"Now," sê Gladman, "the grammar of a language can only be made from a study of the language itself, the Grammar alters as the language alters ----- In fact, the language rules the Grammar, although grammatical rules tend to perpetuate the specialities to which they refer." (16:121).

Verder sê hy: "Every law of language is based on a law of thought. All parsing and grammatical analysis is founded on logical analysis. To teach the science of words is, therefore, to give system and order to our thoughts." (16:127). Die ordening van gedagtes is dus die eindpunt van hierdie metode.

(v) Die Doeleindes van Grammatika-Onderwys.

West beweer die volgende: "The error which has in the past been made with grammar is that it has been treated as a form of diet, when actually it is a medicine ----- and the teaching of grammar should be an occasional prescription designed to rectify an abnormal state which the hygienist has failed to prevent, ----- it should be ----- specifically directed to remedy a certain defect and its application should be occasional, intermittent." (54:136).

West wil dus hê dat daar 'n definitiewe doel met grammatika-onderwys beoog moet word. Die doel wat hy hom voor oë stel, is: korreksie van spesifieke foute. Dit wil sê die vrugbaarheid van die metode lê in die resultaat, en die resultaat is die doel van die metode.

Welton daarenteë beoog 'n grammatika wat 'n insig verskaaf in die struktuur van die taal: "Nevertheless, there is not only use, but need, for a grammar which aims at making explicit the structure of the speech, in which our thoughts must be expressed. Such a grammar is subordinate and instrumental." (55:182). Verder sê hy: "The function of school grammar is, then, to help the pupils to get a clear and distinct apprehension of thought when it is obscurely expressed." (55:183).

Wil grammatika-onderwys vrugdraend wees, dan moet dit 'n persoon help om gedagtes presies en korrek uit te druk: "To state that the fundamental purpose of language is the expression of human thought and that the natural function of grammar is to aid the more perfect expression of the thought is axiomatic. ----- Grammar cannot be considered as an end in itself, but merely as a tool." (59:204).

"Terwyl (1) opvatting van die gedagtes van ander sprekers of skrywers, en (2) uitdrukking van eie gedagtes die doel van taalonderrig in die algemeen is, is (3) korrekte vorm waarin gedagtes uitgedruk word, die doel van grammatika-onderwys." (92:21).

Ons vra onself verder af of grammatika ons nie ook 'n insig moet gee in die wyse waarop skrywers die taal hanteer nie. Pccock antwoord hierop bevestigend: "The fact is that grammar, after an interval of unpopularity is coming into its own again ----- it was shunned as the "wall-flower" of English studies ----- It has now returned -- but with a difference. For as the boys and girls grew up it became increasingly apparent that good writing and speaking could not get on without it ----- For without some knowledge of language as a science, some understanding of its

structure, the pupil can never build for himself, never pass beyond the slipshod stage and achieve a style. How do the best speakers and writers use the language? That is what the student wants to know; and that is exactly what Grammar has to tell him." (82:181).

Wanneer ons in die taal die grammatiese vorms korrigeer, dan onderwys ons slegs die regte vorm, terwyl ons in grammatika verduidelik waarom dit korrek is. Grammatika word dus bestudeer as 'n aanhangsel by taal. (11:96).

Die funksie of doel van grammatika word deur verskillende persone verskillend geformuleer: die een groep persone sê dat die funksie van grammatika is om 'n mens in staat te stel om reg te spreek; die ander groep beweer dat dit die struktuur van die taal moet verduidelik. Hierdie twee groepe is in 'n gedurige stryd met mekaar.

'n Derde groep persone sê weer "that a university graduate or a high school graduate may be justified in studying grammar merely as the science of speech, because every man has a right to study everything he likes." (11:97). Hulle sê dat die doel van grammatika-onderwys in die leer skool moet wees: "The improvement of incorrect speech." (11:97). Charters sê self: "For I see little use for the study of Grammar in the grades except as an aid in correcting speech." (11:97).

'n Vierde groep se beskouing is die volgende: "The function of grammar is to explain the relation of words in a sentence. With the order of letters in words, grammar is not concerned; it investigates the relation of words in sentences. These relations are given such names as subject and predicate, noun, verb, phrase, etc." (11:97). Grammatika toon dus nie alleer vir die skrywer watter vorms van woorde hy moet uitsoek nie, maar ook vir die lyssreker.

Charters gaan so ver om agtereenvolgens die volgende doelpunte of resultate van grammatika-onderwys te stipuleer:

1. Akkuraatheid.
2. Snelheid, d.w.s. om woorde gou te ontleed.
3. Die student moet sensitiwiteit ontwikkel vir verkeerde vorme.
4. Wat onmiddellik volg op laasgenoemde is die volharding in korreksie. (11:100).

'n Ander belangrike uitlating van Charters, wat ons nie lig oor die hoof moet sien nie, is die oor funksionele grammatika: "We have stated the specific function of grammar as that of assisting in the communication of valuable ideas by attending to the relation of words in the sentence." (11:102)

Word grammatika 'n hulpmiddel wat funksioneer in die spreek- sowel as skryftaal, dan alleen kan ons sukses behaal. Funksionele grammatika gaan uit van die standpunt dat elke element in die taal sy onontbeerlike funksie het, dit wil sê om 'n gedagte oor te dra of deur die spreektaal of deur die skryftaal, is nodig die regte kombinasie van taalelemente.

'n Verdere uitspraak oor bogenoemde gee Kotzé:  
"Elke taalwet is gegrond op 'n dinkwet: grammatikale onderwys is per slot van sake niks meer as 'n strewende om orde en stelselmatigheid in die gedagtes te bring nie, wat weer 'n stelselmatigheid in taalgebruik in die grammatika meebring." (24:21).

Niemand sal vir 'n oomblik beweer dat die idees, wat die kind uit in sekere woorde, bewerkstellig word deur grammatika. Die logiese rangskikking van idees kan ook nie deur grammatika geskied nie; maar "what is claimed is that grammar will enable him (the child) to express his ideas correctly -- to express them in accordance with established custom. Its function is, in fact, neither to vivify nor to fructify, but to regulate." (3:12).

(vi) Aanvangstadium.

Ons het gesien dat grammatika 'n wetenskap is, wat intellektuele gevorderdheid vereis. Die vraag wat nou noodwendig ontstaan is: op watter ouderdom moet ons begin met grammatika-onderwys?

Oor bogenoemde kwessie kry ons verskillende uitsprake:

"In fact," se Ballard, "there are good grounds for holding the view that in future formal grammar is a subject to be taught, not in the elementary school, but in the continuation school." (3:40). Ballard het dus besware teen die onderwys van grammatika in die vroeë stadium, voor 14 jaar: "It is true, when pressed, ~~XXX~~ Dr. Ballard stated that his objections "applied only to premature grammar, not to grammar taught after the age of 14, when the pupil's interest in abstract thought had begun to manifest itself and his logical powers were fairly mature." (44:279).

Twee standpunte word in die rapport "The Teaching of English in England" gegee. Daarin kry ons die volgende: "Mr. Barton, speaking for the secondary schools, wished the <sup>k</sup>word to be done by the elementary schoolmaster. Dr. Ballard, would leave the task to the secondary school." (44:279). M.:.w. die taak is van so'n geaardheid dat geen een van die partye die werk geniet nie.

Ons kry dus nie ooreenstemmende opinies oor die vraag wanneer grammatika moet onderwys word nie. Dr. Ballard

bepaal 14 jaar as die langste ouderdom. Ander weer sê dat formele grammatika nie voor die 11de of 12de jaar onderwys moet word nie; 'n derde groep: "Formal grammar should be postponed until the age of 10 or 11 -----; children of 8 or 9 can learn the elements of grammar." (44:280).

Die feit dat daar soveel uiteenlopende opinies oor die aanvangstadium van grammatika-onderwys bestaan, toon dat hierdie ouderdomsvraagstuk nog nie genoeg geanaliseer is nie; die verwarde uitsprake gee blyke van verwarde gedagtes.

Herhaaldelik word deur baie skrywers beklemtoon, op grond van hul ervarings en ondersoekings, dat rypheid vir grammatika-studie nodig is:

"Grammar is so difficult to understand that the children need maturity to comprehend it." (11:103). Verder: "Again, it should be remembered that grammatical analysis is a severely intellectual act ----." (5:183). "Grammar is hardly ever so popular a subject as History or Geography. It requires more thought of a higher kind." (16:118).

#### B. Wetenskaplike Onderzoek.

Hier wil ons net kortliks nagaan wat alreeds op die gebied van die grammatika-navorsing gedoen is. Vanaf die toetsbeweging sy verskyning op die onderwysgebied gemask het, kom duidelik aan die lig die prestasies van die onderwys in die verskillende skoolvakke. Veral wat grammatika-onderwys betref, is dit gebiedend noodsaaklik dat resultate gevind moet word. Op geen ander gebied van die onderwys kry ons soveel links en regs gepraat, futiele kritiek, as op die gebied van die grammatika nie. Gewoonlik ontbreek die resultate om die kritiek te staaf.

##### (a) Klein kinders.

1. Prof.Dr.J.C.Coetsee het 'n moeitevolle, dog interessante studie gelewer oor: "Die Taalontwikkeling van die Kleinkind." Vir hierdie doel is die woordeskat van twee kinders ---- 'n seun, A, en 'n dogter, B, sy suster, wie se intelligensie hoër as haar broer s'n getoets het ---- afsonderlik tot hul dertigste maand aangeteken volgens 'n metodiese noteringswyse: Letters van die alfabet op elke bladsy en daarop ruimtes vir rededele. A is vir 13 maande waargeneem. Die woordeskat van elk na 24 maande is as volg: A het toe 451 woorde geken, B 467.

In rededele verdeel vind ons B se 467 woorde as volg: Selfst.nwe., insluitende 12 eiename, 249; werkwoorde 114; byvoeglike naamwoorde 45; bywoorde 29; voornaamwoorde 6; voorsetsels 10; voegwoord 1; lidwoorde 2; uitroepwoorde 11." (63:223)

Op die ouderdom van 2 jaar oorweeg die Snw. dus in die woordeskat van die kleinkind. Met reg word hierdie periode die naarfase genoem. Verder is dit opmerklik dat daar so weinig voorneswoorde is. Verbuiging van die Snw. kom nie voor nie, soos die skrywer self aanstip, so ook in die geval van die Byv. nw.; die werkw. bly onverbuig en onvervoeg. (63:227).

Dit ly geen twyfel nie, dat die hele woordeskat van die kind tot sy tweede jaar nie volgens hierdie metode kan gekry word nie. Wat wel gekry kan word, is 'n benaderde woordeskat. Alleen woorde in spontane gesels is aangeteek. Maar daar bly nog oor woorde wat die kind wel gehoor het, weet wanneer om hul te gebruik, maar gladnie geprikkel word om hul in die situasie te gebruik, waarin hy hom bevind nie.

'n Ander moeilikheid is natuurlik die volgende: soms kan in die spontane geselskap van die kind die situasie, die omgewing, so prikkelend werk, dat die kleine 'n hele paar nuwe woorde snel agtermekaar opnoem of gebruik sodat dit vir die proefnemer baie keer moeilik val om al die woorde te onthou en onder die regte rededeel-groep te skrywe. Die gevaar is dan dat die kind nie weer dieselfde woord(e) sal herhaal in die daar opvolgende situasies nie. Sulke woord(e) is dan verlore in die berekening van die woordeskat.

Ten derde is sommige uitinge van die kind, veral aan die begin van die spraakperiode so onduidelik, dat 'n klassifikasie van rededele haas onmoontlik is.

Prof.Coetzee se studie is die eerste van sy soort in Suid-Afrika. Daarom is dit baanbrekende werk en assulks baie belangrik. Die ondersoeking werp lig op die woordgebruike van die tweejarige kind; dit toon dat die selfstandighede rondom die kind van soveel betekenis is, dat dit baie goed in sy taalontwikkeling gereflekteer word, en dat die kind se kennis via selfstandighede ontwikkel en uitbrei.

2. Die Taalbemagtiging en -beheer van die kind wil Margaret Morse Nice benader deur ondersoek in te stel na die sinskonstruksie van die kleinkind. Sy sê: "A child's skill in sentence structure affords a simple criterion of his advancement in the mastery of speech." (80:370).

Die taalontwikkelingstedia wat sy so kry, verdeel sy in vier:

(a) Die Enkel Woordstadium by kinders van vier tot nege maande.

(b) Die vroeë sinsperiode waar die verbinding van twee woorde, vroeër apart gebruik, 'n vooruitgang bewys (80:370), vanaf die dertiende tot die sewe-en-twintigste maand, die gemiddelde 17.5 maande. Natuurlik sal hierdie sinne

sinne meereendeels onvoltooid woes. Insake die reëdele wat in hulle optree, vind sy die volgende: "They consist mainly of nouns, verbs, adverbs and adjectives, while pronouns, prepositions and conjunctions appear seldom or ever." ---- "with 19 children the vocabularies ranged all the way from 14 words to 130," en die meeste van hulle is selfst. naamwoorde; 65% of meer is ~~sinne~~. wat optree in hierdie vroeë sinsperiode, met 'n hoë proporsie van uitroepwoorde en bywoorde. (80:371).

Die bevindinge van M.M.Nice en Prof.J.C.Coetzeym dus goed met mekaar wat die oorweging van die selfst. nwe., hoë persentasie uitroepwoorde en bywoorde, betref, soos weerspieël in die sinskonstruksie en die woordeskat van die kleinkind.

(c) Die Kort Sinstadium: Die gemiddelde aantal woorde in hierdie sinstadium gebruik lê tussen 5.5 en 4.5; dit duur voort tot die vyfde jaar (80:371). Die oorsaak van die kortheid van die sinne lê in die enkelvoudige gedagtelewe van die kind; die skaarsheid van samegestelde sinne bewys dit afdoende (80:373). "The short sentence," vervolg sy, "exhibits an excess of nouns, and a lack of articles, auxiliary and copulative verbs, prepositions and conjunctions ----- As to the child's vocabulary at this stage it probably contains from 400 to 800 or 1000 words, 50 to 60% of which are nouns and 20 to 40% verbs." (80:374).

(d) Die driejarige kind se gemiddelde aantal woorde in die Voltooid Sinstadium lê tussen 6 - 8 woorde ----- "Even in the case of an adult's conversation (partly with children and partly with other adults) the average of 144 sentences was 8 words." (80:375).

M.M.Nice verdeel gemaklikheidshalwe die taalontwikkeling van die kleine in stadia. Definitiewe oorgangsmomente is onmoontlik te bepaal. Dit kan alleen by benadering gesê word.

Belangrik is die oorweging van die Snw. gedurende die maande 13 - 27, 65% van die gebruikte reëdele. Opnuut word deur M.M.Nice se resultate die enkelvoudige gedagtelewe van die kleinkind bevestig. Die afwesigheid van samegestelde sinne bewys die afwesigheid van aaneenskakeling van gedagtes. Die enkelv.sin reflekteer dus die denklewe van die kleinkind.

Dat die sinskonstruksie van die kind vinnig ontwikkel na die ses-en-dertigste maand spreek uit die feit, dat hierdie kind se sinskonstruksie alreeds die volwasse stadium bereik het, n.l. 'n gemiddelde van 8 woorde per sin, m.a.w. die sinskonstruksie van die driejarige is voltooid.

In~~s~~ hierdie ondersoek is weer net sprake van 'n benadering van die eintlike sinskonstruksies en aantal woorde daarin gebruik. Die afneming van sinne word 'n hoogs moeilike taak as die gedagtes van die kleinkind baie divers en verspreid is. Ook sal in hierdie metode van M.M.Nice onnoukeurigheid ontdek word. Die waarde van haar bevindinge kan egter nie weerspreek word nie. Hul gee ons 'n belangrike insig in die manier van uitdrukking van gedagtes in die klein gedurende sy ontwikkelingsperiodes.

3. Oor die ontwikkeling van die sinstruktuur in die kinderjare vind ons die studie van Boyd, n.l. "The Development of Sentence Structure in Childhood." (60). Sy metode was "to note down sequences of ordinary unselected utterances on a variety of occasions." ----- wanneer hul <sup>(die kinders)</sup> eet, sleep, reis, rus, ens. (60:181).

Elke jaar het hy 1250 onuitgesoekte sinne van sy dogtertjie versamel gedurende 28 dae, 14 dae voor en 14 dae na haar verjaardag. "The first collection which was exceptional in that it included sentences gathered over four months was completed by the end of the second year. The seventh and last was made just before and after the ninth birthday." (60:181).

Na gelang die kind ouer word, neem die sinskonstruksie twee hoofvorme aan: "On the one hand, there is a process of aggregation, a linking up of sentence with sentence by means of "and", "but" -----" Die resultaat is natuurlik 'n vermeerdering van samegestelde sinne. (60:183). "On the other hand, there is a process of complication which manifests itself in an increasing use of subordinate clauses (noun, relative and adverbial) and of subordinate clause relating to other subordinate clauses." (60:184).

Aangaande die bysinne vind Boyd die volgende: "The increasing importance of the noun clauses as the child's speech changes with the years comes rather as a surprise----- . It is the noun clause, not the adverbial, which develops greater importance in speech." (60:185).

In Tabel 5 (bl.186) word die woordeskat gevind, waar o.a. die volgende persentasies ~~gavind~~ gegee word:

<u>Ouderdom</u>	<u>Nwe.</u>	<u>Vnwe.</u>	<u>Byv.nwe.</u>	<u>Wwe.</u>	<u>Bywe.</u>
II	49.2	2.7	13.6	22.3	7.0
III	43.5	3.1	16.5	22.2	9.1
IV	42.2	3.6	16.8	22.2	8.8
V	44.8	3.3	16.8	20.0	9.1
VI	43.8	3.2	17.0	21.7	8.2
VII	42.3	3.0	18.7	22.0	8.6
VIII	45.6	2.8	17.1	20.9	8.1

"The most significant fact here is the general steadiness of the proportions of different elements of the vocabulary from the age of three onwards." (60:186½).

Uit <sup>voor</sup> ~~ga~~gaande resutatate vloei ook nog voort die volgende: Word Snwe. en Vnwe. saam geneem, dan is hul frekwensie in die kind en in die grootmens amper dieselfde, en vir alle ouderdomme van die kind na twee, "but the adult tends to use more nouns and fewer pronouns -----". The lack of prepositions and conjunctions is of a special consequence for sentence structure." (60:187).

Nadat Boyd nog ander minder belangrike kenmerke van die taal van die tweejarige opgenoem het, merk hy nog die volgende aan: "It is worth pointing out in conclusion how near the speech of the eight-year-old comes to the adult form. It has relatively a greater number of principle clauses, and (perhaps in consequence) a larger proportion of verbs, but the idioms with a few unimportant exceptions are the idioms of the adult -----". Some adverbs are in the wrong place in the sentence, either because the child has not yet acquired sufficient control of word order, or because the interest of the moment has created an unorthodox order of its own." (60:190).

Dat die taalontwikkeling van die kind na die derde jaar ingewikkeld raak, word afdoende bewys deur Boyd se studie. M.M.Nice en Prof.J.C.Coetzee se studies oortuig ons van die enkelvoudige gedagtelewe van die kind van twee jaar, soos weerspieël in die enkelvoudige sinskonstruksies. Boyd se studie, soos ook die van M.M.Nice, toon dat die gedagtelewe van die kind van drie jaar en daarna gekompliseerd word, want samegestelde sinne verbind met "en" en "maar" tree veelvuldig op.

Maar nie alleen is die sinskonstruksies samegesteld nie. Daarnaas word ondergeskikte sinne, waaronder die selfstandige bysin prominensie verkry bo die ander bysinne, al meer en meer gebruik. Wat die gebruik van rededele in elke periode betref, oorweeg die Snw.; netso oorweeg die gebruik van die selfstandige bysin teenoor die van ander bysinne. Die selfstandige bysin in dus van groter belang in die taaluiting gedurende die kinderjare.

Van die einde van die derde tot die negende jaar, in die kinderjare, is die persentasies van rededelegebruik (w.o. die Snw., die Vnw., die Ww., die Byv.nw. en die Byw.) gladnie merkwaardig verskillend nie. Wat die persentasies wel aandui, is dat daar 'n groot mate van ooreenkoms in die aantal gebruikte rededele gedurende elke periode is, d.w.s.

teen die derde lewensjaar is die taalontwikkeling van die kind horisontaal voltooid.

In frekwensie, wat hul gebruik betref, tree die rededele as volg op in die kinderjare: die Snw., die Ww., die Byv.nw., die Byw. en die Vnw. Dieselfde volgorde word insake bogenoemde vyf rededele in die kleinkinderjare gevind. Daar is dus 'n kontinuiteit in die taalontwikkeling vanaf die kleinkinderjare tot die volwasse periode.

(b) Skoolkinders.

4. In sy "A Study of the English Composition of a Group of Afrikaans speaking Pupils in High Schools" het Stander die opstelfoute van Hoërskool-leerlinge ondersoek. Foute begaan met o.a. die Snw., die Ww., die Byv.nw., die Byw. en die Vnw. word vir Standaard 7, 8, 9 en 10 agtereenvolgens so gegee:

Die Selfstandige Naamwoord: 51,47,33,31 = Tot. 162=1.35% en staan 13de op die lys.

Die Werkwoord: 581,484,319,162 = Tot. 1549 = 12.98% van die hele aantal foute begaan, en staan 3de op die lys van rededele.

Die Byvoeglike Naamwoord: 22,22,27,12 = 83 Tot. = .69% van die hele aantal foute. Dit staan 16de op die lys.

Die Bywoord: 31,32,27,20 = Tot.110 = 0.93% en staan 15de op die lys.

Die Voornaamwoord: 111,78,84,68 = Tot.341 = 3.07% van die hele aantal foute en staan 8ste op die lys. (43:58).

Die totale aantal foute begaan in die opstelle was 11895. Tabel 8, bl. 61, gee ons die persentasie foute van genoemde rededele volgens standers.

Stds.	7	8	9	10	Totaal.
Werkwoord	16.44	14.16	10.82	8.24	12.98
Bywoord	.87	.84	.92	1.02	.93
Byv.nw.	.62	.66	.92	.61	.69
Voornw.	3.12	2.25	2.85	3.46	3.07
Selfst.nw.	1.44	1.38	1.12	1.57	1.35

'n Definitiewe eliminerings van foute kan opgemerk word by die Werkwoord, 16.44% in Std.7 en 8.24% in Std.10; by die Byv.nw., .62% in Std.7 en .61% in Std.10. In laasgenoemde kategorie begaan die leerlinge in Std.9 die meeste foute. Die Std.8-leerlinge begaan die minste foute in sowel die Byw. as die Voornw., terwyl die Matrikulasie - leerlinge daarin selfs meer foute as die Std.7 - leerlinge begaan. In die gebruik van die Snw. is daar 'n afneming van foute vanaf Std.7 tot Std.9, waar die persentasie die kleinste is, maar dit styg skielik baie hoog in Std.10, 1.57% in vergelyking met 1.44% in Std.7. Te oordele na bogen. getalle besit

die Matrikulasi-leerlinge, behalwe wat die Byv.nw. betref, 'n baie swak kennis van die gebruik van die Ww., die Byw., die Vnw. en die Snw. Die resultate van Stander bewys dus definitief dat die grammatika-onderwys, beoog vanuit 'n funksionele standpunt, baie ellendig is in die geval van die genoemde rededele.

Geneem die totale aantal foute in die opstelle begaan, dan maak die werkwoorde van die gegewe rededele die grootste persentasie uit, dan volg die Vnw., die Snw., die Byw. en die Byv.nw. Duidelik word dus die swakpunt in die grammatika-onderwys belig.

Dit is geen wonder dat Stander homself die volgende vraag stel met 'n negatiewe antwoord: "Are the results achieved in mechanical correctness commensurate with the attention thus given to grammar? The present study does not possess the data necessary to arrive at an answer to this question, yet such data as it does possess would seem to indicate that grammar is probably not taught to a sufficient extent." (43:104).

Dit moet nie uit die oog verloor word nie, dat ons hier te doen het met die Engelse Opstelle van Afrikaanssprekende kinders. Daarom is die persentasie foute te verwagting groot. Tog wil en kan dit vir geen enkel oomblik die metode van ons taalonderwys van die tweede taal vrysprek daarin dat die eindresultaat: doeltreffende hantering van taalelemente in die objektivering van gedagtes, nie of swak bereik word nie.

5. Oor die gebruik van rededele het Dr.Steyn in sy doktrale dissertasie: "Die Skriftelike Tealuiting van Skoolkinders," 1932, ook belangrike resultate gelewer, o.a.:

1. Op elke leeftyd 8 j., 11 j., en 14 j. gebruik die kind meer Snwe. as ander rededele. (42:59).
- 2."Statisties is vasgestel dat gemiddeld 42.2% van die adjektiewe bestaan uit die volgende ses woorde: baie (13), groot(10), mooi (9.5), lekker (5.9), bly (2.5) en goed (1.2), en dat met die vordering in jare die frekwensie van hierdie adjektiewe afneem." (42:63).
3. Die gebruik van die Voornw. bied geleentheid vir ondersoeking na die subjektiwiteit van die kind: "Die direkte verwysing na homself lewer 'n gemiddelde persentasie van 16.8." (42:66). In die ondersoekte opstelle bereken Dr.Steyn die subjektiewe egter op 53.7%.

Omdat taalontwikkeling van die skoolkind net 'n voorsetting is van sy kindertaal, is die opstelle wat woordstudie betref bestudeer onder die kategorieë van substansie

hoedanigheid, aksie en relasie. (42:74).

4. Die getalle aangegee in Tabel IV van Dr.Steyn se disserterasie toon die neiging dat kinders tussen 8 en 15 jaar soek na die waarom van dinge, hul betrekkinge en verhoudings en daarom tree die substansie terug. (42:79).

5. Die meisies gebruik die abstrakte Snwe. veelvuldiger as seuns. (42:80).

6. Na die ondersoeking van die adjektiewe, blyk dat veral die variasie- en die verskeidenheid-eienskap van die fisiese wêreld die grootste indruk op die kind maak; dit is "hulle "baie"- eienskap, en die afmetings van hul proporsie"(42:89); omdat die kind die wereld met verheuging beskou, vind hy ook so baie dinge "mooi". Hierdie "baie"- en "mooi"- eienskap domineer die kind se lewe vir 38.5%. (42:89).

7. Kinders van 8 jaar lewe oorwegend in die hede, word gevind by die bestudering van die tye van die werkwoord. Maar dit is veral die verlede wat die hede oorskadu op elfjarige leeftyd. (42:89). Nou betree die leerling die logiese adolessensie-periode. Dit kan miskien die rede wees waarom die hede veld verloor.

8. Konkrete Snwe. word baie meer gebruik as abstrakte Snwe., d.w.s. die sintuiglik-waarneembare geniet voorkeur bo die "sintuiglike nie-waarneembare, die meer ideële." (42:127).

Die vorige studies, behalwe die van Stander, het daarop gewys dat die Snw. die grootste rol speel in die taaluiting van die kleinkind van 13 maande tot 24 (Prof.J.C.Coetzee van 13 maande tot die 27ste (M.M.Nice); van die einde van die tweede tot voor en na die negende jaar (W.Boyd). Dr.Steyn se studie gaan 'n stappie verder en wys daarop dat op elke leeftyd: 8 jaar, 11 jaar en 14 jaar, die skoolgaande kind meer Snwe. gebruik as ander rededele. Dit is dus veral die objektiewe, die substansie, wat sig vanaf die 13de maand tot die 14de jaar by kinders opdring. Maar nie alleen dit nie. Dit is die konkrete Snwe. wat prominensie verkry bo die abstrakte Snwe. Die vir die sinne waarneembare laat 'n groter indruk na as die vir die sinne onwaarneembare.

'n Ander verdienste van Dr.Steyn se studie lê in die feit dat die skriftelike taaluiting van kinders aantoon dat die logika van die menslike gees sig veral openbaar vanaf die agste tot die vyftiede jaar. Die redenerende, ondersoekende gees van die kind tree op die voorgrond en vind uiting in die skriftelike werk.

Dat die hoedanigheidswoorde: baie, groot en mooi oorgebruik word in die taallewe van die kind, bewys Steyn se studie volkome. Dit mag miskien uit gebrek aan ander

gelykbetekenende woorde wees.

As gevolg van die horisontale taalontwikkeling van kinders van 11 - 15 jaar en omdat nou die logiese bo-  
toon vier, gebruik die kinders van hierdie ouderdom meer die  
verlede tyd in die skriftelike werk as die teenwoordige tyd,  
terwyl die kinders van 8 jaar nog te veel onder die direkte  
invloed van die hede staan.

6. Om die plek en waarde van grammatika in die  
Junior Hoerskool te bepaal het H.B.Nash en Fred.R.Busk 'n  
eksperiment vir die doel uitgevoer. Hul skryf selfs die  
volgende: "This paper gives the description of a program of  
work carried out in the West Allis Junior High School -----.  
Its purpose was to increase the pupils' ability to use correct  
English while in school and later when out of school -----.  
To use the phraseology current in present day school practice  
the task was to determine the Minimum Essentials in Grammar  
for Junior High Schools." (79:309).

As oplossing van hierdie probleem is 'n lys, met  
item vir item fyn uitgewerk, van hul eie grammatika-kursusse  
vir grade 7, 8 en 9, gestuur aan elkeen van die aktiewe onder-  
wysers in die Engelse Departement met die versoek dat hul  
dit fyn analiseer en met die volgende informasie terugstuur:  
(a) "an indication of those items which in the light of ex-  
perience should entirely be removed from the Junior High  
School course."  
(b) "an indication of items that do not appear in the list  
but which in the light of experience are essentials to a gram-  
mar course in the junior high school."  
(c) "Arrangement and organization of the essentials so that  
they would be properly distributed through the six semesters."  
(79:309-310).

Die items gekry van twaalf onderwysers is toe ge-  
rangskik volgens die gemiddelde van hul opinies. In die eerste  
groep van 6 (eerste indeling) is hul volgorde so:  
"1. Sentence (idea), 2. Noun, 3. Pronoun, 4. Subject (Simple),  
5. Verb, 6. Predicate, 7. skeleton of sentence (simple sub-  
ject en simple predicate)." (79:310). Die Bywoord kry dus nie  
hier 'n plek nie, maar eers in die derde afdeling, n.l. 8B.,  
d.w.s. die Byw. is nie van soveel waarde as bogenoemde nie.  
In afdeling 3 staan die Byw. ook veertiende op die lys. Meer  
volledig is die Naamw. en die Voornw. behandel in afdeling 5;  
in afdeling 6 word die Werkw. behandel.

Nash en Busk se bevindinge kry ons in Tabelle 4 en  
5 (79:313), waar hul die volgende sê: "A vindication of our  
procedure and of the conclusions leading to this procedure

may be seen from the tables. For instance, in Table V it will be seen that only 11% per cent of the 9A pupils had anything approaching mastery of this minimum essential material at the outset of the semester. The people would next semester be in the Senior High School, and their formal grammar was supposedly complete! Is it any wonder our ~~average~~ pupils cannot use correct grammar when they leave school!" (79:314).

Volgens die opinie van die onderwysers is dus die onderwys van sinne, die Snw., die Vnw., die Ww. en die Byw. van die allergrootste betekenis. Die sin kom eerste, omdat daarin sekere denkmetodes openbaar word. Dan volg dadelik op die Snw., omdat dit die taalelement is wat van die laagste tot die hoogste klasse die meeste aandag geniet of behoort te geniet.

Belangrik is die konklusie waartoe hulse resultate hul bring, n.l. dat die formele grammatika van 9A leerlinge aan die einde van hul semester baie swak is, d.w.s. formele grammatika-onderwys beantwoord nie aan sy doel nie, moet dus vervang word. Slegs 11% van die 9A leerlinge besit die nodige kennis insake die vasgestelde en aangenome minimum noodsaaklike materiaal. Iewers moet dus 'n baie groot tydsverspilling wees in ons grammatika-onderwys.

7. 'n Ander ondersoek is die van G.D. Stoddard in <sup>e</sup>samenwerking met <sup>die</sup> Iowa Vereniging van Onderwysers en die Universiteit van Iowa: "It was proposed to conduct a comparative study of the status of instruction in English Grammar." (85:13). Die eerste ondersoek het in 1925-'26 plaasgevind, die nuwe egter in 1926-'27. Al die skole van Iowa is gevra om deel te neem aan die voorbereidende ekwiwalente toetse; 40 skole het toe deelgeneem (85:13). Daar was twee toetsings: die van Febr. en die van Mei. Die resultate van albei kom baie ooreen: "Thus," <sup>sê</sup> Stoddard, "the average gain from year to year as measured by this test, although small, is suprisingly consistent." (85:14).

Die toets het bestaan uit vier dele: Spellings-, interpunksie-, grammatika- en struktuur-toets.

Die hoofbevindinge van bogenoemde toets vind ons op Bl.19, o.a. die volgende: "Apparently there was little growth ~~in~~ in knowledge of spelling and grammar during the final semester of the senior years, even though the February results for individual pupils were known to the teacher." (85:19).

Stoddard kom tot die ontdekking dat Engels die hele kurrikulum op skool uitmaak, maar, hoewel die meganiese aspek (grammatika) nie alles insluit nie, tog neem dit 'n

groot deel van die onderwyser en die leerling se tyd in beslag vanaf graad 1 tot graad 12 (85:20).

Aangesien die vrug op die arbeid in grammatika-onderwys so gering is, waarom moet die onwillige leerlinge dan prosaïese kennis verkry insake die rubrieke van grammatika?

Verder kry ons die volgende: ----"high schools which do not claim to teach these mechanical features but devote most of their time to teaching literary appreciation, it is clear that theirs is the burden of proof. Thus far there is no evidence whatsoever that some high schools made a poor showing in spelling and grammar, because their students were brought to a high degree of excellent literary style and literary appreciation." (85:20).

Dit is dan geen wonder dat Stoddard vra: "In the past ten years what aims in the teaching of English essentials have been realized?" (85:21).

Ons het dus hierdie toestand: hoërskole wat die rubrieke van grammatika inoefen en goed bestudeer, konstateer byna geen verbetering van jaar tot jaar nie, maar die kennis daarvan bly teamliek konstant. Aan die anderkant het skole wat hul veral toelê op literêre ontwikkeling: van styl en waardering, nie uitgewys dat hul swak is in spelling en in grammatika nie. Sou die aangewese metode van taalonderwys, veral insidentele grammatika-onderwys, dan in die rigting lê van die ontwikkeling van literêre waardering en in styl?

Stoddard wys ons egter op die een belangrike punt: al die tyd spandeer aan die inoefening van die rubrieke van grammatika is futiel. Verder dui hy 'n rigting aan waar 'n ander metode, wat seker beter is, kan gesoek word: ontwikkeling van literêre waardeing en styl.

8. In 1929-'30 het Clarence Dockenn onder leiding van Guiler "a remedial project in grammatical usage with ninth-grade pupils in Hanover Township Centralized School, Butler County, Ohio" toegepas. Die resultate van die deel van die projek oor die verbetering in die gebruik van die Wwe. word gegee in "The Elementary Journal, March 1931." (68:524).

Die eerste stap in die projek was om swak leerlinge uit te wys, deur 'n toepassing vooraf van die "Guiler-Henry Preliminary Diagnostic Test in Grammatical Usage." (68:524). Twintig van die vyf-en-veertig beginsels van hierdie toets handel oor die gebruik van werkwoorde.

Die tweede doel was "diagnosing and recording the specific shortcomings in the use of verbs of the fourteen pupils who fell below the grade standard in the preliminary

test ----- Individual weaknesses were discovered by an analysis of the errors found in the pupil's test papers, and a diagnostic chart was made showing the weakness of each pupil." (67:524-525).

Verbeteringsinstruksies om moeilikhede te bowe te kom, soos ondervind in die diagnoseerende toets, is die vierde stap. Dit is gegee as geïndividualiseerde groepinstruksie. (67:528). Die laaste stap was om die hoeveelheid verbetering bewerkstellig deur laasgenoemde te bepaal.

Guiler gee nou o.a. die volgende samevattende bewerings:

1. "Ability in the use of verbs is a composite of ability in many specific usages; for this reason learners may be expected to encounter difficulty on one or more or many items -----."
4. "A distinct need for much individualized remedial instruction was apparent."
5. "Training in the use of verbs should not be relied upon to transfer from one usage to another in any significant degree." (68:530).

Dit is ongetwyfeld sêker dat Guiler ons hier iets van groot waarde aantoon, n.l. 'n metode hoe om uit te vind watter beginsels in nie alleen die gebruik van die werkwoord nie, maar ook in die van ander rededele, in die onderwys moet beklemtoon word. Die metode kom hierop neer: maak 'n diagnose van al die foute in die gebruik van die rededeel onder behandeling, soos begaan deur individue of deur die groep. Stel dan op twee resultate: groepsfoute en individuele foute. Nou weet die onderwyser presies watter foute individuele aandag by afsonderlike leerlinge verdien en watter groepsaandag.

Maar nie alleen is diagnose van foute nodig nie, ook 'n verbeteringsinstruksie om vasgestelde foute te bowe te kom. Hierin lê die waarde van die toets soos deur Guiler beskrywe. Alleen deur die metode aan te wys hoe om foute te bowe te kom, kan die onderwys vrugdraend wees.

9. "Recent correlation studies," beweer Symonds, "have shown little relationship between knowledge of English grammar on the one hand, and the correctness of usage on the other. Those who are familiar with these studies commonly believe that the value of English grammar in influencing correct grammatical usage in speaking or writing has been definitely discredited ----- Grammar still has a somewhat thriving existence in our schools." (86:81).

Die algemene konklusie op sulke studies is "that

formal grammar has no immediate transfer value so far as applied English grammar is concerned." (86:82).

Dis nie die korrelasie, maar die eksperimentele toets wat die ware een is; n.l. "what real influence does learning grammar have on Usage" (86:82). Om dit te bepaal het Symonds uitgevoer enige "test-teach-test experiments in Grade VI of four New York City Elementary Schools -----". Each item (except the first) consisted of a sentence having a grammatical error to be corrected by the pupil by rewriting the sentence in the space beneath the item." (86:82). Hiervoor is ook gebruik die "Charters Diagnostic Language Tests."

Vorige ervaring met dieselfde toets het bewyse gelower dat "the lowest initial scores, and consequently those items of greater difficulty were made on adjectives, adverbs, prepositions and conjunctions." (86:82).

Ses eksperimentele prosedure is gevolg. Prosedure III handel oor "Knowledge of Definitions, Rules, and Principles and Grammar." (83:84). Dit moes net die invloed van gebruik (Toets I) van slegs die leer van grammatiese reëls en beginsels bepaal.

Eksperimentele prosedure IV behandel Grammatika-analise: "The fourth experiment was carried out in one class in P.S.87 Manhattan and two classes in P.S.210 Brooklyn in 1930 (86:85). In this part of the experiment the value of ability in the grammatical analysis of sentences in improving English usage was studied." (86:83).

Omdat die interpretasie van die resultate van die toets belangrik is, gee ons vyf van die vernaamstes:

1. "the result show that mere repetition of correct forms cause small gains on the test."

3. "It will be seen from Experimental Procedure IV that mere learning of definitions, rules and principles of grammar yielded an appreciable gain on the usage test. This result was wholly unexpected and is hard to explain. It was thought before beginning the experiment that mere memorization of grammar rules had little or no influence on usage -----". Within the limited use of language as found in this experiment it is possible to say that mere learning grammar rules does improve usage."

4. "Training in the analysis of grammatical construction and practice in the choice of correct construction each taken alone caused improvement in English Usage." (86:92).----- Practice in choice in correct expressions had measurably greater influence than the learning of rules or analysis."

5. "Mere repetition of the right and wrong forms in succession so that the distinction between the two is clearly brought

out, and that it is definitely stated which is the right form, had greater influence on usage than any of the work with grammar."

6. "The whole program including memorization of rules, practice in analysis of grammatical constructions, choice of correct forms and mere repetition of correct and incorrect forms in succession yielded results in improved usage better than any one single method alone." (86:93).

Een feit is heeltemal duidelik: "It is not the quality of drill or practice that counts and not its amount. Mere mechanical repetition apparently yields almost no learning." (86:93).

Om nie 'n verkeerde indruk op die lesers na te laat nie, verduidelik Symonds homself op die volgende wyse: "This study should not necessarily be interpreted as a justification of the teaching of English grammar. Grammar does have an influence on usage, but at what cost? Without doubt for most children the difficulty and the trouble of learning grammar as means of improving usage is so great that mere direct attacks on usage are certainly more profitable. Our own results show that mere repetition of correct forms has more influence on usage than any procedure with grammar." (86:93).

Dit spreek vanself dat die studie van grammatika vir begaafde leerlinge profytlik is, maar die gemiddelde leerling se moeilikheid lê nie in die kennis van grammatiese reëls en beginsels nie, maar in hul toepassing. Die kind wat die regte gebruik aanleer deur direkte oefening is beter in staat gestel om grammatika te leer as andere.

Hierdie eksperiment demonstreer die volgende: "that mere learning rules or codes has a direct influence on conduct, more for brighter children than for the dull children."

Die praktiese probleem is nie: "Can rules function in conduct? but What is the most economical method of guiding or controlling conduct?" Symonds se antwoord daarop lui: "This depends partly on the person's ability to comprehend generalizations and apply them to specific situations." (86:94).

In die voorgaande is duidelik gewys watter resultate deur verskillende metodes in die onderwys van grammatika gelewer is. Die metode wat gebruik is, is: blote memorisering van reëls en definisies, oefening in die analise van grammatiese konstruksies, keuse van korrekte vorms en 'n herhaling van korrekte en inkorrekte vorms, sodat die verskil tussen die laaste en tweede laaste duidelik word. Word net die herhaling van korrekte vorms as 'n metode gebruik, dan bewys die resultate 'n verbetering. Verrassend is dit om te vernem dat die leer van grammatiese reëls, definisies en be-

ginsels werklik 'n verbetering toon in die gebruikstoets. Hierdie laaste feit is van groot waarde, aangesien in die laaste paar jare geen waarde geheg word aan die leer en inoefening van grammatiese reëls en definisies nie.

Dit is egter moeilik om te sê watter metode die beste vrugte sal afwerp in die grammatika-onderwys, omdat baie dinge in aanmerking moet geneem word, soos die kwaliteit van inoefening, wat natuurlik beter is as blote meganiese herhaling; die kind self en die aard van die stof.

Deur natuurlik van soveel metodes as moontlik gebruik te maak, wanneer grammatika onderwys word, sal baie beter resultate gelewer word as wanneer net 'n enkele metode gebruik word.

#### (c) Universiteitsstudente.

10. 'n Ander toets van Guiler het te doen met die Voornaamwoord. "High School Graduates" se moeilikhede daarmee word hierin ondersoek. Hierdie toets is te vind in "The School Review," Oct. 1931, No. 8. Maar aangesien sy konklusies byna almal neerkom op die sees onder die werkwoordsgebruik gegee, word die resultate nie weer gegee nie.

Waarby ons wel wil stilstaan is Guiler se toets oor die Vnwe. en Wwe. in 1932. (70:455). Die stof hieroor verwerk is gekry deur 'n analise van 625 hoërskool "graduates" se toetspapiere. Aan hulle is gegee die "Guiler-Henry Preliminary Diagnostic Test in grammatical Usage." Gedurende hul eerste week aan die Universiteit van Miami is die toets toegepas. (70:455).

Van die 45 beginsels van grammatiese gebruik wat hier getoets is, het 16 betrekking op die meer algemene gebruik van Vnwe., en 20 op die algemene gebruik van Wwe. Die moeilikhede wat dieselfde studente ondervind het in die toepassing van die 20 beginsels word in hierdie artikel gerapporteer. (70:455). 'n Studie van Tabel I (bl. 457) sal vir die onderwyser van Engels in die hoërskole belangrike en betekenisvolle feite lewer, o.a.: "First, verb usage is found to be a composite of many specific usages. These involve different abilities to use verbs in their various mode, tense, voice, person and number relations. Twenty separate and distinct abilities have been recognized." --- "Third, only a few ~~many~~ uses of verbs presented difficulty for large numbers of students ----- . The data show that only three of the twenty principles offered difficulty for as many as one ~~at~~ half of the students." <sup>(70:456)</sup> ----- "Sixth, the students evidenced a lack of ability to transfer training from one usage to another." (70:458).

Onder sy algemene konklusies lê Guiler nadruk op die feit dat daar 'n groot behoefte is aan individuele instruksie.

Die sesde konklusie is belangrik: gebrek aan oordrag van oefening van een gebruik op die van 'n ander. In ons onderwys strewe ons juis na die toepassing van opgedane kennis.

-----

Doel van hierdie Onderzoek, Metode  
en Stof.

A. Doel van hierdie Onderzoek.

Wat die taalonderwys, meer spesifiek die grammatika-  
onderwys, in ons skole aangaan, is reeds lankal die behoefte  
gevoel aan bepaalde doeleindes waarheen gestrewe moet word.

"It is a generally accepted principle that in any  
field of human endeavour the most efficient results are attained  
when one has a definite aim to work for and instruments for  
determining from time to time how much has been accomplished  
-----." (29:267). Wat ook al die verskillende doeleindes van  
grammatika-onderwys is, feit bly dat ons met ons metode o.a.  
beoog om die kind 'n beter kennis van die struktuur van die  
taal te gee; hom 'n logiese denkwysse te laat ontwikkel; om  
kennis insake die taalelemente aan te bring.

Die vraag ontstaan dan dadelik of elke onderwyser  
met sy metode(s) van taalonderwys die vooropgestelde doel-  
einde(s) bereik. Dit kan alleen vasgestel word wanneer die  
resultate van die metode(s) goed bestudeer word. Dit is dan  
die taak van elke onderwyser om sy metode(s) te toets.

Wat die gevolgde metodes almal was vir die inskerping  
van kennis omtrent die taalkundige begrippe wat in hierdie  
onderzoek nagegaan is, is onbekend. Die doel van hierdie on-  
dersoek is nie om daarop in te gaan nie, maar:

1. Om ondersoek in te stel na die resultate van  
die onderwys van die "nw., die sw., die Dyn.nw., die Vnw., en  
die Byw. in hoërskool-standards. Daar word dan nagegaan of  
die onderwys van hierdie begrippe progressief van aard is,  
m.a.w. die vrugdraendheid van die onderwys van die genoemde  
vyf rededele staan hier op die spel. Dit word verkry deur  
die resultate van die standards vergelykenderwys te behandel.

2. Om objektiewe gegewens te vind, waaruit die  
onderwys van ons eie taal op 'n wetenskaplike wyse gebou  
kan word. In die lig van die so verkreeë resultate kan elke  
nadenkende en ondersoekende onderwyser sy metodes van onder-  
wys van die vyf rededele spieël. Die resultate sal ook lig  
werp op die swak plekke van die onderwys van die genoemde  
rededele.

B. Metode.

Vyf toetse is opgestel, elk waarvan in twee vrese  
verdeel is. Die proefpersone moes hul skriftelik met 'n  
potlood beantwoord. 'n Getikte kopie van al die toetse, wat  
op een bladsy verskyn, is aan elke proefpersoon oorhandig.  
Agter elke vraag is 'n opening gelaat wat genoeg ruimte vir  
die antwoord bied. Die vrese moes vooraf eers deur die

proefnemer stadig deurgelees word, sodat die proefpersone duidelik kon verstaan wat van hul verwag word.

Die eerste toets handel oor die Snw.; die tweede oor die Ww.; die derde oor die Byv.nw.; die vierde oor die Vnw.; die vyfde oor die Byw. (sien die bylae, bl. 132). As antwoord op die eerste vraag van elke rededeel moes vyf voorbeelde van die rededeel opgenoem word. Die antwoord op die tweede vraag van elke rededeel moet 'n definisie van die rededeel wees.

(1) Die Preliminêre Toets.

(a) Doel.

Ten eerste moes vasgestel word of die vrae oor die rededele duidelik genoeg geformuleer is, sodat standerd VI - leerlinge hul kon begryp. Voordat die toetse aan die hoerskole toegedien is, is dus nagegaan watter moeilikhede die Std.VI - leerlinge in verband daarmee sou ondervind het, om sodoende die nodige wysiginge in die vorm van vrae aan te bring. Omdat daar gedurende die toetsing geen moeilikhede voorgeval het nie, is die toetse onveranderd in die hoerskole toegedien.

Ten tweede moes die tydsduur bepaal word. Dit is gevind dat al die Std.VI - leerlinge, wat as Ppe. vir die preliminêre toets gedien het, die 10 vrae oor die rededele binne 36 minute kon beantwoord.

Ten derde moes nagegaan word of die spasies agter elke vraag groot genoeg is vir die antwoord. Dit is gevind dat die spasiëring van die vrae soos oorspronklik opgestel, goed was.

(b) Resultate.

56 Leerlinge in standerd VI is getoets vir die vooroefening, deur Mnr. W. de K. Kruger (sien voorwoord), en deur die skrywer self in twee skole in Potchefstroom. Van die Snw., die Ww., die Byv.nw., die Vnw., en die Byw. is die volgende persentasies korrekte voorbeelde opgenoem: 92.1; 92.1; 77.5; 58.4 en 44.6 respektiewelik. Hierdie persentasies betref die eerste vraag van elke rededeel. Ten tweede moes definisies van die rededele gegee word. Hiervan is daar 91.1% korrekte definisies van die Snw. gegee; 89.3% van die Ww.; 62.5% van die Byv.nw.; 35% van die Vnw., en 55.1% van die Byw. Die persentasies onder vraag 1 en vraag 2 toon dat die vrug van die onderwys van die Byv.nw., die Vnw. en die Byw. maar skraal is.

Om 'n metode te kry waarvolgens die eintlike toetspapiere onder die hoof "Eie Onderzoek," bl. 34, moes aangepak en behandel word, is die 56 Std.VI - leerlinge se toetspapiere deur die skrywer gedurende 'n tydperk van 3 maande

deeglik bestudeer. Wat dus hierna volg is die metode, as resultaat van die preliminêre ondersoek, waarvolgens in hierdie verhandeling te-werk gegaan is.

Aangesien sowat 5565 vbe. van elke rededeel, volgens vraag 1, deur al die leerlinge in Vorms II tot en met V neergeskrywe moes word, was dit onmoontlik om die voorbeelde eenvoudig agtermekaar te skrywe by die optekening daarvan. Dit sou die optelling en toetsing van resultate bemoeiliket het. Dus is die verskillende voorbeelde gegroepeer, só: op 'n groot stuk papier, aan weerskante daarvan, is verskeie kolomme getrek. In elke kolom is vbe. wat met dieselfde letter begin, neergeskrywe. Die kolomme is volgens die alfabet genommer: A, B, C, ens. Woorde soos: Anna, aan, Abraham, aand, sou dus in die A-kolom geskrywe word. Hierdie metode is gevolg met die vbe. van elke rededeel, vir elke standaard en vir elke geslag. Vir al die toetse, n.l. oor die Snw., die Ww., die Byv.nw., die Vnw. en die Byw., was daar dus 80 reekse alfabetiese ingevulde kolomme, 16 van elke rededeel, m.a.w. 8 van elke vraag. Hiervolgens was dit maklik om die voorbeelde in elke kolom op te tel, daaronder die getal neer te skrywe en die totaal van die verskillende kolomme te kry.

Volgens die voorgaande metode kon met 'n oogopslag gesien word watter woorde baie voorkom. Hul is dan getel en die frekwensie vir die seuns en vir die meisies neergeskrywe. Sulke woorde is tweemaal soms driemaal vir noukeurigheid nagegaan.

Elke voorbeeld in elke kolom van 'n rededeel is noukeurig ondersoek om vas te stel of so'n voorbeeld 'n voorbeeld van die rededeel onder behandeling is. Die verkeerde voorbeelde is met rooi ink onderstreep en dan opgetel en onder die rededele gegroepeer waaronder hul val. Hul is apart vir die seuns en vir die meisies genoteer.

Verder is gevind dat die volgende indeling vir elke rededeel die gepaste onder omstandighede is, waar die voorbeelde van elk nie in sinsverband gebruik is nie:

1. Die Snw. is verdeel in: (a) Konkrete Snw.; (b) Abstrakte Snw. Eersgenoemde is weer verdeel in: (i) Eiename en (ii) Soortname. Om veelvuldige herhaling in die bespreking van die resultate te vermy, is hul vir alle standerds en geslagte onder die desbetreffende hoofde vergelykenderwys behandel. Dit geld ook vir die ander vier rededele.

2. Die Ww. is verdeel in: (1) die Selfstandige Ww.: (a) die Oorganklike en (b) die Onoorganklike Ww., (c) Wederkerende Ww. Geen vbe. is van Koppel-, Hulp- en Onpersoonlike Ww. opgenoem nie.

3. By die Byv.nw. geld die volgende indeling: (a) Byv.nw. van hoedanigheid; (b) Sekere kleureienskappe.
4. Die Vnw. is ingedeel in: (i) Pers. Vnw.; (a) Wederkerige Mnw.; (ii) Besitlike Vnw.; (iii) Aanwysende Vnw.; (iv) Vragende Vnw.; (v) Onpersoonlike Vnw. Van Detreklke Vnwe. is nie vbe. opgenoem nie. Wederkerende Vnwe. kon nie bespreek word nie, omdat dit onmoontlik was om vas te stel watter vbe. daaronder sorteer.
5. Die toets wat gestel is aan sowel die vbe. van die Byv. nw. as van die Bywe. is : kan die vbe. onder behandeling dien as Byv.nwe. (wanneer die Byv.nw. behandel word), en kan hul dien as Bywe. (wanneer die Byw. onder behandeling is). Dit is gevind dat onder die Byw. daar 'n herhaling van baie van die woorde is wat onder die Byv.nw. voorkom. Dit is te wyte aan die feit dat daar baie Bywe. is wat dieselfde vorm het as die predikatief-gebruikte Byv.nw., b.v.:

- (a) hy is mooi (Byv.nw.)
- (b) hy werk mooi (Byw.)
- (c) hy lewe goed (Byw.)
- (d) die man is ~~gans~~ goed (Byv.nw.)

Die volgende indeling is vir die Byw. die geskikste gevind: (i) Byw. van Wyse; (ii) Byw. van plek; (iii) Byw. van Hoeveelheid; (iv) Byw. van Tyd; (v) Ander Bywe. Onder (v) val o.a.: Byw. van Modaliteit, Byw. van Beperking, Byw. van Maat, Byw. van Prys.

Aangaande vraag twee van elke rededeel is die volgende metode aangewys: Daar sou 5565 definisies van al die rededele neergeskrywe gewees het, as al die leerlinge die opdragte kon uitvoer, d.w.s. 1113 van elke rededeel. Al die definisies kon nie gerekordeer word nie. Dus is, waar dit moontlik geag is, net een voorbeeld van drie, vier of tien verskillende formulerings van 'n enkele rededeel neergeskrywe, as die inhoude ooreenkom. Om 'n vb. te noem: 1. "'n Vnw. is die plaasvervanger van 'n Snw." en 2. "'n Mnw. is 'n woord wat in die plek van 'n Snw. staan." Hierdie twee definisies vertoon ooreenkoms in inhoud. Dus kan enigeen van die twee as voorbeeld neergeskrywe word. Hiervolgens was dit nodig om uiters 40 of 50 definisies van elke rededeel volledig uit te skrywe, en na elkeen die vbe. van die rededeel, soos na vraag een ingeskrywe, in hakies.

Ooreenkomstig die doel van hierdie studie, is die definisies onder die volgende hoofde genoteer:

- 1. Korrekte definisies.
  - (a) Logies afgelei.
  - (b) Nie-logies afgelei.
- 2. Verkeerde definisies.

Definisies is onder hierdie hoofde neergeskrywe op 'n aparte papier vir elke geslag en vir elke standaard. Elke definisie onder elke toets is deeglik ondersoek en aange-teken as korrek, logies of nie-logies en verkeerd, deur 'n strepie onder die betrokke hoof te trek. Elke definisie is tweemaal goed nagegaan.

(ii) Proefnemers.

Nadat informasie van die prinsipale van sewe skole in die Transvaal ingewin is insake die getal leerlinge in Vorms II, III, IV en V, is genoeg toetspapiere aan elke proefnemer (of -nemers) van elke skool gestuur om al die leerlinge te toets. Daar is 'n paar toetspapiere meer as die getal leerlinge in daardie standerds gestuur, sodat, waar leerlinge 'n toets foutief doen, 'n tweede toetspapier kon gegee word. Die proefnemers (Pne.) is almal goed gekwalifiseerde onderwysers werksaam aan die sewe skole, en dus geskik vir die afneming van die toetse. (Sien voorwoord). Die volgende instruksies is aan elke proefnemer gestuur, saam met die toetspapiere:

1. Die gewone reëls insake 'n toets moet inaggeneem word. (waarsku teen voorsê, afkyk, ens.)
2. Waar klasse nie gelyktydig getoets kan word nie, moet leerlinge asb. nie kennis laat neem van die feit dat U alle klasse gaan toets nie.
3. Lees die toetse vooraf saam met die leerlinge oor.
4. Skrywe ouderdomme so: b.v. 12;6 vir 12 jaar en 6 maande.
5. Alle antwoorde moet met 'n potlood ingeskrywe word.
6. As 'n leerling 'n tweede toetspapier wil hê, moet die foutief-ingevulde een saam met die andereen ingehandig word.
7. U mag die klasse aanmoedig deur te se: "Doen jul uiterste bes," ens.
8. Leerlinge moet klein en duidelik genoeg skrywe.
9. Daar is geen tydsbeperking nie.

Wat die negende instruksie betref net dit: die tydsduur van die preliminêre toets met standaard VI - leerlinge was 36 minute. Aangesien in die hoërskool die meeste periodes of almal 35 tot 45 minute lank is, en ons hier te doen het met leerlinge wat vinniger werk as Std.VI - leerlinge, sal die toetse almal voltooi kan word binne 'n gewone periode. Dit het ook gebeur.

Weens die inwendige organisasies van die skole, kon al die toetse nie op dieselfde dag afgeneem word nie. Tussen 13 Maart en 23 April 1934 was al die toetse egter klaar.

(iii) Proefpersone.

Hul is leerlinge in Vorms II, III, IV en V van skole A, B, C, D, E, F en G, in Potchefstroom (2)<sup>1</sup>, Krugersdorp, Brits, Pietersburg, Standerton en Carolina.

1113 Leerlinge uit die 1212 getoetstes is vir die doeleindes van hierdie studie ondersoek. Die rede hiervoor is dit: dit het by nader ondersoek geblyk dat daar 99 toetspapiere van Engelsprekende leerlinge in Vorms II, III en V is. Vorm IV is nie verteenwoordig nie. Die konklusies baseer op so weinig resultate sou waardeloos wees, en buitendien sou Vorm IV uitgeskakel bly. Dus is net die toetspapiere van die Afrikaanssprekende leerlinge ondersoek.

In Tabel 1 word die verdeling van die Ppe. oor die standerds gegee.

TABEL 1.

Verdeling van die Ppe. volgens geslag in Standerds in sewe Skole.

Skole	:Vorm II		:Vorm III		:Vorm IV		:Vorm V		: Totaal
	: S	: M	: S	: M	: S	: M	: S	: M	
A	: 58	: 24	: 22	: 22	: 13	: 14	: 24	: 4	: 181
B	: 48	: 38	: 19	: 19	: 1	: -	: -	: -	: 124
C	: 36	: 33	: 15	: 12	: 18	: 8	: 15	: 8	: 145
D	: 62	: 36	: 33	: 27	: 30	: 21	: 25	: 10	: 244
E	: 62	: 28	: 24	: 25	: 31	: 16	: 14	: 9	: 209
F	: 19	: 11	: 12	: 8	: 5	: 5	: 11	: 5	: 76
G	: 53	: 43	: 21	: 26	: 28	: 25	: 24	: 13	: 233
<b>Totaal</b>	<b>:338</b>	<b>:213</b>	<b>:146</b>	<b>:139</b>	<b>:125</b>	<b>: 89</b>	<b>:113</b>	<b>: 49</b>	<b>: 1212</b>

Dit was maklik om die 99 Engelsprekendes se toetspapiere uit die voorgaande te elimineer, aangesien die Pns. self die toetspapiere in groepe van Afr.- en Eng.-sprekendes verdeel het. Toe hul verdeling vergelyk is met/die skrywer <sup>wat</sup> gevind het, net deur die familiename te vergelyk, is dieselfde aantal gevind.

Die ondersoekte leerlinge is seos aangegee in Tabel 2.

TABEL 2.

Ondersoekte Ppe. volgens standerds.

Vorm	: II	: III	: IV	: V	: Tot.
S	: 311	: 134	: 126	: 102	: 673
M	: 192	: 117	: 90	: 41	: 440
<b>Tot.</b>	<b>: 503</b>	<b>: 251</b>	<b>: 216</b>	<b>: 143</b>	<b>: 1113</b>

In elke standerd is meer seuns as meisies ondersoek, en minder leerlinge na gelang die skolastiese eise verhoog word; die afname van die getal meisies is egter groter as die van die seuns. Amper een-derde van die leer-

<sup>1</sup> Dui aan twee skole in Potchefstroom

linge wat Vorm II begin bereik Vorm V. In Vorms IV en V sou die getal Ppe. meer gewees het as skool B ook 'n hoërskool was. (Sien Tabel 1, bl.31).

Vervolgens vind u die gemiddelde ouderdom van die S. en die M. in elke klas apart en gesamentlik.

TABEL 3.

Gemiddelde ouderdom van die S. en die M. in die verskillende Standerds apart en vir elke Standerd.

Vorm	:	II	:	III	:	IV	:	V
S	:	14;4	:	15;9	:	16;5	:	17;3
M	:	14;7	:	16	:	16;4	:	17;2
Gemidd.	:	14;4	:	15;9	:	16;4	:	17;2

Volgens die gegewens in Tabel 3 is die meisies in Vorms II en III gemiddeld ouer as die seuns in daardie standerds, d.w.s. die meisies bereik oor die algemeen op 'n later leeftyd Vorms II en III as die seuns. In Vorms IV en V bereik die seuns egter, oor die algemeen geneem, op 'n effens later leeftyd die genoemde standerds as die meisies. Die verskille is in die laaste geval egter gering.

**C. Stof.**

Die materiaal wat vir hierdie ondersoek gebruik is, is verkry uit die toetspapiere van 1113 leerlinge in die hoërskole en in 'n <sup>laer</sup> ~~middelbare~~ <sup>met middelbare afdeling</sup> skool. Hierdie toetsmateriaal --- toetse oor die Snw., die Ww., die Byv.nw., die Vnw., en die Byw. --- word behandel in Deel II: Eie Onderzoek: hoofstukke 3,4,5,6 en 7.

(1) Vrae.

Soos alreeds gesê, is twee vrae oor elke rededeel gestel. Wat die vorm van vrae betref bly dit vir alle rededele dieselfde. (Sien die bylae, bl. 132). Ons volstaan met die twee vrae oor die Snw.:

1. "Jy weet wat 'n Selfstandige Naamwoord is, nie waar? Noem nou vir my enige vyf Selfstandige Naamwoorde op waaraan jy dink." Dan word verder ook gesê waar die leerlinge sulke vbe. van Snwe. moet skrywe.

2. "Probeer nou om in 'n paar woorde te sê wat 'n Selfst. nw. is (d.i. gee 'n kort definisie van 'n Selfst.nw.)"

Volgens die bewoording van vraag 1 van elke rededeel is van die veronderstelling uitgegaan, dat die leerlinge in Vorms II,III,IV en V weet wat 'n Snw., 'n Ww., 'n Byv.nw., 'n Vnw., en 'n Byw. is. Hierdie veronderstelling is gegrond op die laerskool vereiste kennis insake die genoemde rededele. Hul is almal rededele waarvan die leerlinge alreeds vroeg in die laerskool kennis verkry het. Verder dien die vraag as 'n versekeringsprikkel: dat die Ppe. wel

die genoemde rededele ken en dus vbe. daarvan kan opnoem. Ten laaste moet die Ppe. die Snwe., Wwe., Byv.nwe., Vnwe., en Bywe., neerskrywe waaraan hul dink, d.w.s. die voorbeelde van elke rededeel wat primaatskap verkry in die denklewe van die Ppe. Die Pp. sal dus die vbe. van elke rededeel neerskrywe wat vir hom/haar die meeste betekenis het.

Nadat die Ppe. vraag 1 beantwoord het, moet hulle volgens die tweede opdrag van dieselfde toets, gestel ons neem die toets oor die Snw. as vb., 'n definisie van die Snw. gee. Die doel is hier natuurlik om vas te stel in hoeverre die Ppe. logies of nie-logies redeneer: of hul by die definiëring van die verskillende rededele wel die voorbeelde wat die definisie voorafgaan, deeglik bestudeer het om sodoende die definisies op die spesifieke vbe. te baseer.

-----

DEEL II.

EIE ONDERSOEK.

HOOFSTUK III: DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

1 Vraag Een.

Vir die bewoording van Vraag 1, sien die bylae, bl. 132.

(a) In Tabel 4 word saamgevat die resultaat van die telling van die Snwe. as antwoord op vraag 1. In die Tabel word aangegee:

(1) die moontlike aantal Snwe. wat deur elke standerd kon opgenoem word;

(2) die aantal gegewe Snwe.;

(3) die aantal korrek-gegewe Snwe.; en die persentasie daarvan in terme van die gevraagde.

(4) afgelei uit(2)en(3), die aantal verkeerde woorde; en die persentasie daarvan in terme van die gevraagde;

(5) afgelei uit (1) en (2), die aantal weggelate woorde; en die persentasie daarvan in terme van die gevraagde.

TABEL 4.

Aantal en Persentasie Snwe. Standerd.

<u>Standerd</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>	<u>: Tot.</u>
(1)Aantal Moontlik	: 2515	: 1255	: 1080	: 715	: 5565
(2)Aantal gegewe	: 2257	: 1245	: 1059	: 712	: 5273
(3)Aantal korrek gegewe	: 2215	: 1240	: 1049	: 712	: 5216
Persent.	: 88.1	: 98.8	: 97.1	: 99.6	: -
(4)Aantal verkeerd	: 42	: 5	: 10	: 0	: 57
Persent.	: 1.7	: .4	: .9	: 0	: -
(5) Aantal weggelaat	: 258	: 10	: 21	: 3	: 292
Persent.	: 10.2	: .8	: 2	: .4	: -

By 'n noukeurige bestudering en analise van die gegewens in Tabel 4 blyk dit:

(1) dat in geen vorm die moontlike aantal Snwe. gegewe is nie.

(2) dat die verhouding van die korrek-gegewe Snwe. per 100 in Vorms II,III,IV en V respekt. so is: 88.1, 98.8, 97.1 en 99.6; daar is dus 'n toeneming van 10.7% van Vorm II na Vorm III; 'n daling van 1.7% van Vorm III na Vorm IV; en 'n styging van 2.5% van Vorm IV na Vorm V.

(3) dat die verhouding van die verkeerde woorde per 100 as volg is: 1.7, .4, .9 en 0. Daar is dus 'n daling van 1.3% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van Vorm III na Vorm IV van .5%; en 'n afnemning van .9% van Vorm IV na

Vorm V. Hieruit volg dat die Ppe. in Vorm V die enigste was wat al die gegewe Snwe. korrek het.

(4) dat die persentasie weggelate Snwe. vir elke standerd so is: 10.2; .8; 2; en .4; dus: daar is 'n afneming van 9.4% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van 1.2% van Vorm III na Vorm IV; en 'n daling van Vorm IV na Vorm V van 1.6%.

(5) dat die aantal weggelate woorde die verkeerde oortref met 8.5% in Vorm II; .4% in Vorm III; 1.1% in Vorm IV; en .4% in Vorm V; in Vorms III en V kom die persentasies ooreen.

Punt I het geen bespreking nodig nie; maar sal in verband met punt 4 weer aangeraak word.

In verband met punt 2 kan wel die volgende gesê word: (a) die styging van Vorm II na Vorm III is hoog. Wat sou die oorsaak wees? 'n Paar moontlike oorsake word aangevoer: (i) die gemiddelde ouderdom van die Vorm II-Ppe. is 14;4 jaar en die van die Vorm III-Ppe. 15;9 jaar. Nou kan dit wees dat die hoë styging toegeskrywe kan word aan die feit dat die Vorm III-Ppe. liggaamlik en geestelik ryper geword het as die Vorm II-Ppe.; (ii) die onderwysmetodes het baie daarmee te doen. Die leerlinge in Vorm II het so pas die hoërskool betree, waar die ~~marx~~ onderwys van die verskillende vakke meestal geskied deur vakmanne. In die laerskool word hierdie toestand nie gekry nie. Al kry ons in die laerskool ook vakmanne, dan moet sulke onderwysers in die meeste gevalle alle vakke onderwys in die standerds waarvoor hul verantwoordelik is. Nou kan dit wees dat die klasonderwysers nie dieselfde metode(s) by die onderwys van die Snw. volg as die vakonderwysers nie. Hierdie verandering moet die Vorm II-Ppe. ondergaan, wat miskien aan die begin as gevolg kan hê dat hul swakker presteer;

(iii) Een jaar van verdere wetenskaplike, stelselmatige onderwys in grammatika self het aan die Vorm III-Ppe. 'n beter kennis besorg van die Snw.; (iv) aan die einde van die Vorm III-kursus word 'n publieke eksamen geskrywe. Dit dien vir die betrokke Ppe. as 'n prikkel tot verhoogde werksprestasie. Hierdie prikkel geld nie in dieselfde mate vir die Vorm II-Ppe. nie. Hul skrywe wel 'n eksamen; maar nie 'n publieke eksamen nie.

(b) Die daling van Vorm III na Vorm IV is abnormaal en onverwag. Wat sou die oorsaak wees? Ons gaan dit in drie opsigte na:

(1) Ten eerste kan die oorsaak nê gesoek word in verlaagde intelligensie nie. Dit is tog 'n feit dat minder

leerlinge in ons skole in Vorm IV is as in Vorm III. In Vorm III is leerlinge wat weens verstandelike aanleg nie die kursus aan die einde van die jaar sal slaag nie. As hul druij, dan kom hulle terug of verlaat die skool geheelenaal. Van hul wat deurkom, sal 'n deel ook die skool verlaat om elders te gaan werk. In Vorm IV sal ons dus kry 'n meer intelligente kind as in Vorm III; hul is die geselekteerde intelligente groep, van wie ons 'n beter prestasie verwag as van hul in Vorm III, Ons kan daarom die oorsaak nie as inwendig beskou nie, maar moet uitwendige redes soek.

(ii) In die Transvaalse skole word geen publieke eksamen aan die einde van die Vorm IV-kursus geskrywe nie, soos wel die geval is in Vorm III. By die Vorm IV-Ppe. lewe dus die besef dat hul nie vanjaar 'n definitiewe kursus afsluit nie, en hul hoef hul nie so tot die uiterste toe in te span nie; soos die Vorm III- of die Vorm V Ppe. Die eksamenprikkel is daarom gladnie so sterk nie. Hierin mag 'n oorsaak lê van die swakker prestasie aan die kant van die Vorm IV - leerlinge in vergelyking met hul in Vorm III.

(iii) Die oorsaak kan in die derde plek gesoek word in swak onderwys. Die Vorm III- en die Vorm V - leerlinge moet vir enige skool naam maak deur hul eksamenresultate. Gevolglik word nie in dieselfde mate aandag aan die Vorm IV-leerlinge soos aan hul gewy nie. Dit kan wees dat die Vorm IV- sowel as die Vorm II-leerlinge om dieselfde genoemde rede verwaarloos word.

(c) Die styging van 2.5% van Vorm IV na Vorm V is klein, maar verwag. Die Vorm V-Ppe. handhaaf hulself as die beste groep leerlinge in die skool wat hul intellektuele insig en wetenskaplike werksmetodes betref.

Punt 3.<sup>(a)</sup> Insake die verkeerde woorde in die daling van 1.3% van Vorm II na Vorm III ooreenkomstig verwagtings. Die daling is nie groot nie, maar bewys in elk geval dat die Vorm III-Ppe. op grond van rypheid, intellektuele gevorderdheid, nie so baie ander rededele met die Snw. verwar as die Vorm II-Ppe. nie.

(b) Ons staan voor die feit dat daar 'n groter verwarring in Vorm IV bestaan as in Vorm III, n.l. .5%. Hoewel die persentasie klein is, dui dit tog aan dat ons hier met 'n uitwendige oorsaak te doen het, n.l. swak onderwys, of liewers, nie genoeg klemlegging aan die kant van die onderwysers nie. Aan intelligensie kan dit nie skeel nie.

(c) Die afneming van .9% van Vorm IV na Vorm V strook met verwagtings. Op grond van hul kennis, dieper insig in en kennis van die Snw. verwar die Vorm V-leerlinge

geen ander rededeel met die Snw. nie. Hul vermoë tot differensiasie van rededele is goed ontwikkel.

Punt 4.(a) Dat die Vorm II-Ppe. die grootste onkunde of onbewustheid aan die dag sal lê, deur 10.2% woorde weg te laat, rym met ons beskouings. Die afnemings van weglatingsfoute van 9.4% van Vorm II na Vorm III is abnormaal hoog, as ons die persentasies van die ander standers in gedagte hou. Wat is die oorsaak hiervan? Ons beskou die redes as dieselfde soos opgenoem onder punt 2 (a), n.l. rypheid, onderwysmetodes, een jaar van verdere stelselmatige en wetenskaplike onderwys, en die eksamenprikkel.

(b) Die styging van 1.2% van Vorm III na Vorm IV is verrassend. In hierdie verband soek ons nie 'n <sup>in</sup>uitwendige rede nie, maar 'n uitwendige, soos duidelik gemaak onder punt 2 (b), n.l. nie genoeg intensiewe aandagsbesteding aan die kant van die onderwysers nie, soos b.v. wel die geval met die Vorm III- en Vorm V-leerlinge is.

(c) Ooreenkomstig redelike verwagtings is daar 'n daling van 1.6% van weglatingsfoute van Vorm IV na Vorm V. Die Vorm V-leerlinge is die enigste in die hoërskool wat sodanige kennis van die Snw. het, dat hul net drie woorde weggelaat het. Hul is die enigste wat die gestelde opdrag taamlik suiwer en noukeurig kon uitvoer. Die drie weglatingsfoute mag die gevolg wees van onnoukeurigheid en/of weens onbewuste weglating.

Punt 5 het geen verdere bespreking nodig nie as net dit: dit tref ons dat die onkunde, onnoukeurigheid en/of onbewuste weglating in elke standerd groter is as die verwarring van ander rededele met die Snw.

(b) Die besondere bespreking van die Snwe. onder (3) in Tabel 4, bl.34, val onder die volgende hoofde uiteen: (i) Konkrete Snwe.: (a) Eiename, (b) Soortname en (ii) Abstrakte Snwe., soos in Tabel 5 saamgevat.

In die Tabel 5 word die aantal en persentasies van elk vir elke standerd gegee

TABEL 5.

Aantal en Persentasie van verskillende soorte Snwe. gebesig deur alle standers.

Soorte	: Vorm II	: Vorm III	: Vorm IV	: Vorm V	: Tot.
(1)Aantal					
Konkreet:	2205	1230	1029	688	5152
Persent. :	87.7	98	95.2	96.2	-
(a)Aantal					
eiename :	698	269	156	73	1196
Persent. :	27.8	21.4	14.4	10.2	1
(b)Aantal					
Soortname :	1507	961	873	615	3956
Persent. :	59.9	76.6	80.8	86	1
(ii)Aantal					
Abstrak :	10	10	20	24	64
Persent. :	.4	.8	1.9	3.4	-

(N.B. Alle persent sies in Tabel 5 is bereken in terme van die gevraagde aantal Snwe.)

Uit Tabel 5 blyk die volgende:

(1) Die persentiele verhouding van die konkrete Snwe. vir die verskillende standards is: 87.7, 98, 95.2 en 96.2, d.w.s. daar is 'n styging van 10.3% van Vorm II na Vorm III; 'n afnemings van 2.8% van Vorm III na Vorm IV; en 'n toeneming van 1% van Vorm IV na Vorm V

(2) Per 100 is die verhouding van die eiename 27.8, 21.4, 14.4, 10.2, m.a.w. daar is 'n daling van 6.4% van Vorm II na Vorm III; 'n daling van 7% van Vorm III na Vorm IV, en 'n daling van 4.2% van Vorm IV na Vorm V. Ons merk dus dat daar in elke volgende standaard 'n vermindering van die persentasie eiename is.

(3) In die verhouding van 59.9, 76.6, 80.8 en 86 wat soortname betref, merk ons op 'n styging in die persentasie van standaard tot standaard. Die styging is soveel: 16.7% van Vorm II na Vorm III; 4.2% van Vorm III na Vorm IV en 5.2% van Vorm IV na Vorm V.

(4) 'n Gedurige toeneming van abstrakte Snwe. word gekonstateer deur die verhouding .4, .8, 1.9 en 3.4 vir Vorms II, III, IV en V, respekt. Die ~~graad~~<sup>grootte</sup> van die toeneming is as volg: .4% van Vorm II na Vorm III; 1.1% van Vorm III na Vorm IV; en 1.5% van Vorm IV na Vorm V.

(5) Word die resultate onder (1) en (ii) in Tabel 5 vergelyk, dan word gemerk dat die konkrete Snwe. die abstrakte Snwe. met 87.3% oortref in Vorm II, met 97.2% in Vorm III, met 93.3% in Vorm IV, en met 92.8% in Vorm V. Die konkrete Snwe. oorweeg dus in elke standaard.

Punt 1. Die styging van 10.3% van Vorm II na Vorm III is hoog. Hieruit lei ons af dat die konkrete Snwe. vir die Vorm III-Ppe. 10.3% meer aan betekenis gewin het as vir die Vorm II-Ppe. Dit is nie duidelik waarom die styging so hoog is nie. By die interpretasie van die resultate moet versigtiglik in hierdie verband te werk gegaan word, omdat ons altyd die persentasies korrek-gegewe Snwe. in ag moet neem. (Sien Tabel 4, bl.34.)

Die daling van 2.8% van Vorm III na Vorm IV is verwag en nie groot nie. Hoe ouer die leerlinge na Vorm III word hoe kleiner word die persentasie konkrete Snwe., omdat daar ander Snwe. is wat toeneem. Hierby kom ons later.

Die toeneming van konkrete Snwe. met 1% van Vorm IV na Vorm V is onverwag, en verrassend. Maar bring ons die resultaat in verband met die persentasies korrekte Snwe. vir Vorms IV en V, in Tabel 4, bl.34, dan kry die saak 'n ander kleur. Die Vorm V-Ppe. gee 1% meer konkrete Snwe. as die

Vorm IV-Ppe., omdat hul 2.5% meer korrekte Snwe. gegee het as hul in Vorm IV. Onder die 2.5% is daar nou 1% konkrete Snwe., terwyl die orige 1.5% by die abstrakte Snwe. gevoeg word.

Punt 2. Dit is merkwaardig dat daar 'n daling van standerd tot standerd plaasvind, wanneer ons kom by die eiename. Hoe ouer die leerlinge word en hoe meer hul worder in skoolkursusse hoe duidelik merk ons dat die eiename soos deur hul gebesig, beperk word in hul funksie en omvang. Waar die eiename vir 27.8% in die denke van die Vorm II-Ppe. intree, daar is dit slegs vir 10.2% in die van die Vorm V-Ppe.

Punt 3. Die tendens by die eiename vind ons by die soortname omgekeer. Hier merk ons op 'n gedurige styging in die omvang wat die soortname aanneem. Die styging van 16.7% van Vorm II na Vorm III is baie hoog, veral as ons die daaropvolgende stygings in aanmerking neem. Waarom sou dié wees? Oor die algemeen geneem het die Vorm III-Ppe. baie meer gelees as die Vorm II-Ppe., by wie die soortname ook 'n taamlike groot rol speel. Nou bestaan daar 'n neiging by alle kinders, by hul ouerwording, om minder aandag te skenk aan die bestudering van individuele dinge en meer aan die van groepe of soorte, waarbinne die individuele ook sy plek het. In hul leesstof sou die Vorm III-Ppe. dus meer die aandag vestig op die naam van die soort as op die van die spesifieke.

Die styging van 4.2% van Vorm III na Vorm IV is baie kleiner as die voorafgaande, maar tog verwag. Dit geld ook vir die styging van 5.2% van Vorm IV na Vorm V. In die hoërskool is die totale styging van die omvang van die soortname, van Vorm II na Vorm V, so groot as 26.1%, en die daling in die omvang van eiename so groot as 17.6%.

Punt 4. Die toeneming van abstrakte Snwe. soos van standerd tot standerd gekonstateer, rym met verwagtings. Die rol wat abstrakte Snwe. in die denke van die Ppe. van elke klas speel is gering, dog waardewol. As die leerlinge die hoërskool betree, dan dink hul so min as .4% aan abstrakte Snwe.; maar as hulle aan die einde van die hoërskool-kursus staan, dan dink hul vir 3.4% daarvan, m.a.w. daar is 'n totale vermeerdering van 3%.

Wat sou die oorsaak hiervan wees? Ons soek dit in die leesaktiwiteite van die leerlinge, in die kursusse waarmee hul besig is, en veral in die taalstudie wat hul doen. Dit strook met die ontwikkeling van die denke van die leerlinge dat hul naas die konkrete begrippe ook meer en meer dink aan abstrakte begrippe. Die terme waarmee hul werk, wat gehoor word in verband met hul hoër kursusse, verg meer en

meer dat die leerlinge abstrak moet dink, los van die konkrete dinge af. In verband hiermee moet ons in gedagte hou, dat die konkrete begrippe in elke standaard oorwegend bly, soos duidelik weerspieel onder Punt 5.

(c) Die aandag word nou in die besonder gevestig op die Snwe. onder (1): (a) en (b) in Tabel 5, bl.37. Vooraf wil ons net sê wat onder konkrete Snwe. verstaan word, omdat die eiename en soortname 'n onderdeel daarvan vorm: Konkrete Snwe. stel voor persone, diere of dinge wat 'n tasbare vorm het. (5:63)(34:16).

(i) Konkrete Snwe.:

(a) Eiename.

Dit is name wat beperk word tot of eie is aan 'n spesiale persoon of saak (34:16), of dier of ding of plek.

In Tabel 6 word gegee die eiename met 'n totale frekwensie bo 20, soos gebesig in elke standaard.

TABEL 6

Eiename.

<u>Woorde</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>	<u>: Tot.</u>
Jan	: 156	: 52	: 36	: 20	: 264
Piet	: 123	: 50	: 26	: 15	: 214
Koos	: 51	: 20	: 12	: 1	: 84
Klaas	: 36	: 7	: 4	: 4	: 51
Pretoria	: 27	: 12	: 3	: 5	: 47
Johannesburg	: 19	: 12	: 3	: 5	: 39
Potchefstroom	: 9	: 12	: 5	: 2	: 28

Uit die Tabel word afgelei dat:

(1) die Epe. in elke standaard het Jan die meeste gebesig, n.l. 22.1% in terme van al die eiename. Daarop volg Piet wat die tweede meeste deur elke standaard opgenoem is, n.l. 17.9% in terme van al die eiename. Net in verband met die rangorde van die genoemde woorde is daar ooreenstemming tussen al die standerds.

(2) daar taamlike ooreenkomste en verskille tussen verskeie standerds is, wat die rangorde van die orige woorde in die Tabel betref, b.v.: Koos staan derde in Vorms II, III en IV; maar Pretoria en Johannesburg in Vorm V; Klaas staan vierde in Vorm II; maar Pretoria, Johannesburg en Potchefstroom in Vorm III; terwyl dit Johannesburg in Vorm IV is, ens.

(3) die eerste vier plekke in die Tabel gevul word deur 4 persoonsname, en wel die name van seuns.

(4) die vyfde, sesde en sewende plek gevul word

met drie plekname, n.l. Pretoria, Johannesburg en Potchefstroom.

(5) tussen die eie name met 'n frekwensie bo 20 geen meisiesnaam verskyn nie.

Punt 1. Jan word 264-maal deur die hoerskool-leerlinge opgenoem, of vir 22.1% uit die totaal van 1196 eie-name. Al die Standerds het van Jan die meeste voorbeelde gegee. Hoekom? Die rede lê opgesluit in die feit dat Jan die welbekende naam vir 'n seun is, en in die alledaagse lewe word dit die meeste gebruik, dit wil sê meer seuns word genoem Jan as b.v. Hendrik of Sarel. Dit is dus heel natuurlik dat meer Ppe. aan Jan sal dink as aan enige ander naam.

Naas Jan vind ons Piet wat 17.9% uitmaak van die 1196 eiename, d.w.s. Jan en Piet maak saam 40% of twee-vyfdes van die eiename uit. Die twee se omvang is groot. Piet word die tweede meeste gebesig deur die standerds, omdat Piet ook 'n welbekende en gebruiklike naam vir 'n seun is. Deur hul veelvuldige gebruiksaanwending in die mondelinge sowel as geskrewe taal word Jan en Piet in die denke van byna alle persone met mekaar geassosieer. Hierdie feit spreek nog duideliker en word mooi bewys, wanneer verskeie toetspapiere ter hand geneem word. Op baie toetspapiere vind ons dat Jan en Piet naasmekaar geskrywe staan.

Punt 2. Dit het geen verdere bespreking nodig nie, behalwe dit: dat die rangordes van die verskillende woorde ons 'n insig gee in die denkrigtinge van leerlinge in verskillende standerds: netsowel as wat daar individuele verskille in die algemeen bestaan, netso is daar verskille tussen standerds.

Punte 3 en 5. Dit is eienaardig dat, hoewel sowel seuns as meisies in elke standerd getoets is, meer aan seunsname as aan meisiesname gedink word. Dit bewys dat die meisiesname in die algemeen nie so'n belangrike rol as seunsname vervul in die geskrewe taal van die hoerskool-leerlinge nie.

Wat Punt 4 betref, kan dit gese word: (a) Plekname beklee 'n plek ondergeskik aan die van seunsname in die denke van die leerlinge, maar ook daaraan word meer gedink as aan meisiesname, wat later sal aangegee word. (b) Hoekom word die meeste gedink aan Pretoria, dan aan Johannesburg, daarna aan Potchefstroom, as ons die totaal van elk inagneem?

Pretoria is die administratiewe hoofstad van die Unie en ook die hoofstad van Transvaal. Dit is 'n sentrum van baie groot belang. Daarom word daarvan die meeste ~~kyk~~ vbe. opgenoem. Dan volg Johannesburg. Dit is die groot goudstad van Transvaal en van die Unie. Die ekonomiese waarde van die plek het aan hom die tweede rangorde tussen die plek-

name besorg. Ten derde volg Potchefstroom, die ou hoofstad van Transvaal, wat sekerlik sowel deur/<sup>sy</sup>grootte as deur sy historiese waarde die aandag van die leerlinge getrek het.

Merkwaardig is die feit dat aan drie plekke in Transvaal gedink word en nie ook aan plekke soos b.v. Durban, Bloemfontein, Kaapstad, Grahamstad e.d.m. nie, wat ook van groot belang is, maar in ander provinsies geleë. Die bekende en naaste kry dus voorkeur. Daar word gesê naaste, omdat die getoetstes Transvaalse kinders is.

Pretoria, Johannesburg en Potchefstroom is die drie grootste plekke in Transvaal. Dit kan ook wees dat net die grootte van aldis bepalend was vir die opnoeming van elk.

Behalwe die gegewe eiename in Tabel 6 is daar nog o.a. die volgende met 'n kleiner frekwensie as 20, n.l.: Willem (17); Hendrik (16); Sannie (14); Suid-Afrika (9); Anna (9); Standerton (7); Bettie (7); Lenie (7), ens.

#### (b) Soortname.

Wat verstaan ons onder soortname? Soortname is name wat nie beperk is tot 'n spesiale persoon of saak nie, maar op baie persone of sake van toepassing is. (34:16), of "'n soortnaam is 'n benaming vir talryke persone of dinge van dieselfde geaardheid." (5:64).

Tabel 7 gee die frekwensie van sekere meesvoorkomende soortname vir elke standerd aan. Net die soortname met 'n totale frekwensie bo 100 word in die Tabel gegee.

TABEL 7.

#### Soortname.

<u>Woorde</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>	<u>: Tot.</u>
Bank	: 159	: 88	: 78	: 56	: 381
Tafel	: 138	: 80	: 60	: 40	: 318
Stoel	: 101	: 48	: 41	: 31	: 221
Perd	: 85	: 51	: 35	: 19	: 190
Boek	: 53	: 28	: 51	: 32	: 164
Hond	: 66	: 35	: 33	: 20	: 154
Huis	: 42	: 33	: 46	: 18	: 139
Man	: 72	: 24	: 25	: 9	: 130
Skool	: 39	: 28	: 32	: 30	: 129
Pen	: 46	: 25	: 34	: 19	: 124

Wat Tabel 7 betref, word die volgende afgelei:

(1) dat meer vbe. van bank in elke standerd as van enige ander woord opgenoem is, n.l. 381 vbe. wat so oor die standerds verdeel word: Vorm II 159 vbe.; Vorm III 88 vbe.; Vorm IV 78 vbe.; Vorm V 56 vbe. Hier kan ook gemeld word dat Tafel in elke standerd tweede staan in rang. Net ten opsigte van die twee genoemde woorde is daar ooreenstemming tussen

alle standerds. Van tafel is 138 vbe. gegee in Vorm II, 80 in Vorm III; 60 in Vorm IV; en 40 in Vorm V, tot. 318 vbe.

(2) dat daar taamlike verskille en ooreenstemminge tussen verskeie standerds bestaan wat die rangorde van die orige woorde in die tabel betref, b.v. (a) stoel staan derde in Vorm II, perd in Vorm III; boek in Vorm IV en V; (b) perd staan vierde in Vorm II; stoel in Vorm III; huis in Vorm IV, en stoel in Vorm V; (c) in die sewende plek staan boek in Vorms II en III, maar ook skool in laasgenoemde; pen in Vorms IV en V, maar ook perd in laasgen.

(3) dat 10 voorwerpe se name in Tabel 7 gegee is, waarvan 7 die name is van lewelose voorwerpe, n.l. bank, tafel, stoel, boek, huis, skool en pen; die orige drie is name van lewende voorwerpe, n.l. perd en hond (van diere), en man (mens).

(4) dat ses van die 10 gegewe name name is van voorwerpe wat in die onmiddellike omgewing van die leerlinge kon gekry word, toe hul die toetse geskrywe het, n.l. bank, tafel, stoel, boek, skool en pen. Hierby kan ook man gevoeg word, hoewel dit 'n bietjie onwaarskynlik is dat die leerlinge juis hierdie voorwerp net in die klaskamer opgemerk het.

Punt 1. Bank het die hoogste frekwensie in elke standerd, waarskynlik omdat dit die voorwerp is waarop die leerlinge gesit en toetse skrywe het. Dit kan ook wees dat die veelvuldigheid van die voorwerpe in die klaskamer hul aan die leerlinge opgedring het. Na bank volg tafel, ook 'n voorwerp wat in elke klaskamer aangetref word. Die tafel is gewoonlik groter as die banke in die klaskamer en word gebruik vir die toebehore van die onderwyser. Dit alles bring mee dat die standerds die tweede meeste vbe. van tafel opge-noem het.

Punt 2 dui aan die uiteenlopende belangstellings- rigtings van klasse soos hul mekaar opvolg. Telkens tree ander begrippe in die denke van die leerlinge van elke klas op, namate die een 'n groter funksie vervul as die ander een. Na die funksie wat die woorde vervul na die mate verkry hul primaatskap in die denke.

Punt 3 gee 'n klein beeld van die ware toestand van sake, n.l. dat in alle standerds/<sup>meer</sup>gedink word aan name van lewelose dinge as aan die van lewende dinge. Dit bewys dat die soortname van lewelose dinge 'n groter rol in die denke van hoerskool-leerlinge speel as die soortname van lewende voorwerpe.

Punt 4. Onder die 10 soortname in die tabel, is daar ses van voorwerpe wat in elke klaskamer gekry word, w.o. woorde is wat die hoogste, tweede hoogste en derde hoogste

frekwensie het, n.l. bank, tafel en stoel. Daar word dus meer gedink aan voorwerpe in die onmiddellike omgewing van die kind as aan verwyderde voorwerpe. Dit geld in hierdie geval natuurlik vir die moment toe die leerlinge die toets geskrywe het.

Ander soortname met 'n kleiner frekwensie as 100 en wat nie in die tabel aangegee is nie, is o.a.: boom (99); potlood (88); mens (82); mes (76); kas (65); seun (64); bees (55); kat (53), ens.

(11) Abstrakte Snwe.

Hier het ons te doen met Snwe. wat val onder (11) in Tabel 5, bl.37. Wat is dit?

"Abstrakte snw. ----- stel begrippe voor, waarby die menslike gees meer afgetrek is van die waarneembare werklikheid." (5:63).

In Tabel 8 word die abstrakte Snwe. vir elke standerd aangegee.

TABEL 8

Abstrakte Snwe.

<u>Vorm</u>	<u>:</u>	<u>Woorde</u>
II	:	<u>gedagte</u> , <u>liefde</u> (6) <sup>9</sup> , oorwinning, vreugde, haat.
III	:	<u>gedagte</u> , <u>liefde</u> (4), geheue, eerbied, skoonheid, gehoorsaamheid, saligheid.
IV	:	<u>gedagte</u> , (3), <u>liefde</u> (11), hoop, vryheid, verstand, vreugde (2), gesondheid.
V	:	<u>gedagte</u> (3), <u>liefde</u> (3), besigheid, doel, aand- : stilte, eerlikheid (2), goedheid, heimwee, hoog- : moed, moeilikheid, morestond, vriendelikheid (2), : geleerdheid, gevoelloosheid, ouderdom, respek,te, : verjaarsdag, godsdiens.

Die woorde onderstreep dui aan dat hul die enigste is wat deur alle standerds opgenoem is, n.l. gedagte en liefde. Origens kom die ander Snwe. eenmaal voor tensy anders aangedui. Die leerlinge van Vorm IV noem die meeste vbe. van liefde op, waarvan 7 gegee is deur die Seuns en 4 deur die Meisies. Die liefdesprobleem hou die gedagtes van hierdie leerlinge op 'n gemiddelde ouderdom van 16;4 jaar die meeste besig. Van liefde is 24 vbe. of, in terme van die hele aantal abstrakte Snwe., 37.5%. Dit is heel natuurlik dat alle standerds vbe. van liefde opnoem, omdat liefde so'n groot rol speel dwarsdeur die lewensjare van alle kinders.

Die aantal verskillende abstrakte Snwe. wat in Vorms II, III, IV en V opgenoem geword is; is: 5, 7, 7 en 18 respekt. Daar word gekonkludeer dat, behalwe van Vorm III na Vorm IV, die omvang en verskeidenheid van die abstrakte Snwe. van jaar tot jaar toeneem, veral van Vorm IV na Vorm V.

/ Getalle in hakies dui frekwensie aan.

(iii) Verkeerde Woorde.

Die woorde onder (4) in Tabel 4, bl. 34, word nou vir elke standaard gegee.

In Tabel 9 word aangegee nie al die verkeerde woorde van Vorm II nie -- 42 is te veel -- maar almal van Vorms III en IV.

TABEL 9

Verkeerde Woorde.

Rededele	: Byv.nw.	: Vnw.	: Ww.	: Voegw.
Vorm II	: geheimsin- : nige : agtelosige : <u>fyn, sag.</u>	: ek, hy (3), : (2), haar, : hom, hulle, : julle, jy (2)	: ons: <u>gebruik, geword:</u> : <u>geneel, gesien,</u> : <u>gegooi, ry,</u> : <u>skrywe, gaan.</u>	:
Vorm III	:	: hulle, ek, jy.	: lok.	: dan.
Vorm IV	: <u>vaak</u> :	: ek, jy (3), jou, : (2), julle (2):	: lok.	:

Wat die onderstreepte woorde in die Byv.nw.-kolom betref, kan fyn, sag en vaak ook Bywe. wees. Die onderstreepte woorde in die Ww.-kolom is Verlede Deelwoorde, wat 'n onderdeel van die Ww. vorm.

In elke standaard, merk ons op word telkens meer Vnw. as ander rededele met die Snw. verwar. Net in Vorms II en IV is Byv.nw. met die Snw. verwar; verder het net Vorm III een Voegwoord met die Snw. verwar. Wat die Wwe. betref, het die Vorm II - leerlinge meer daarvan met die Snw. verwar as die leerlinge is Vorms III en IV. Onder die Wwe. wat die Vorm II-leerlinge opgenoem het, sorteer veral die Verlede Deelwoorde. In Vorms III en IV is dieselfde Ww., n.l. lok, opgenoem.

(iv) Geslagsverskille.

Die geslagsverskille word ondersoek onder (3), (4) en (5) in Tabel 4, bl. 34, en onder (a), (b) en (ii) in Tabel 5, bl. 37. Die aantal Snwe. en persentasie daarvan word vir elke geslag in elke standaard gegee. Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal Snwe. vir elke geslag in elke standaard.

In Tabel 10 word die volgende gegewens verstrek:

- (1) die moontlike aantal Snwe.
- (2) die aantal gegewe Snwe.
- (3) die aantal korrek-gegewe Snwe. en persentasies daarvan.
- (4) die aantal verkeerde woorde en persentasies daarvan.
- (5) die aantal en persentasie weggelate woorde.
- (6) die aantal en persentasie eiename.
- (7) die aantal en persentasie soortname.
- (8) die aantal en persentasie abstrakte Snwe.

TABEL 10.

Aantal en Persentasie Snwe. Geslag.

Standaard	:Vorm II		:Vorm III		:Vorm IV		:Vorm V	
Geslag	: S	: M	: S	: M	: S	: M	: S	: M
(1) Aantal moontlik	:1555:	960:	670:	585:	630:	450:	510:	205
(2) Aantal gegee	:1306:	951:	670:	575:	624:	435:	510:	202
(3) Aantal korrek-gegee	:1295:	920:	666:	574:	618:	431:	510:	202
Persent.	:83.3:	95.8:	99.4:	98.1:	98.1:	95.8:	100:	98.5
(4) Aantal verkeerd	: 11:	31:	4:	1:	6:	4:	0:	0
Persent.	: .7:	3.2:	.6:	.2:	.95:	.9:	0:	0
(5) Aantal weggelaat	: 249:	9:	0:	10:	6:	15:	0:	3
Persent.	: 16:	1:	0:	1.7:	.95:	3.3:	0:	1.5
(6) Aantal eiename	: 454:	244:	140:	129:	102:	54:	47:	26
Persent.	:29.2:	25.4:	20.9:	22.1:	16.2:	12:	9.2:	12.7
(7) Aantal soortname	: 835:	672:	520:	441:	503:	370:	447:	168
Persent.	:53.7:	70:	77.6:	75.4:	79.8:	82.2:	87.7:	81.9
(8) Aantal abstrak	: 6:	4:	6:	4:	13:	7:	16:	8
Persent.	: .4:	.4:	0.9:	.6:	2.1:	1.6:	3.1:	3.9

Die volgende word uit Tabel 10 afgelei:

(1) Dat net in Vorms III en V geslagsverskille bestaan wat die gevraagde aantal woorde betref. In albei standerds het die S. die gevraagde aantal woorde opgenoem, die M. nie.

(2) Dat in drie standerds, n.l. in Vorms III, IV en V, die S. die M. oortref het in die persentasie korrek-gegewe Snwe. Slegs in Vorm II het die M. die S. oortref met 12.5%, wat 'n baie hoë persentasie is vergeleke by 1.3% waarmee die S. die M. in Vorm III oortref, 2.3% in Vorm IV en 1.5% in Vorm V. Dus ken die M. die Snw. beter as die S. in Vorm II. Maar as die kursusse stywer word en die ouderdomme na die gemiddelde styg, dan toon die S. dat hul 'n beter kennis daarvan het as die M.

(3) Dat in Vorms II, III en IV uitgewys word dat daar by die S. sowel as by die M. 'n mate van verwarring bestaan tussen rededele. In hierdie gevalle vind ons dat woorde wat onder ander rededeelgroepe sorteer, beskou is as Snwe. Die grootste verwarring word gekry by die M. van Vorm II wat 2.5% meer woorde verkeerd het as die S. In Vorm III het die S. egter .4% meer foute in hierdie rigting begaan as die M. Wat die S. sowel as die M. in Vorms IV en V betref, dien te vermeld dat die verskil in eersgen. nie noemenswaardig is nie, en in laasgen. geen verskil bestaan nie.

(4) Dat daar 'n groot verrassing in Vorm II wag: die S. het 15% meer weglatingsfoute as die M., d.w.s. die M. is verreweg nie so onkundig i.v.m. die Snw. as die S. nie.

Dit word beter gestaaf as ons die totale persentasies foute onder (4) en (5) in Tabel 10, bl.46, neem: 16.7 vir die S. en 4.2 vir die M.

Betreffende Vorms III, IV en V het die M. elke keer 'n groter persentasie weglatingsfoute as die S., n.l. 1.7, 2.35 en 1.5 respekt. Word die persentasies foute van elke geslag onder (4) en (5) in Tabel 10, bl.46, saamgevat, dan word definitief bewys dat die M. in al drie standerds meer foute as die S. i.v.m. die Snw. begaan het, n.l. .6(S), 1.9 (M) -- Vorm III; 1.9 (S), 4.2 (M) -- Vorm IV; en 0 (S), 1.5 (M) -- Vorm V.

(5) In verband met die eiename word gekonstateer dat: (a) die M. in twee standerds meer eiename neergeskrywe het as die S., n.l. in Vorms III en V: 1.2% en 3.5% respekt., terwyl (b) die S. meer eiename as die M. in Vorms II en IV opgenoem het, n.l. 3.8% en 4.2% respekt.

(6) Dat in elke standaard deur sowel die S. as die M. meer soortname neergeskrywe is as eiename. Verder: hier word die S. en die M. van Vorms II en IV saam gegroep, en die S. en die M. van Vorms III en V; in eenen. standerds het die M. die S. oortref met 16.3% en 2.4% respekt., terwyl die S. die M. in laasgen. standerds met 2.2% en 5.8% respekt. oortref het.

(7) Dat daar in Vorm II geen verskil tussen die S. en die M. is nie, wat betref die persentasie abstrakte Snwe. Albei geslagte het .4% abstrakte Snwe. opgenoem. In Vorms III en IV egter het die S. 'n groter persentasie opgenoem as die M., n.l. .3 en .5 respekt.; maar in Vorm V het die M. die S. oortref met .8%.

-----

2 Vraag Twee.

Dit gaan hier om die ondersoeking van die definisie van die Snw.. Sien die bylae, bladsy 132, vir die bewoording van die vraag.

Voordat die bevindinge onder hierdie vraag gegee word, word eers 'n paar definisies van die Snw. gegee, soos geformuleer deur bekende grmmatici. Hul geld dan as die norme waarvolgens die definisies van die leerlinge beoordeel is. Hul is as volg:

1. "'n Selfstandige naamwoord dui 'n selfstandigheid aan (letterlik iets wat self kan steen), en dit is in sy eenvoudigste gedaente 'n tasbare ding, b.v. 'n muur." (5:62).
2. "Die name van mense, diere, plekke, voorwerpe en begrippe noem ons selfstandige naamwoorde." (7:38).
3. "'n Selfstandigheid is iets wat op homself bestaan, bv. 'n mens, 'n klip, 'n boek, suiker, ens.. 'n Mens sou dink dat 'n Selfstandige Naamwoord dan die naam van 'n ~~kind~~ selfstandigheid moet wees -----. 'n Selfstandige Naamwoord is die naam van 'n werklike of denkbeeldige werklikheid." (51:3,4).
4. "If a word gives a name to some individual person or thing or to some kind of person or thing, the word is a Noun ----." (32:1).

Uit die gegewe defin. blyk hoe moeilik dit is om 'n vasstaande norm vir die bewoording van die Snw. defin. te gee. 'n Goede of omvattende defin. is egter die een wat klem daarop lê, dat 'n Snw. 'n woord is wat die naam aandui van 'n persoon, 'n dier, 'n ding en van 'n denkbeeldige begrip. So 'n defin. sal enigsins die volle funksie van die Snw. uitbring, veral as dit nie seker is met watter Snwe. te doen is nie. Maar is die Snwe. bekend waarop die defin. betrekking het, gestel hulle is Piet, Jan, Klaas en Karel, dan is dit genoeg om te sê: "'n Snw. is 'n woord wat die naam van 'n persoon aandui."

(a) Tabel 11 bevat die volgende gegewens:

- (1) die aantal moontlike defin. wat deur elke standaard kon gegee word.
- (2) die aantal gegewe defin.
- (3) die aantal en persentasie<sup>1</sup> korrek-gegewe defin.
  - (a) die aantal en persentasie logies-afgeleide defin.
  - (b) die aantal en persentasie nie-logies-afgeleide defin.
- (4) die aantal en persentasie verkeerde defin.
- (5) die aantal en persentasie weggelate defin.

<sup>1</sup> Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal defin.

TABEL 11.

Aantal en Persentasie Defin. Standaard.

Standaard	:Vorm II	:Vorm III	:Vorm IV	:Vorm V	: Tot.
(1) Aantal moontlik	: 503	: 251	: 216	: 143	: 1113
(2) Aantal gegee	: 492	: 248	: 215	: 142	: 1097
(3) Aantal korrek-gegee	: 428	: 227	: 201	: 134	: 990
Persent.	: 85.1	: 90.4	: 93.1	: 93.7	: -
(a) Aantal logies-afgelei	: 188	: 125	: 108	: 87	: 508
Persent.	: 37.4	: 49.8	: 50	: 60.8	: -
(b) Aantal nie-logies-afgelei	: 240	: 102	: 93	: 47	: 482
Persent.	: 47.7	: 40.6	: 43.1	: 32.9	: -
(4) Aantal verkeerd	: 64	: 21	: 14	: 8	: 107
Persent.	: 12.7	: 8.4	: 6.4	: 5.6	: -
(5) Aantal weggelaat	: 11	: 3	: 1	: 1	: 16
Persent.	: 2.2	: 1.2	: .5	: .7	: -

Die afleidings uit Tabel 11 gemaak is as volg:

(1) In geen enkele standaard is die moontlike aantal defin. neorgeskrywe nie.

(2) Die persentiele verhouding van die korrekte defin. is só: 85.1, 90.4, 93.1 en 93.7. Dus is daar van jaar tot jaar 'n toeneming in die persentasie korrekte defin. Die styging van Vorm II na Vorm III is 5.3% groot; van Vorm III na Vorm IV 2.7%; van Vorm IV na Vorm V .6%.

(3) Die persentiele verhouding van die logies-afgeleide defin. is só: 37.4, 49.8, 50, 60.8, d.w.s. daar is 'n styging van 12.4% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van .2% van Vorm III na Vorm IV, en ook 'n styging van 10.8% van Vorm IV na Vorm V.

(4) Die verhouding van die nie-logies-afgeleide defin. per 100 is as volg: 47.7, 40.6, 43.1, 32.9. Daar word dus opgemerk 'n daling van 7.1% van Vorm II na Vorm III; 'n toename van 2.5% van Vorm III na Vorm IV, en weer 'n afname van 10.2% van Vorm IV na Vorm V.

(5) Die verhouding van die verkeerde Defin. per 100 is só: 12.7, 8.4, 6.4 en 5.6. Daar is dus 'n algehele afname van verkeerde defin. van standaard tot standaard. Die grootte van die dalings is as volg: 4.3% van Vorm II na Vorm III, 2% van Vorm III na Vorm IV, en .8% van Vorm IV na Vorm V.

(6) Die persentiele verhouding van die weggelate

defin. is so: 2.2, 1.2, .5 en .7. Van Vorm II tot in Vorm IV is daar 'n vermindering in die persentasie defin., wat in Vorm V weer effens styg. Dit mag wel gesê word dat daar geen verskil in die aantal verkeerde defin. in Vorms IV en V is nie; maar daar is tog 'n geringe persentiele verskil. Van Vorm II na Vorm III is daar dus 'n afname van 1%; van Vorm III na Vorm ~~IV~~ ~~V~~ .7%; maar 'n styging van .2% van Vorm IV na Vorm V.

Punt 1. Dit is 'n bietjie onverwag om uit te vind dat nie alle hoërskool-leerlinge in hul eie woorde kan sê wat 'n Snw. is nie. Die Snw. is tog 'n rededeel waarmee al vroeg kennis gemaak word in die laerskool. Ons verwag dat die leerlinge wat die laerskool-kursus deurloop het, almal in hul eie woorde kan sê wat 'n Snw. is, gesien dit een van die vernaamste taalelemente is, waarmee die kind sy gedagtes (begrippe) verwoord.

Punt 2. Die gegewens in hierdie verband is pragtig. In die onderwys van enige vak op skool, so ook in die onderwys van taalfakte, neem ons aan dat daar 'n dinamiese element in die kennis van die leerlinge moet wees. Dit vind ons mooi weerspieël in afleiding 2, waar van jaar tot jaar 'n vermeerdering van korrekte defin. gekonstateer word. Die styging van Vorm II na Vorm III, n.l. 5.5%, is taamlik hoog in vergelyking met die stygings van 2.7% en .6% daarna. Dit is egter heeltemal aanneemlik dat die Vorm III-Ppe. (a) deur een jaar verdere studie, (b) weens die publieke eksamenprikkel en (c) as gevolg van ryphoid, in staat is tot 'n verhoogde kennisprestasie.

Wat punt 3 betref, is dit verblydend om te kan meld dat daar ook 'n algehele vermeerdering van logies-afgeleide defin. van Vorm II tot in Vorm V is. Om eers duidelik te maak wat verstaan word onder die logies-afgeleide defin., word 'n voorbeeld van so'n defin. gegee: " 'n Snw. dui aan die naam van 'n persoon." Die vbe. van Snwe. wat die defin. voorafgaan, is: Piet, Jan, Lenie, Hendrik en Klaas. Aangesien die vbe. vooraf opgenoem is, is dit duidelik dat die Pp. by die definiëring van die Snw. die vbe. inaggeneem het, m.a.w. die defin. is gebou op of logies afgelei van die vbe.. Met sulke defin. het ons nou nêr te doen.

Om weer verder te gaan met die bespreking: die styging van 12.4% van Vorm II na Vorm III is taamlik hoog. Wat sou die oorsaak wees? Die logies-afgeleide defin. is die resultaat van die egte wetenskaplike metode van werk, n.l. konklusies trek uit of feite aflei van die versamelde en voorhande gegewens. As gevolg van een jaar se verdere sistematiese en wetenskaplike onderwys het die Vorm III-Ppe. 'n beter

insig as die Vorm II-Ppe. gekry in die wetenskaplike metode van afleidinge te maak en definisies op te bou. Vermoedelik kan hierby gevoeg word dat 'n oorsaak die ryphed van die Vorm III-Ppe. is vir die wetenskaplike denkgewoonte.

Die styging van .2% van Vorm III na Vorm IV is gering, dog verwag. Die Vorm IV-Ppe. toon dus nie 'n groot verbetering op hul voorgangers in hierdie opsig nie. Die Vorm IV-leerlinge is tog oor die algemeen geneem 'n meer intelligente groep wat ook ryper is as hulle in Vorm III. Buitendien het hul een jaar meer ervaring en kennis in verband met die Snw. defin. opgedoen. 'n Moontlike oorsaak vir hierdie geringe styging mag gesoek word in swak metodes van onderwys, dus in 'n uitwendige oorsaak.

Ten laaste is die styging van 10.8% van Vorm IV na Vorm V verrassend hoog, hoewel 'n styging verwag is. Waarom sou die vermeerdering logies-afgeleide defin. so groot wees? Die redes mag die volgende wees: (a) daar is 'n publieke eksamenprikkel aan die einde van die Vorm V-kursus wat die leerlinge laat belangstel in elke toets gedurende die jaar, waarvan die resultate as maatstaf van hul kennisstand dien. Daar is by elke Vorm V-leerling die wil om goed te presteer in elke toets; (b) die Vorm V-leerlinge is die hoogste geselekteerde groep wat intelligensie aangaan; (c) hulle het al geleer om oorsaak en gevolg goed op te spoor; om sover as moontlik niks te sê wat nie kan bewys word nie. Om wetenskaplik te dink en afleidinge te maak het by hul al taamlik gewoonte geword en ingewortel geraak.

Dit wat betref die positiewe sy van die saak. Maar daar is nog die negatiewe sy. Waarom is die logies-gefundeerde defin. so weihig in elke standerd, as ons alle faktore of omstandighede soos ryphed, stelselmatige onderwys, ens., in aanmerking neem?

Die mening van die skrywer is beslis dat daar iets haper aan die metode(s) wat gevolg word wanneer definisies van die Snw. opgebou of saamgestel word. Die oorsaak kan nie daarin geleë wees dat die Vorm II-Ppe. b.v. nie logies genoeg kan teweerk<sup>kan</sup> gaan nie. Hul kan, mits ons hul wys hoe om dit te doen. As ons as onderwysers van vroegs af by die leerlinge die metode kweek, dat definisies deur resultaat van ondersoeking, deurdenking en afleiding van voorhande stof is, dan sal die vrug van die onderwys nie so skamel wees nie.

Punt 4. In aansluiting by wat net gesê is, bewys die resultate onder hierdie punt in hoe baie gevalle, in elke standerd die defin. ten dele of gladnie uit die vbe. afgelei is. In die laaste geval word dan suiwer gereflekteer die gevolgde metode(s) in die geval van sulke leerlinge. Defin.

sou dan as gegewens moet gememoriseer word, sonder om die oorsaak van hul bestaan na te speur.

Ons merk dat daar 'n afname van nie-logies-afgeleide defin. van jaar tot jaar is, d.w.s. van standerd tot standerd. Die stygings van standerds tot standerds is die gevolg van dieselfde redes soos aangestip onder punt 3. Dit is in Vorm III waar die keerpunt plaasvind, d.w.s. in Vorm III begin die logies-afgeleide defin. die oorhand kry oor die nie-logies-afgeleide defin.

Betreffende punt 5, is dit in ooreenstemming met redelike verwagtings dat daar van standerd tot standerd 'n afname is van verkeerde defin. In hierdie geval het ons te doen met die verwarring van defin. van ander rededele met die van die Snw.. In sommige gevalle kan ook gemerk word dat Ppe. eenvoudig 'n defin. gegee het, net omdat dit gevra is, met die gevolg dat dit op 'n mislukking uitgeloop het.

Aangaande punt 6, merk ons op 'n afname van Vorm II tot in Vorm IV in weglatingsfoute. Dit is verwag. Die aantal weggelate defin. in Vorms IV en V is dieselfde, hoewel die persentasies verskil. Die weggelate defin. in sowel Vorm IV as in Vorm V skrywe ons toe aan vermoedelijke onnaukeurigheid <sup>f</sup> of onbewuste weglating.

(b) Nou volg onuitgesoekte defin., twee van elke standerd, met bespreking daarvan waar nodig, wat sorteer onder (3): (a), (b) en (4) in Tabel 11, bl. 49.

(1) Korrekte Definisies.

(a) Logies-afgelei.

Vorm II.

1. "'n Snw. is die eie naam van 'n mens." (vbe.: Piet, Jan, Paul, Herman en Koos).
2. "'n Snw. dui aan die name van mense, diere, dinge en plekke." (vbe.: Piet, Jakkals, bank, Blouberg, Pretoria.)

Dit is heel duidelik dat die genoemde twee defin. die vbe. wat hul direk voorafgaan en wat bo in hakies aangegee is, omvat, d.w.s. hul is logies afgelei uit die vbe..

Vorm III.

1. "'n Snw. dui 'n selfstandigheid aan." (vbe.: skool, mens, kat, grond, perd.)
2. "Dis 'n woord wat nie die hulp van ander woorde nodig het nie en dus self kan staan." (vbe.: liniaal, bank, venster, boek, pen.)

Vorm IV.

1. "'n Snw. is 'n woord wat 'n selfstandige begrip aandui." (vbe.: tafel, hond, stoel, perd, vark.)
2. " Dit is 'n naam wat vir enige ding, abstrak of

konkreet gegee word." (vbe.: bank, skool, gedagte, liefde, huis.)

Vorm V.

1. "'n Snw. is 'n woord wat op homself kan staan." (vbe.: potlood, papier, tafel, bank.)

2. 'n Snw. is die naam van 'n mens, dier of ding en word gewoonlik as onderwerp of as voorwerp van 'n sin gebruik." (vbe.: mens, hond, kat, stoel, skaal.)

Wat die bewoording van die defin. betref, kan gladnie 'n verbetering ten opsigte van noukeurigheid van segging, kragtigheid, omvattendheid, ens., van standaard tot standaard opgemerk word nie. Die genoemde defin. verg geen afsonderlike bespreking nie, omdat dit die noukeurige leser dadelik sal tref hoe nou die verband tussen die vbe. en die defin. is.

(b) Nie-logies-afgelei.

Vorm II.

1. "'n Snw. is 'n woord wat iemand of Dorpe se name aandui." (vbe.: Piet, Koos, Maria, Jan, Klaas.) Tussen die vbe. is nie dorpe se name te vind nie.

2. "'n Snw. is die naam van 'n persoon, 'n dier, 'n ding." (vbe.: Piet, Tafelberg, Dorp, rivier, Transvaal. } ~~nie~~ geen vbe. van die name van diere is opgenoem nie.

Vorm III.

1. "'n Snw. is die eie naam van enige ding." (vbe.: Piet, kryt, bank, Pretoria, tafel.) Die defin. is nie waar vir: kryt, bank en tafel nie.

2. "Is ~~is~~ die naam van 'n dier." (vbe.: perd, huis, boom, rivier, Piet.) Hierdie defin. is 'n eliptiese defin., wat eintlik moes lei: "'n Snw. is die -----." Hierdie defin. geld net vir perd.

Vorm IV.

1. "'n Snw. is die naam of name van dinge, ~~disse~~ en mense." (vbe.: tafel, stoel, kas, perd, bank.) Geen vb. van die naam van 'n mens is opgenoem nie.

2. "'n Snw. is die naam van 'n dier, plek en ding." (vbe.: Piet, swerm, hond, ek, jy.) Twee vbe., n.l. ek en jy, is Vnwe. Verder omvat omvat die defin. net: swerm en hond, nie Piet nie, en geen pleknaam is gegee nie.

Vorm V.

1. "'n Snw. is die woord wat die naam van dinge, mense, diere, voorstel." (vbe.: stoep, tafel, stal, huis, muur.) Al die vbe. dui aan die name van dinge, maar daar is geen vb. van of die naam van 'n dier of die naam van 'n mens nie, wat kon gehelp het by die formulering van die defin.

2. "'n Snw. dui aan die naam van 'n persoon of p plek." (vbe.: stoel, boom, bank, boek, venster.) Daar is geen vbe. van persoons- of plekname nie.

Uit die gegewe 10 defin. lei ons af dat die Ppe. die defin. almal korrek het, hoewel gevoel kan word dat hul soms gebrekkig bewoord is; maar aan die ander kant het die Ppe. of gladnie die Vbe., as antwoord op vraag 1, ingegeneem nie, of ander die defin. net afgelei het van een of twee vbe., maar nie van almal nie. D.w.s. die orige deel van die defin. is uit die geheue-materiaal aangevul.

(ii) Verkeerde Definisies.

Vorm II.

1. "'n Snw. is 'n woord wat nie verander kan word nie." (vbe.: Jan, Piet, Willem, Gert, Koos.) Wat die eintlike bedoeling van die Pp. met hierdie defin. is, kan nie uitgemaak word nie. Daar bestaan in elk geval nie so'n defin. van die Snw. nie.

2. "'n Snw. is iets wat jy kan doen." (vbe.: maak, doen, werk, ry, bou.) Dit is duidelik dat die vbe. die Pp. mislei het.

Vorm III.

1. "'n Snw. se hoe 'n voorwerp lyk." (vbe.: Maria, Jan, tafel, stoel.) Die vbe. is almal Snwe. en tog word 'n defin. gegee wat nie met hul rekening hou nie.

2. "'n Snw. is 'n woord wat in die plek gebruik word van Eiename." (vbe.: hond, bees, skool, boom, tafel.) As die Pp. geleer het om logiese afleidings te doen, dan sou die defin. op grond van die vbe. anders gelui het.

Vorm IV.

1. "Dis 'n woord wat in die plek staan van 'n Snw." (vbe.: waterklippe, bome, vloot, Johannesburg, Jan.)

2. "Dis 'n woord wat 'n Voornaamwoord aandui." (vbe.: bank, stoel, bees, donkie.)

Vorm V.

1. "'n Snw. is 'n woord wat die naam van 'n plek of persoon of ding beskrywe." (vbe.: Piet, Krugersdorp, Johannesburg, Jan.)

2. "'n Snw. is 'n woord wat 'n voorwerp kan beskrywe." (vbe.: geweer, perd, hond, kar, vliegmasien.)

Op 'n paar uitsonderings na, is die orige vbe. in hakies, na elke defin., Snwe. Hierdeur word pragtig en afdoende bewys dat die Ppe. Snwe. kan opnoem, maar as hul gevra word om te se wat hul opgenoem het, d.w.s. 'n definisie daarvan te gee, dan kan hul dit nie doen nie.

(iii) Geslagsverskille.

Ten opsigte van die gegewens onder (3), (a), (b), (4) en (5) in Tabel 11, bl.49, word geslagsverskille nagegaan. In Tabel 12 word die volgende feite gegee:

- (1) die moontlike aantal defin. volgens geslag.
- (2) die aantal gegewe defin.

(3) die aantal en persentasie (al die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal defin. vir elke geslag in elke standerd) korrekte defin. volgens geslag.

(a) die aantal en persentasie logies-afgeleide defin.

(b) die aantal en persentasie nie-logies-afgeleide defin.

(4) die aantal en persentasie verkeerde defin.

(5) die aantal en persentasie weggelate defin.

TABEL 12.

Aantal en Persentasie Defin. Geslag.

<u>Standerd</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>
<u>Geslag</u>	<u>: S</u>	<u>: M</u>	<u>: S</u>	<u>: M</u>
(1) Aantal moontlik	: 311:	192:	134:	117:
(2) Aantal gegee	: 304:	188:	134:	114:
(3) Aantal korrek-gegee	: 274:	154:	126:	101:
Persent.	: 88.1:	80.2:	94:	86.3:
(a) Aantal logies-afgelei	: 159:	29:	74:	51:
Persent.	: 51.3:	15.1:	55.2:	43.6:
(b) Aantal nie-logies-afgelei	: 115:	125:	52:	50:
Persent.	: 36.8:	65.1:	38.8:	42.7:
(4) Aantal verkeerd	: 30:	34:	8:	13:
Persent.	: 9.6:	17.7:	6:	11.1:
(5) Aantal weggelaat	: 7:	4:	0:	3:
Persent.	: 2.3:	2.1:	0:	2.6:

Uit Tabel 12 blyk:

(1) dat net in drie gevalle die gevraagde aantal defin. neergeskrywe is, n.l. deur die S. in Vorm III, deur die M. in Vorms IV en V.

(2) dat in twee standerds die S. die M. oortref wat korrekte defin. betref, en in twee standerds weer die M. die S. oortref. Die S. oortref die M. in Vorms II en III met 7.9% en 7.7% respekt.; die M. oortref die S. egter in Vorms IV en V met 8.1% en 5.4% respekt.

(3) dat die S. in drie standerds, n.l. in Vorms II, III en V, bewys lewer van die feit dat hul meer en beter logies t<sup>e</sup>werk kan gaan as die M. Die toestand is só: in Vorm II oortref die logies-afgeleide defin. van die S. die van die M. met 36.2%; in Vorm III met 11.6%; in Vorm V met 27.1%. In Vorm IV egter oortref die van die M. die van die S. met 7.6%, wat nie 'n groot persentasie is in vergelyking met die waarmee die S. die M. oortref nie. Oor die algemeen geneem kan gesê word dat die S. in die hoerskool beter logies t<sup>e</sup>werk kan

gaan as die M.. Die verskil is baie groot veral in Vorms II en V. Die M. van Vorm II is baie swak in logiese afleiding en in logiese denke.

(4) dat die M. in Vorms II, III, IV en V skitterend toon hoe onlogies hul tewerk kan gaan. In genoemde standerds oortref die nie-logies-afgeleide defin. van die M. die van die S. met: 28.3%, 3.9%, .5% en 32.5% respekt. Die verskille in hierdie verband is baie groot, in Vorms II en V; in Vorm IV is die verskil amper nie van belang nie.

(5) dat die M. in Vorms II en III meer defin. verkeerd het as die S., n.l. 8.1% en 5.1%; in Vorms IV en V egter het die S. weer meer defin. as die M. weggelaat, n.l. 7.3% en 4.5% respekt.

(6) dat die verskil in weglatingsfoute van die S. en die M. in Vorm II nie noemenswaardig is nie; maar dat die M. beslis 2.6% <sup>meer</sup> weglatingsfoute het as die S. in Vorm III, en dat die S. in Vorms IV en V .8% en .9% respekt. meer foute begaan het as die M. Die verskil tussen die S. en die M. in laasgen. standerds is ook gering en nie van veel belang nie.

Word die totale persentasies foute (verkeerde, en weglatings-) van elke geslag in elke standerd inaggeneem, dan begaan die S. in Vorms II en III meer foute as die M., maar die omgekeerde is waar in Vorms IV en V.

-----

## HOOFSTUK IV: DIE WERKWOORD.

### 1 Vraag Een.

Vir die bewoording van vraag een, sien die bylae, bl. 132.

(a) Die resultaat van die telling van die Wwe. wat as antwoorde op vraag een deur al die hoerskool-standerds gegee is, word saamgevat in Tabel 13. In Tabel 13 word gegee:

(1) die aantal moontlike Wwe. wat deur elke standerd kon opgeneem word.

(2) die aantal gegewe Wwe.

(3) die aantal korrek-gegewe Wwe., en die persentasies daarvan, bereken in terme van die gevraagde aantal.

(4) afgelei uit (2) en (3), die aantal verkeerde woorde, en die persentasie daarvan, bereken in terme van die gevraagde aantal.

(5) afgelei uit (1) en (2), die aantal weggelate woorde, en die persentasie daarvan, bereken in terme van die gevraagde aantal.

TABEL 13.

Aantal en persentasie Wwe. Standerds.

Standaard	:Vorm II	:Vorm III	:Vorm IV	:Vorm V	: Tot.
(1) Aantal moontlik	: 2515	: 1255	: 1080	: 715	: 5565
(2) Aantal gegee	: 2482	: 1226	: 1051	: 714	: 5473
(3) Aantal korrek-gegee	: 2468	: 1222	: 1050	: 714	: 5454
Persent.:	98.1	97.4	97.2	99.9	-
(4) Aantal verkeerd	: 14	: 4	: 1	: 0	: 19
Persent.:	.6	.3	.1	0	-
(5) Aantal weggelaat	: 33	: 29	: 29	: 1	: 92
Persent.:	1.3	2.3	2.7	.1	-

By die bestudering van Tabel 13 sal ons opmerk:

(1) dat in geen standerd die moontlike aantal Wwe. opgeneem is nie.

(2) dat die verhouding van die korrek-gegewe Wwe. in Vorms II, III, IV en V: 98.1%, 97.4%, 97.2% en 99.9% respekt. is, daar is dus 'n daling van .7% van Vorm II na Vorm III; 'n verdere daling van .2% van Vorm III na Vorm IV, en 'n styging van 2.7% van Vorm IV na Vorm V.

(3) dat die verhouding van die verkeerde woorde in genoemde standerds respektieflik so is: .6%, .3%, .1% en 0%. Daar is 'n gedurige daling van .3% van Vorm II na Vorm III; .2% van Vorm III na Vorm IV, en .1% van Vorm IV na Vorm V.

(4) dat die persentasie weggelate Wwe. vir elke

standerd so is: 1.3, 2.3, 2.7 en .1, vir Vorms II, III, IV en V. Die styging van Vorm II na Vorm III is 1% groot; van Vorm III na Vorm IV .4%; dan volg 'n daling van 2.6% van Vorm IV na Vorm V.

(5) dat die aantal ~~weggelate~~ Wwe. die verkeerde woorde oortref met .7% in Vorm II; met 2% in Vorm III; met 2.6% in Vorm IV, en met .1% in Vorm V.

Punte 1 en 4 staan in verband met mekaar. Dus volstaan ons ne/t by die bespreking van punt 4, wat later volg.

Punt 2. Dit is opvallend en onverwag om te vernem van 'n daling van .7% van korrek-gegewe Wwe. van Vorm II na Vorm III. Die bevinding bots met alle redelike verwagtings, aangesien die Vorm III-Ppe. tog (a) gemiddeld ouer is al hul in Vorm II, d.w.s. hulle is geestelik ryper; (b) hulle het een jaar meer stelselmatige onderwys ontvang in die Ww., saam met baie ander onderwerpe; (c) hulle is oor die algemeen geneem 'n intelligenter groep leerlinge: in Vorm II is leerlinge wat (i) weens aanleg nie Vorm III sal bereik nie; (ii) party van hulle het die ouderdomsgrens waarby leerlinge die skool mag verlaat (16 jaar in Transvaal), bereik. Daar bestaan vir hul nie 'n noodsaaklikheid om verder te studeer nie; dus verlaat hulle die skool na hul Vorm II deurgekom het of gedurende die loop van die jaar; (iii) in Vorm II is leerlinge wat Vorm II nie kan ~~sk~~ slaag nie; as hul druipe, verlaat hul die skool of kom terug vir hervatting van studie; (d) in die geval van die Vorm III-leerlinge is daar ook 'n publieke eksamen aan die einde van hul kursus wat as prikkel kan dien dat hul beter behoort te presteer as die Vorm II-Ppe., wat nie aan die einde van hul kursus 'n publieke eksamen skrywe nie.

Wat kan dan die moontlike oorsaak van die daling wees?

Ten eerste mag ons dit toeskrywe aan die kwessie van klemlegging. In hul onderwys van die rededele sou die onderwysers die Ww. dan meer beklemtoon in Vorm II as in Vorm III. Dit mag beskou word as een oorsaak wat ons buite die kinders om soek.

Ten tweede mag ons 'n ander oorsaak in die Ppe. van Vorm III self soek: hul bestudeer miskien ander rededele of ander vakke meer intensief as die Ww. om swakpunte, waarvan hul definitief weet, volgens toetsprestasies, te verbeter. Dit is moontlik dat die Ppe. van Vorm III self onkundig is omtrent hul kennis van die Ww.

Wat die daling van .2% van Vorm III na Vorm IV betref, kan aangemerkt word dat dit gering is. Dit verbaas ons egter dat die Ppe. in Vorm IV swakker presteer het as hul in Vorm III.

Die resultaat oortref ons redelike verwagting. Die oorsake soek ons uit- sowel as inwendig, n.l. (a) klemlegging aan die kant van die onderwysers op ander belangriker onderwerpe en (b) onkunde aan die kant van die leerlinge. Albei oorsake is reeds bespreek onder die daling van Vorm II na Vorm III.

Die styging van 2.7% van Vorm IV na Vorm V is verwag. Van die hoogste standerd in die hoerskool verwag ons die beste kennis van die Ww., want hul het skolasties die verste gevorder, is gemiddeld ouer as Pp. in ander standerds, het meer studie-ervaring agter die rug, is die hoogste geselekteerde intelligente groep kinders in die hoerskole.

Punt 3. Hier het ons te doen met die mate van verwarring van ander rededele met die Ww. Ten eerste kan ons meld dat die verwarring in elke standerd klein is: .6% in Vorm II, .3% in Vorm III, .1% in Vorm IV en 0% in Vorm V. Dus het slegs die Vorm V-Ppe. sodanige kennis van die Ww. dat hul tussen die opgenoemde woorde nêe woorde van ander rededele opgenoem het nie. Ten tweede is daar 'n daling van standerd tot standerd. Ook dit rym met ons verwagtings: hoe verder die Ppe. vorder en as groepe gemiddeld ouer word hoe minder sal hulle ander rededele met die Ww. verwar.

Punt 4. In hierdie geval het ons te doen met (a) absolute onkunde: dat die Ppe. nie weet watter woorde Wwe. is nie, of (b) ~~of~~ dat hulle in sommige gevalle woorde onbewus weggelaat het, d.w.s. dat elke Pp. nie ~~is~~ elke keer getel het of hy/sy die gevraagde vyf woorde neergeskrywe het nie.

In verband met die weggelate woorde is die styging van 1% van Vorm II na Vorm III opvallend, hoewel verwag, gesien in die lig van die resultate onder punte 2 en 3. Ons moet dus aanneem dat die Ppe. van Vorm III of 'n kleiner kennis in verband met die Ww. openbaar as die Vorm II-Ppe. ~~of~~ meer onnoukeurig was. Gesien in die lig van die resultate onder die genoemde punte 2 en 3, is die styging van .4% van Vorm III na Vorm IV ook verwag, hoewel dit opmerklik is. Die moontlike oorsake vir hierdie styginge soek ons in dieselfde redes soos alreeds onder punt 2 duidelik aangestip. Ons voel dat ons hier seker nie te doen het met onbewuste weglating aan die kant van die Ppe. nie. Die Ppe. in Vorm III het tog geleer om noukeuriger te werk as hulle in Vorm II, netso ook die Ppe. van Vorm IV teenoor hul in Vorm III.

Die daling van 2.6% van Vorm IV na Vorm V is groot. Die aantal weglatingsfoute in Vorm V is gering, n.l. ~~is~~ 1, wat die resultaat van onnoukeurigheid eerder as van onkunde kan wees. Hierdie daling is egter verwag, volgens die resultate onder punte 2 en 3. Die hoogste klas in die hoerskool

blink uit in kennis en in noukeurigheid.

Punt 5. Die onkunde van die leerlinge insake die Ww. is in elke standerd groter as die verwarring van ander rededele daarmee. In Vorm V is dit die kleinste en in Vorm IV die grootste. Word die persentasies foute onder (4) en (5) in Tabel 13, bl.57, saamgevat, dan het die Vorm IV-Ppe. die meeste foute begaan, n.l. 5.6%; daarop volg die Vorm III-Ppe. met 5.2%, dan die Vorm II-Ppe. met 4.6% en ten laaste die Vorm V-Ppe. met .1%.

(b) Die besondere bespreking van die Wwe. onder (3) in Tabel 13, bl.57, val onder die volgende hoofde uiteen:

(1) Selfstandige Wwe.:

(a) Oorganklike Wwe.,

(b) Onoorganklike Wwe., en

(c) Wederkerende Wwe., soos saamgevat in Tabel II.

In die Tabel 14 word die aantal en persentasie van elk gegee, soos gebesig in elke standerd.

TABEL 14.

Aantal en Persentasies verskillende soorte Wwe.

<u>Standerd</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>
(a) Aantal oorganklik:	1498	: 717	: 568	: 414
Persent.	: 59.6'	: 57.1	: 52.6	: 57.9
(b) Aantal onoorganklik	: 970	: 503	: 482	: 300
Persent.	: 38.5	: 40.1	: 44.6	: 42
(c) Aantal wederkerend	: 0	: 2	: 0	: 0
Persent.	: 0	: .2	: 0	: 0

Van Tabel 14 kan ons aflei dat:

(1) die verhouding van die oorganklike Wwe. per 100 as volg is: 59.6, 57.1, 52.6, 57.9; gevolglik is daar 'n afname van 2.5% van Vorm II na Vorm III; 'n daling van 4.5% van Vorm III na Vorm IV, en 'n toename van 5.3% van Vorm IV na Vorm V.

(2) die verhouding van die onoorganklike Wwe. so is: 38.5, 40.1, 44.6, 42, d.w.s. daar is 'n styging van 1.6% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van 4.5% van Vorm III na Vorm IV. Ons merk verder op dat die styging hier netso groot is as die daling van Vorm III na Vorm IV, onder punt (1); 'n daling van 2.6% van Vorm IV na Vorm V.

(3) die Vorm III-klas die enigste klas is wat wederkerende Wwe. opgenoem het n.l. .2%.

Punt 1. Dit is duidelik dat die Vorm II-Ppe. meer as enige ander Vorm <sup>5</sup> Ppe., dink aan oorganklike Wwe., d.w.s. Wwe. waarvan die so uitgedrukte handeling oorgaan tot 'n ander persoon of saak as die oorsaak van die handeling. Persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal Wwe.

M.o.w. hul dink meer as/ Ppe. in ander Vorms aan Wwe. waarvan die handeling deur een of ander iets ondergaan moet word. Die Ppe. wat die minste dink aan oorganklike Wwe. is hul in Vorm IV. Dit is nie vir die skrywer duidelik watter redes vir hierdie toestand aangevoer kan word nie.

Punt 2. Die teenoorgestelde is waar van Vorms II en IV, wat betref die onoorganklike Wwe., aswat onder punt 1 gesê is. In hierdie geval dink die Vorm II-Ppe. die minste aan Wwe. waarvan die handeling beperk bly tot die handelende persoon of oorsaak, en die Vorm IV-Ppe. die meeste. Miskien vereis die onoorganklike Wwe. 'n beter ontwikkelde denkvermoë as die oorganklike Wwe. Maar dan kan weer nie die feit verklaar word waarom die Vorm V-Ppe. aan meer oorganklike Wwe. en ~~aan~~ minder onoorganklike Wwe. gedink het as die Vorm IV-Ppe. nie.

Word die persentasies van elke standaard onder (a) en (b) in Tabel 14, bl. 60, in oënskou geneem, dan is deur elke standaard 'n groter persentasie oorganklike Wwe. opgenoem as onoorganklike Wwe.

Punt 3. Die rol wat wederkerende Wwe. in die denke van hoërskool-leerlinge speel is gering en amper nie noemenswaardig nie.

Dit dien ook vermeld te word dat geen leerling hulp-, koppel- en onpersoonlike Wwe. opgenoem het nie.

In die besonder word die aandag nou gevestig op die Wwe. onder (a), (b) en (c) in Tabel 14, bl. 60.

(a) Oorganklike Wwe.

Wat verstaan ons hieronder? Die volgende uiteensetting verklaar dit voldoende: " 'n Werkwoord is oorganklik, wanneer die werking wat daardeur uitgedruk word, nie beperk bly tot die handelende persoon of oorsaak van die werking (onderwerp) nie, maar oorgaan op 'n ander persoon of saak (voorwerp), sodat die laaste een op een of ander wyse deur die handeling geaffekteer word." (5:101).

In Tabel 15 word 'n paar oorganklike Wwe. gegee, waarvan die frekwensie bo 100 is.

TABEL 15.

Oorganklike Wwe.

Woorde	:Vorm II	:Vorm III	:Vorm IV	:Vorm V	: Tot.
Skrywe	: 205	: 118	: 82	: 60	: 465
Hardloop	: 149	: 63	: 50	: 30	: 292
Eet	: 128	: 61	: 62	: 41	: 292
Slaan	: 122	: 37	: 52	: 23	: 234
Speel	: 109	: 53	: 45	: 14	: 221
Braat	: 80	: 46	: 44	: 21	: 191
Skop	: 105	: 16	: 29	: 14	: 164
Spring	: 81	: 45	: 10	: 10	: 156
Ry	: 47	: 25	: 24	: 13	: 109

Die skrywer is bewus daarvan dat hy hier 'n delikate kwessie aanraak. As dit was dat die woorde in sinsverband gevra en gebruik is, kon definitief bepaal word watter woorde oorganklike en watter onoorganklike Wwe. is. In die een geval mag hardloop en speel --- albei in Tabel 15 aangegee --- albei oorganklike Wwe. wees en in die ander geval onoorganklik, vergelyk b.v.:

1. Ek hardloop resies (oorganklik).
2. Ek hardloop huis-toe (onoorganklik).
3. Ek speel Voetbal, Tennis, ens. (oorganklik).
4. Ek speel somar (onoorganklik).

Wat hardloop en speel betref, bestaan die moontlikheid dat die leerlinge in meer gevalle aan hul gedink het as oorganklike Wwe. en minder as onoorganklike Wwe. Die rede is dit: resies-hardloop, Voetbal-, Tennis-, Korfbal-speel, neem belangrike plekke in in die sportsaktiwiteite van die leerlinge, dat hul onwillekeurig daaraan meer sou gedink het of uitsluitlik net daaraan as aan hardloop en speel in die algemeen. Dieselfde geld vir spring, wat heelwaarskynlik geassosieer is met riemspring, touspring, albei aktiwiteite wat belangrike plekke inneem in die lewe en denke van skoolkinders.

Die standpunt van die skrywer teenoor die ander Wwe. was: kan die voorhande Ww. 'n voorwerp hê, ja of nee? Ooreenkomstig die toetsing is hul dan geklassifiseer as oorganklik of as onoorganklik. Maar natuurlik moet die interpretasie van die resultate met voorbehoud aanvaar word, want wat werklik en presies die bedoelinge van die leerlinge was, kan nie uitgemaak word nie.

Uit Tabel 15, bl.61, blyk dus dat:

(1) skrywe die werkwoord is waarvan al die standerds die meeste voorbeelde opgenoem het, sodat die totale frekwensie daarvan 173 meer is as die van hardloop en eet wat daarop volg. Hoekom? Heelwaarskynlik omdat dit een van die handelinge was wat die Ppe. moes uitvoer, by die beantwoording van die vrae: almal moes die antwoorde skriftelik gee.

(2) daar uiteenlopendheid is wat betref die woorde wat tweede, derde, vierde, ens., staan in die standerds, b.v. hardloop staan tweede in Vorms II en III, maar eet in Vorms IV en V; eet staan derde in Vorms II en III, slaan in Vorm IV, hardloop egter in Vorm V; slaan staan vierde in Vorms II en V, speel in Vorm III en hardloop in Vorm IV; ry staan negende in Vorm II, maar agste in Vorms III, IV en V, ens.

(3) die tweede plek in die Tabel gevul is met hardloop en eet, twee handelinge wat veelvuldig deur die leerlinge uitgevoer word: hardloop vir die wen van pryse, vir

kompetisie, om oefening aan die liggaam te besorg; en eet vir die behoud van die lewe.

(4) naas die genoemde woorde, slaan en speel elk 'n frekwensie bo 200 het.

Dit is dan veral die handeling skrywe, hardloop en eet, slaan en speel waaraan die hoërskool-leerlinge die meeste dink. Daarop volg praat, skop, ~~ry~~sprong en ry, elk met 'n frekwensie bo 100.

Ander Wwe. wat 'n kleiner frekwensie het as die aangegee in Tabel 15, bl.61, is o.a.: drink (94); lees (74); spit (67) en leer (66), ens.

(b) Onoorganklike Wwe.

Wat ons daaronder verstaan word verklaar in die volgende: "'n Werkwoord is onoorganklik, wanneer die werking wat daardeur uitgedruk word, tot die handelende persoon of oorsaak van die handeling beperk bly." (5:101).

In Tabel 16 word aangegee die onoorganklike Wwe. waarvan die frekwensie bo 100 lê.

TABEL 16.

Onoorganklike Wwe.

Woorde	:Vorm II	:Vorm III	:Vorm IV	:Vorm V	: Tot.
Loop	: 183	: 162	: 135	: 80	: 560
Werk	: 97	: 48	: 40	: 38	: 223
Slaap	: 65	: 38	: 44	: 31	: 178
Sit	: 71	: 30	: 27	: 17	: 145
Staan	: 54	: 20	: 25	: 14	: 113

Van Tabel 16 word o.a. afgelei dat:

(1) van loop 337 meer vbe. opgenoem is as van werk wat tweede staan. Nie alleen het loop tussen die onoorganklike Wwe. die, hoogste frekwensie nie, maar ook die hoogste van die gegewe Wwe. in Tabel 15, bl.61, m.a.w. die hoërskool-leerlinge dink in al die standers meer aan loop as aan enige ander woord. Hoekom? Waarskynlik omdat dit 'n handeling uitdruk wat seker die meeste deur alle Ppe. uitgevoer word in die daelikse lewe. Daarop volg skrywe, sien Tabel 15, bl.61.

Word die frekwensie van die Wwe. in Tabel 15 vergelyk met die in Tabel 16, dan merk ons op dat daar 9 woorde in eersgen. Tabel is wat 'n frekwensie bo 100 het en slegs die 5 in laasgen. Tabel. Die aantal oorganklike Wwe. met 'n frekwensie bo 100 is dus meer as die aantal onoorganklike Wwe. met 'n frekwensie bo 100.

(2) daar taamlike verskille en ooreenstemminge tussen verskillende standers is wat die rangorde van die woorde na die eerste plek is, b.v.: werk staan tweede in

Vorms II, III en V; maar slaap in Vorm IV; sit staan derde in Vorm II, slaap in Vorms III en V, werk egter in Vorm IV; slaap staan vierde in Vorm II, maar sit in Vorms III, IV en V; huil staan sesde in Vorm II, maarsewende in Vorms III, IV en V.

Daar is nog o.a. die volgende Wwe. met 'n frekwensie kleiner as 100, wat nie in die Tabel 16 voorkom nie: lag(77); huil(71); swem (60); gesels(16); vlieg(9); ens.

(c) Wederkerende Wwe.

Hieronder verstaan ons die volgende: " 'n Wederkerende(refleksiewe)Ww. gee te kenne dat die werking tot die onderwerp terugkeer, dat <sup>dis</sup> die onderwerp dis self as voorwerp by sy eie handeling betrokke is-----." (5:103)

Bouman en Pienaar maak nog 'n verdere onderskeiding tussen die toevallig of transief-wederkerende Wwe. en die noodsaaklike of intransief-wederkerende Wwe. Die eersgen. kan dan sowel oorganklik as wederkerend wees, vgl.:

1. Ek skaam my(wederkerend)
2. Ek was my skoen(transief)

Maar in die geval van die noodsaaklike wederkerende Wwe. geld woorde soos: skaam, spyt, ens., waar die Wwe. altyd met 'n Vnw. saam gaan.

Van hierdie groep van Wwe. is weinig Vbe. opgenoem: slegs 2 vbe. van 'n noodsaaklike wederkerende Ww., n.l. skaam, deur die Vorm III-Ppe.

'n Ander kwessie waarop die aandag nog moet gevestig word, is die woorde wat val onder (4) in Tabel 13, bl. 57, n.l. die verkeerde woorde.

(11) Verkeerde Woorde.

In Tabel 17 word die verkeerde woorde vir elke standerd aangegee.

TABEL 17.

Verkeerde Woorde.

<u>Standerd</u>	<u>: Snwe.</u>	<u>: Buv. nwe.</u>	<u>: Deelwoorde</u>
Vorm II	: arbeid, beskry-	: lank.	: slapende, ge-
	: wing, kombuis,	:	: slaap, gehard-
	: dorp, mielie,	:	: loop.
	: stasie.	:	:
	: bees, Anna, me-	:	:
	: le, baddens.	:	:
Vorm III	: -	: -	: geniet, gegaan,
	:	:	: gesê, gestof.
Vorm IV	: leeu.	:	:

Van Tabel 17 lei ons af dat:

(1) die Vorm II-Ppe. meer Snwe. met die Ww. verwar

het as ander rededele, n.l. 10 Snwe., dan 1 Byv.nw. en drie Deelwoorde waarvan een 'n teenswoordige deelwoord is, n.l. slapende en twee verlede deelwoorde, n.l. geslaap en gehardloop.

(2) in Vorm III 4 Deelwoorde met die Ww. verwar is, n.l. geniet, gegaan, gesé, gestof --- almal verlede deelwoorde.

(3) in Vorm IV net een Snw. met die Ww. verwar is, n.l. leeu.

(iii) Geslagsverskille.

As daar geslagsverskille in die standerds is, dan word hul ondersoek onder (3), (4), (5) in Tabel 13, bl.57, en onder (a) en (b) in Tabel ~~13~~ 14, bl.60.

In Tabel 18 word die volgende feite gegee:

(1) die moontlike aantal Wwe. wat deur elke geslag in elke standerd kon opgenoem word.

(2) die aantal gegewe Wwe.

(3) die aantal korrek-gegewe Wwe. vir elke geslag en die persentasie vir elk.

(4) die aantal verkeerde woorde volgens geslag en die persentasie daarvan.

(5) die aantal weggelate woorde volgens geslag en die persentasie daarvan.

(6) die aantal oorganklike Wwe. volgens geslag en die persentasie daarvan.

(7) die aantal onoorganklike Wwe. en die persentasie daarvan vir elke geslag.

TABEL 18.

Aantal en Persentasie Wwe. Geslag.

Standerd	:Vorm II		:Vorm III		:Vorm IV		:Vorm V	
Geslag	: S	: M	: S	: M	: S	: M	: S	: M
(1) Aantal moontlik	:1555:	960:	670:	585:	630:	450:	510:	205
(2) Aantal gegee	:1522:	960:	645:	581:	610:	441:	510:	204
(3) Aantal korrek	:1511:	957:	642:	580:	609:	441:	510:	204
Persent.	:97.2:	99.7:	95.8:	99.1:	96.7:	98:	100:	99.5
(4) Aantal verkeerd	: 11:	3:	3:	1:	1:	0:	0:	0
Persent.	: .7:	.3:	.4:	.2:	.2:	0:	0:	0
(5) Aantal weggelaat	: 33:	0:	25:	4:	20:	9:	0:	1
Persent.	: 2.1:	0:	3.8:	.7:	3.1:	2:	0:	.5
(6) Aantal oorgankl.	: 919:	579:	379:	338:	347:	221:	304:	110
Persent.	: 59:	60.3:	56.6:	57.8:	55.1:	49.1:	59.6:	53.7
(7) Aantal onoorg.	: 592:	378:	261:	242:	262:	220:	206:	94
Persent.	:33.1:	39.4:	39:	41.3:	41.6:	48.9:	40.4:	45.8

By 'n noukeurige bestudering van Tabel 18, vind ons dat:

1. Bereken in terme van die gevraagde aantal vir elke geslag

(1) die M. in Vorm II en die S. in Vorm V die gevraagde aantal woorde neergeskrywe het. Dit is nog 'n ander kwessie of almal korrek is. Verder het geen geslaggroep in die ander standerds die moontlik aantal neergeskrywe nie.

(2) die M. in drie standerds, n.l. Vorms II, III en IV, die S. oortref, wat die korrek-gegewe Wwe. betref, met 2.5%, 3.3% en 1.3% respekt.; die S. oortref egter die M. in Vorm V met .5%, wat 'n geringe persentasie is. Net die Vorm V-S. het die moontlike aantal Wwe. neergeskrywe en daarby almal korrek. Die M. openbaar dus 'n beter kennis van die Ww. as die S. in die eerste drie standerds van die hoerskool; maar in die hoogste standerd oortref die S. die M. met 'n geringe persentasie.

(3) die S. in drie standerds, n.l. Vorms II, III en IV 'n groter persentasie verkeerde woorde as die M. neergeskrywe het. In Vorm II het die S. .4% meer neergeskrywe; in Vorms III en IV .2% elk meer. Ons moet erken dat die verskille tussen die geslagte egter gering is. Net in Vorm V het sowel die S. as die M. geen verkeerde woorde neergeskrywe nie.

(4) die S. in Vorms II; III en IV 'n groter persentasie woorde weggelaat het as die M., d.w.s. hul onkunde insake die Ww. is in genoemde drie standerds groter as die van die M. In Vorm II het die S. 2.1% meer woorde as die M. weggelaat; in Vorm III 3.1% en in Vorm IV 1.1%; in Vorm V egter het die M. .5% meer as die S. weggelaat. Dit bring egter 'n geringe verskil uit.

(5) die M. van Vorms II en III 'n groter persentasie oorganklike Wwe. opgenoem het as die S., n.l. 1.2% meer in Vorm II en 1.2% meer in Vorm III; in Vorms IV en V het die S. egter weer 'n groter persentasie opgenoem as die M., n.l. 6% meer in Vorm IV en 5.9% meer in Vorm V.

(6) die M. van Vorms <sup>II</sup> III, IV en V <sup>1.5%</sup> 2.3%, 7.3% en 5.4% respekt. meer onoorganklike Wwe. as die S. opgenoem het.

.....  
-----

## 2 Vraag Twee.

Wat vraag twee betref, het ons te doen met die ondersoek van die <sup>defin. van die</sup> Ww. soos deur die leerlinge in die verskillende hoerskool-standerds neergeskrywe. Sien die bylae, bl. 132, vir die bewoording van die vraag.

Voordat die resultate onder hierdie hoof bespreek word, word eers 'n paar definisies van bekende grammatici gegee, met die doel om te sien of daar 'n taamlike ooreenstemming in die vorm van bewoording is, en om ook daaruit af te lei 'n definisie wat as norm vir beoordeling van die defin. van die leerlinge kan gebruik word:

1. "As 'n woord dus 'n werkwoord moet wees, is dit noodsaaklik dat dit die werking nie as 'n selfstandigheid of hoedanigheid nie, maar as 'n werking voorstel. Daarom se ons: 'n Werkwoord stel 'n ware of denkbeeldige werking as 'n werking voor. (51:5-6).

2. "Die werkwoord is die vernaamste woord in 'n sin. Daarom word dit in Latyn eenvoudig genoem die woord (verbum), wat dus beteken: die woord by uitnemendheid. Die werkwoord gee te kenne:

(a) 'n Werking of handeling.

(b) 'n bepaalde toestand: lê, staan, sit, hang, rus, slaap, leef.

(c) 'n verandering van toestand: opstaan, val, ~~ruis~~ rys, daal, aankom, vertrek, smelt, verdroog." (5:100).

3. "'n Werkwoord, soos die naam ons vertel, is die woord wat die werk noem, wat in die sin gedoen word." (34:127). Potgieter onderskei ook tussen 'n handeling, 'n toestand en 'n verandering van toestand, wat deur die werkwoord uitgedruk word. (34:127).

Ons merk dus uit die genoemde defin. dat selfs grammatici nie heeltemal ooreenstem wat die vorm vir die bewoording van die Ww.-defin. is nie.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die tweede defin. as norm gebruik, waarvolgens die defin. van die leerlinge beoordeel is, n.l. dat die Ww. te kenne gee:

(a) 'n werking of handeling,

(b) 'n bepaalde toestand, en

(c) 'n verandering van toestand.

In Tabel 19 word die volgende gegewens saamgevat:

(1) die moontlike aantal defin. wat deur elke standerd kon gegee word.

(2) die aantal gegewe defin.

(3) die aantal en persentasie korrek-gegewe defin.

(a) die aantal en persentasie logies-afgeleide defin.

(b) die aantal en persentasie nie-logies-afgeleide defin.

(4) die aantal en persentasie verkeerde defin.

(5) die aantal en persentasie weggelate defin.

TABEL 19.

Aantal en Persentasie Defin. Standerd.

Standerd	:Vorm II	:Vorm III	:Vorm IV	:Vorm V	: Tot.
(1) Aantal moont-lik	: 503	: 251	: 216	: 143	: 1113
(2) Aantal gegee	: 500	: 251	: 203	: 143	: 1097
(3) Aantal korrek-gegee	: 368	: 180	: 174	: 131	: 853
Persent.	: 73.2 <sup>1</sup>	: 71.7	: 80.6	: 91.6	: -
(a) Aantal logies-afgelei	: 365	: 173	: 160	: 124	: 822
Persent.	: 72.6	: 68.9	: 74.1	: 86.7	: -
(b) Aantal nie-logies-afgelei	: 3	: 7	: 14	: 7	: 31
Persent.	: .6	: 2.8	: 6.5	: 4.9	: -
(4) Aantal verkeerd	: 132	: 71	: 29	: 12	: 244
Persent.	: 26.2	: 28.3	: 13.4	: 8.4	: -
(5) Aantal weg-gelaat	: 3	: 0	: 13	: 0	: 16
Persent.	: .6	: 0	: 6	: 0	: -

Van Tabel 19 word afgelei dat:

(1) net deur twee standers die gevraagde aantal defin. neergeskrywe is, n.l. Vorms III en V.

(2) deur geen standerd die moontlike aantal defin. korrek gegee is nie. Die verhouding van die korrek-gegewe defin. vir Vorms II, III, IV en V is: 73.2, 71.7, 80.6 en 91.6 respekt. Ons merk dus: 'n afname van 1.5% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van 8.9% van Vorm III na Vorm IV, en 'n styging van 11% van Vorm IV na Vorm V.

(3) die verhouding van die logies-afgeleide defin. per 100 vir Vorms II, III, IV en V so is: 72.6, 68.9, 74.1, 86.7. Dus is daar 'n daling van 3.7% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van 5.2% van Vorm III na Vorm IV, en weer 'n styging van 12.6% van Vorm IV na Vorm V.

(4) die persentasies nie-logies-afgeleide defin. vir Vorms II, III, IV en V .6, 2.8, 6.5 en 4.9 respekt. is. Gevolglik merk ons 'n styging van nie-logies-afgeleide defin. van Vorm II na Vorm III, 2.2% groot; 'n verdere styging van 3.7% van Vorm III na Vorm IV; en 'n daling van 1.6% van Vorm IV na Vorm V. Verder is dit duidelik dat die Vorm II-Ppe. ~~het~~ die minste nie-logies-afgeleide defin. neergeskrywe het, en

1. Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal defin. vir elke standerd.

die Vorm IV-Ppe. die meeste.

(5) die persentasie verkeerde defin. vir die vier opeenvolgende standerds 26.2, 28.3, 13.4 en 8.4 respekt. is. Dit is dus duidelik dat: (a) daar 'n toename van 2.1% van Vorm II na Vorm III is; (b) daar 'n daling van 14.9% van Vorm III na Vorm IV is, en (c) daar 'n daling van 5% van Vorm IV na Vorm V is.

(6) die Vorm II-Ppe. 'n klein persentasie weglatingsfoute begaan het, n.l. .6%, wat tegelykertyd die daling aantoon van Vorm II na Vorm III; die styging van Vorm III na Vorm IV is 6% groot, wat tegelykertyd die daling aantoon van Vorm IV na Vorm V. Die Vorms III- en V-Ppe. het dus geen weglatingsfoute begaan nie.

Punt 1 het geen verdere bespreking nodig nie.

Punt 2 wel. Die afname van 1.5% korrekte defin. van Vorm II na Vorm III is onverwag. Wat sou die oorsaak wees? Aangaande die korrekte Wwe. onder (3) in Tabel 13, bl. 57, is ook 'n daling van .7% van Vorm II na Vorm III gekonstateer. M.i. het ons in albei gevalle met dieselfde oorsake te doen. Ten eerste mag die onderwysers van die veronderstelling uitgaan dat die leerlinge van Vorm III die defin. van die Ww. genoegsaam ken. Hul hoef dus nie soveel klem in die onderwys op die defin. van die Ww. te le nie, omdat die defin. daarvan tog heel eenvoudig is. Gevolglik word die aandag van die Vorm III leerlinge op ander sake gevestig, wat meer moeilik-hede, volgens die onderwysers, oplewer as wat die geval met die defin. van die Ww. behoort te wees.

Ten tweede kan ons 'n oorsaak in die Vorm III-leerlinge self soek. Hul verkeer miskien self onder die indruk dat hul die defin. van die Ww. goed ken, gevolglik wy hul aandag aan dinge van groter moeilikheid en van meer belang.

Genoemde twee redes word aangevoer, omdat dit duidelik is, dat die daling nie toegeskrywe kan word aan swakker intelligensie van die Vorm III-Ppe. nie. (Sien bespreking van Punt 2 (c): (i), (ii) en (iii), bl. 58, in verband met Tabel 13). Verder is die Vorm III-Ppe. tog gemiddeld ouer as hul in Vorm II. (Sien Tabel 3, bl. 32.); hul is geestelik ryper en het een jaar meer onderwys in die skoolvakke ontvang, w.o. ook val grammatike-onderwys wat weer rededele insluit.

Die styging van 8.9% van Vorm III na Vorm IV, en 11% van Vorm IV na Vorm V is verwag, maar hulle is baie hoog. Ons gaan van die redelike veronderstelling uit dat die onderwys dinamies moet wees, d.w.s. hoe ouer die leerlinge word en hoe meer hulle in skoolkursusse vorder hoe beter behoort hul in staat te kan wees om duidelik te kan sê wat hul ken

en wat hul onderwys word. Hierdie feit word skitterend bewys in die geval van die twee standerds, Vorms IV en V. Daarom die styginge skielik so hoog is, kan nie met sekerheid bepaal word nie.

Punt 3. Wat die logies-afgeleide defin. betref, vind ons weer 'n daling van 3.7% van Vorm II na Vorm III. Sou die leerlinge van Vorm III die gestelde vrae swakker geïnterpreteer het as hul in Vorm II? Daar staan tog duidelik in vraag een, dat die leerlinge eers vyf vbe. van 'n Ww. moet gee en dan ("Probeer nou -----") (vraag twee) 'n defin., (sien die bylae, bl. 132) d.w.s. in aanmerking nemende die vbe. gee 'n defin. In Vorm III het ons tog te doen met die algemeen intelligenter kinders as in Vorm II. Hulle het sekerlik, deur een jaar se verdere stelselmatige en wetenskaplike onderwys, geleer om beter logies tewerk te gaan, wanneer defin. moet afgelei word uit voorhande vbe. Of sou ons die rede vir die daling juis moet soek in swak onderwys?

Die styginge van Vorm III na Vorm IV en van Vorm IV na Vorm V is verwag. Die laaste styging is egter geweldig hoog, n.l. 12.6%. Wat sou die rede hiervan wees? Om logies tewerk te gaan, het in die meeste gevalle al reël geword by die Vorm V-leerlinge; hulle het genoegsaam kennis van die Ww., kan vrae oor die algemeen beter geïnterpreteer weens die baie toetse en eksamens wat hul al moes skrywe. Hul werk oor die algemeen noukeuriger as die Vorm IV-leerlinge, omdat hul bewus is van die feit dat hulle 'n skoolloopbaan moet afsluit deur middel van 'n publieke eksamen.

Punt 4 bewys genoegsaam dat die nie-logies-afgeleide defin. in elke standaard liewers die uitsondering as die reël is. Die persentasie daarvan is klein in vergelyking met die persentasies logies-afgeleide defin. (vgl. persentasies onder (a) en (b), Tabel I9, bl. 68.) Dit is baie opvallend om te merk dat die Vorm II-Ppe. die minste nie-logies-afgeleide defin. neergeskrywe het. Van hulle het ons dit glad nie verwag nie. Die styginge van Vorm II na Vorm III en Vorm III na Vorm IV is onverwag. Waaraan sou dit kan toeskrywe word? Moontlik aan swak onderwys.

Wat punt 5 betref, het ons te doen met die mate van verwarring van ander rededele-defin. met die van die ~~Ww.~~ Ww. of met geheelenaal verkeerde defin., meer met die laaste ~~Ww.~~ as met die eerste.

Die persentasies in Vorm II en in Vorm III is geweldig hoog. Dit is heeltemal verwag dat die Vorm II-Ppe. 'n groot persentasie verkeerde defin. sou neerskrywe, maar dit is nie verwag dat dit so groot sou wees as 26.2%nie.

Die toename van 2.1% van Vorm II na Vorm III is onverwag. Ons moet dit toeskrywe aan swak onderwys. Die daling van 14.9% van Vorm III na Vorm IV is hoog, netso ook die daling van 5% van Vorm IV na Vorm V. Ons verwag egter dat die kennis van die Vorm-IV- en van die Vorm V-Ppe. soveel verbetering op die van Ppe. in laer standerds toon, dat hul minder verkeerde defin. sal neerskrywe. Hierdie kwessie staan natuurlik in verband met punt 2.

Punt 6. In hierdie geval het ons te doen met onkunde aan die kant van die leerlinge. Hulle het nie geweet hoe om te se wat 'n Ww. is nie.

Die weglatingsfoute is in Vorm II gering en nie noemenswaardig nie. Die Vorm III- en Vorm V-Ppe. het goed presteer deur geen fout in hierdie verband te begaan nie; maar die weglatingsfoute---6%--- in Vorm IV is verblindend, as ons nie lig soek in onnoukeurigheid of traak<sup>ny</sup>-nie-agtigheid nie.

Nou volg twee onuitgesoekte defin. van elke standerd, met bespreking waar nodig, wat val onder (3): (a), (b) en (4) in Tabel 19, bl. 68.

(1) Korrekte Definisies.

(a) Logies-afgelei.

Vorm II.

1. "'n Ww. is 'n woord wat 'n werking of beweging aandui". (vbe.: speel, sing werk, loop, gee.) Dit moet vir elkeen duidelik wees, dat die Ppe. deeglik die vbe. inaggeneem het by die formulering van die defin.: daar is handelings en bewegingsaanduidende woorde tussen die vbe.: speel, sing, werk----handelingswoorde, en: loop, gee----bewegingswoorde.

2. "'n Werkw. dui die werking in 'n sin aan." (vbe.: slaan, sing, eet, skop.)

Vorm III.

1. "'n Ww. dui 'n handeling, 'n toestand, 'n verandering van toestand aan." (vbe.: loop, sit vertrek, slaap, sing.) Hierdie defin. is baie goed afgelei uit die vbe.

2. "'n Werkw. se wat 'n mens, dier of ding doen." (vbe.: spring, praat, bak, verkoop, hardloop.)

Vorm IV.

1. "'n Werkw. is 'n woord wat 'n werking of beweging aandui." (vbe.: skryf, hardloop, skop, loop, stoot.) Dit is hier ook duidelik dat die defin. rekeninghou met die vbe.

2. "Dit dui die werking aan." (vbe.: skiet, ry, kap, sny, kou.)

Vorm V.

1. "'n Werkw. is 'n woord wat 'n werking aandui."

(vbe.: skryf, korrel, buk, knip, kyk.)

2. "Dit dui aan wat die onderwerp van 'n sin doen."

(vbe.: slaan, raas, swem, skop.)

Dit is nie nodig om te se dat baie min leerlinge in die heerskool hul vbe. so gekies het dat hulle die volle funksie van die Ww. kon uitbring, as 'n handelingswoord, 'n woord wat 'n toestand en 'n verandering van toestand aandui. Die so omvattende defin. is sporadies en dien geen vermelding nie.

(b) Nie-logies-afgelei.

Vorm II.

1. "'n Ww. vertel ons wat daardie persoon en ding doen." (vbe.: Anna, dorp, meule, stasie.) Dit is duidelik dat die defin. 'n produk van die geheue is. Dit kon onmoontlik van die vbe. afgelei gewees het.

2. "'n Werkw. is 'n woord wat aandui 'n toestand, 'n verandering van toestand." (vbe.: slapende, bees, gehardloop, kombuis, ry.) Ook hier kan met ~~ruik~~ veiligheid die defin. aanvaar word as 'n geheue-resultaat.

Vorm III.

1. "'n Werkw. dui aan die werking wat 'n voorwerp ondergaan." (vbe.: speel, hardloop, loop, skryf, sing.) Hierdie defin. het met die Ww. in die lydende vorm te doen. Dit is duidelik dat die vbe. almal in die bedrywende vorm staan.

2. "'n Ww. dui aan dat 'n handeling verrig of ondergaan word." (vbe.: ry, loop, speel, swem, sing.) Die eerste deel van die defin. rym met die vbe., maar nie die laaste of tweede deel nie.

Vorm IV.

1. "'n Ww. dui aan dat 'n handeling verrig word, ondergaan word, 'n verandering van toestand dui dit ook aan." (vbe.: skryf, dink, roep, loop.) Geen woord tussen die vbe. kon die leerling gedwing het om die Ww. te beskou as 'n woord <sup>uit</sup> uitdruk of aandui dat 'n handeling ondergaan word nie.

2. "'n Ww. dui aan dat 'n handeling ondergaan word." Hierdie defin. is nie afgelei van die woorde: loop, ry, slaap, eet, en drink, nie.

Vorm V.

1. "'n Werkwoord dui 'n handeling aan en 'n toestand." (vbe.: skrywe, hardlopp, eet, drink, loop.)

2. "'n Werkwoord sê vir ons wat 'n persoon of dier doen." (vbe.: dink, skrywe, sny, skiet, lag.) Dit is moontlik denkbaar dat 'n dier een van die genoemde handeling kan uitvoer, in die sin waarin die Pp. dit beskou het.

(ii) Verkeerde Definisies.

Vorm II.

1. "'n Werkw. is die woord wat die werking ondergaan." (vbe.: skryf, spring, praat, sing, hardloop.) Hoewel die vbe. almal korrek is, het die Pp. buite om die <sup>02</sup> vbe. 'n defin. in die lug gewaag.

2. "'Ww. vertel my meer van 'n Snw." (vbe.: loop, staan, hardloop, stap, dra.) Dieselfde kritiek geld hier as onder eersgenoemde.

Vorm III.

1. "'n Ww. is 'n woord wat aandui hoe iets gedoen word." (vbe.: loop, eet, hardloop, staan, drink.) Die Byw.-defin. word met die Ww.-defin. verwar. Boonop is die vbe. korrek en die defin. 'n gewaagde.

2. "Die werkwoord is 'n werk." (vbe.: loop, lees, dink, probeer.)

Vorm IV.

1. "'n Werkw. is 'n woord wat iets verrig of doen." (vbe.: loop, ry, slaan, trap, dryf.) Hier het die Ww. 'n inherente krag om 'n werking op sigself uit te voer.

2. "'n Ww. dui aan hoe die Snw. verrig word." (vbe.: loop, sing, skop, fluit, knyp.)

Vorm V.

1. "'n Ww. is 'n woord wat ons iets meer sê van die werking." (vbe.: speel, werk, slaap, skryf.)

2. "'n Ww. bepaal die handeling of verandering." (vbe.: eet, leer, skrik, gesels.)

In 'n hele aantal van die genoemde defin. word bewys gelewer dat party Ppe. wel vbe. van Wwe. kan neerskrywe, maar hul het nie die vermoë om te sê wat die Ww. is nê.

(iii) Geslagsverskille.

Ten opsigte van die gegewens onder (3): (a) en (b), (4) en (5) in Tabel 19, bl. 68, word geslagsverskille ondersoek, as daar is.

In Tabel 20 word gegee:

(1) die moontlike aantal defin. wat deur elke geslag in elke standerd kon neergeskrywe word.

(2) die aantal gegewe defin. vir elke geslag.

(3) die aantal en persentasie<sup>1</sup> korrek-gegewe defin. volgens geslag.

(a) die aantal en persentasie logies-afgeleide defin.

(b) die aantal en persentasie nie-logies-afgeleide defin.

(4) die aantal en persentasie verkeerde defin. volgens geslag.

<sup>1</sup> Die persentasies word bereken in terme van die gevraagde aantal vir elke geslag.

(5) die aantal en persentasie weggelate defin. volgens geslag.

TABEL 20.

Aantal en Persentasie Defin. Geslag.

Standaard	:Vorm II		:Vorm III		:Vorm IV		:Vorm V	
Geslag	: S	: M	: S	: M	: S	: M	: S	: M
(1) Aantal moontlik	: 311:	192:	134:	117:	126:	90:	102:	41
(2) Aantal gegee	: 308:	192:	134:	117:	119:	84:	102:	41
(3) Aantal korrek-gegee	: 228:	140:	98:	82:	104:	70:	95:	36
Persent.	: 73.3:	72.9:	73.1:	70.1:	83.3:	77.8:	93.1:	87.8
(a) Aantal logies-afgelei	: 225:	140:	98:	75:	94:	66:	90:	34
Persent.	: 72.3:	73.4:	73.1:	64.1:	74.6:	73.3:	88.2:	82.9
(b) Aantal nie-logies-afgelei	: 3:	0:	0:	7:	10:	4:	5:	2
Persent.	: 1:	0:	0:	6:	8.7:	4.5:	4.9:	4.9
(4) Aantal verkeerd	: 80:	52:	36:	35:	15:	14:	7:	5
Persent.	: 25.7:	27.1:	26.9:	29.9:	11.8:	15.6:	6.9:	12.2
(5) Aantal weggelaat	: 3:	0:	0:	0:	7:	6:	0:	0
Persent.	: 1:	0:	0:	0:	4.9:	6.6:	0:	0

Uit Tabel 20 blyk dat:

(1) die M. van Vorm II, die S. en die M. van Vorms III en V die moontlike aantal defin. neergeskrywe het.

(2) deur geen geslag in enige standaard die moontlike/aantal defin. korrek gegee is nie. Dit kom verder aan die lig dat die S. in elke standaard meer defin. korrek neergeskrywe het as die M. In Vorm II het die S. die M. oortref met .4%, in Vorm III met 3%, in Vorm IV met 5.5%, en in Vorm V met 5.3%. Die verskil tussen die prestasie van die S. en die van die M. is gering in Vorm II, maar van betekenis in die drie daaropvolgende standaards. Ons konkludeer dus dat die S. in elke hoerskoolstanderd 'n beter kennis van die Ww.-defin. as die M. openbaar daarin, dat hul in elke standaard 'n groter persentasie korrekte defin. kan neerskrywe.

(3) die M. die S. net in Vorm II oortref met 1.1% logies-afgeleide defin. Maar hoe ouer die S. en die M. word en hoe stywer die kursusse hoe meer bewys die S. dat hulle die M. oortref in logiese werk, b.v.: in Vorm III oortref die S. die M. met 9% logies-afgeleide defin.; in Vorm IV met 1.3% en in Vorm V met 5.3%.

(4) die S. van Vorm II effens swakker gedoen het as die M., wat geen onlogiese defin. neergeskrywe het nie; die M. van Vorm III het 6% meer onlogiese defin. neergeskrywe as die S., wat geen onlogiese defin. gegee het nie. In Vorm IV egter het die S. weer 4.2% meer as die M. gegee

In Vorm V is daar gee verskil nie.

(5) die M. in elke standerd meer verkeerde defin. as die S. neergeskrywe het. In Vorms II, III, IV en V oortref die M. die S. met die volgende persentasies: 1.4, 3, 3.8, en 5.3. respekt.

(6) daar, wat die weggelate defin. betref, in twee standerds, n.l. Vorms III en V, geen verskil tussen die S. en die M. op te merk<sup>is</sup> nie; in Vorm II het die S. egter 'n effense groter onkunde of onnoukeurigheid as die M. aan die dag gele deur 1% meer defin. weg te laat; in Vorm IV weer het die M. 1.7% meer defin. weggelaat as die S.

-----

HOOFSTUK V: DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD

I. Vraag Een.

Sien die bylae, bl. 132, vir die bewoording van hierdie vraag..

(a) In Tabel 2I. word die resultaat van die telling van die Byv.nw. saamgevat. Daarin word gevind:

(1) die aantal moontlike Byv.nw. wat in elke standerd kon opgenoem word.

(2) die aantal gegewe Byv.nw.

(3) die aantal korrek-gegewe Byv.nw, en die persentasie daarvan in elke standerd.

(4) die aantal verkeerde woorde en die persentasie daarvan in elke standerd.

(5) die weggelate woorde en die persentasie daarvan in elke standerd.

TABEL 2I.

Aantal en Persentasie Byv.nw. Standerd.

<u>Standerd</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>	<u>:Tot.</u>
(1)Aantal moontlik	: 2515	: 1255	: 1080	: 715	: 5565
(2)Aantal gegewe	: 2349	: 1196	: 1061	: 709	: 5315
(3)Aantal korrek-gegewe	: 2080	: 1127	: 1027	: 703	: 4937
<del>(4)</del> Persent:	: 82.7	: 89.8	: 95.1	: 98.3	: -
(4)Aantal verkeerd	: 269	: 69	: 34	: 6	: 378
Persent.	: 10.7	: 5.5	: 3.1	: .85	: -
(5)Aantal wegelaat	: 166	: 59	: 19	: 6	: 250
Persent.	: 6.6	: 4.7	: 1.8	: .85	: -

By 'n noukeurige bestudering van Tabel 2I blyk dit:

(1) dat in geen standerd die moontlike aantal Byv.nwe. opgenoem is nie.

(2) dat die persentasie korrek-gegewe Byv.nwe. vir Vorms II, III, IV en V as volg is: 82.7, 89.8, 95.1, 98.3; daar is gevolglik 'n styging van 7.1% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van 5.3% van Vorm III na Vorm IV; en ook 'n styging van 3.2% van Vorm IV na Vorm V.

(3) dat die verhouding van die verkeerde <sup>woorde</sup> per 100 in Vorms II, III, IV en V só is: 10.7, 5.5, 3.1, .85, d.w.s. daar is 'n gedurige daling van: 5.2% van Vorm II na Vorm III; 2.4% van Vorm III na Vorm IV; 2.25% van Vorm IV na Vorm V.

(4) dat die verhouding van die weggelate woorde

Die persentasies word bereken in terme van die gevraagde aantal Byv.nw.

per 100 in genoemde standerds: 6.6, 4.7, 1.8, en .85, respekt. is. Ons merk dus op 'n gedurige daling van: 1.9% van Vorm II na Vorm III; 2.9% van Vorm III na Vorm IV; 7 .95% van Vorm IV na Vorm V.

Punt 1 eis geen verdere bespreking nie.

Wat punt 2 betref, rym die resultate met al ons verwagtings. Die gedurige styging in die persentasies korrek-gewee Byv.nw. van Vorm II na Vorm V is gesond. Ons verwag dat die leerlinge in elke volgende kursus in die skool 'n beter kennis sal verwerf van die vakke wat hulle leer, en so ook van die Byv.nw. In elke volgende standerd is die leerlinge gemiddeld ouer as in die vorige standerd, het <sup>er</sup> jaar langer kennis gemaak met die Byv.nw., sodat die kennisprestasie nie staties of regressief behoort te wees nie, maar dinamies. Hierdie dinamiese element word dan eers bewerkstellig as die onderwys elke jaar goed bly in enige vak.

Die grootste styging vind plaas van Vorm II na Vorm III. Ons merk ook verder dat elke volgende styging kleiner is as die vorige een, omdat die leerlinge in elke volgende standerd nader kom aan die maksimum. Omdat nie in een standerd die maksimum bereik is nie, moet die styginge kleiner word om nog 'n verbetering te kan toon, op die vorige een.

Wat punt 3 betref, n.l. die gegewens oor die verkeerde woorde, is alles verwag soos aan die lig gekom het. Ons het hier te doen met ander woorde wat met die Byv.nw. verwar is. Sodanig verbeter die diskriminasievermoe van die leerlinge in elke volgende standerd, dat hulle, ook as gevolg van vermeerderde kennis, al minder ander woordsoorte na hulle vorm en funksie met die Byv.nw. verwar. As dit die resultaat van onnoukeurigheid is, dan neem dit ook van standerd tot standerd af.

Die grootste daling vind plaas van Vorm II na Vorm III. Hier vind ons die omgekeerde van wat onder punt 2 gemeld is, n.l. dat die grootste styging tussen die genoemde standerds gevind word, M.i. het ons hier met dieselfde oorsake te doen. Die leerlinge van Vorm III werk meer konsensieus en presies, oor die algemeen geneem, as hulle in Vorm II, omdat een jaar se meer skoolervaring en onderwys dit meebring, en omdat hulle miskien meer bewustelik op 'n doel af werk: die publieke eksamen aan die einde van hulle kursus.

Omdat ons, wat die verdere dalinge betref---- van Vorm III na Vorm IV, en van Vorm IV na Vorm V----- net die teenoorgestelde verskynsel kry, soos gevind onder punt 2, volg dit ook dat elke volgende daling kleiner word as die voorafgaande een.

Wat punt 4 betref, het ons te doen met die resultaat van totale onkunde, of van onnoukeurigheid. Die weglatingsfoute in elke standerd is seker die gevolg van albei, meer bepaaldelik van onkunde.

In hierdie geval is die dalinge, soos aangemerkt, verwag. Ons veronderstel dat die onkunde en onnoukeurigheid in die standerds as geheel sal afneem met die vorderinge in kursusse.

Word die gegewens onder (4) en (5) in Tabel 2I, bl. 76, vergelyk, dan merk ons dat die persentasie verkeerde woorde in drie standerds, n.l. Vorms II, III en IV, groter is as die persentasie weglatingsfoute, d.w.s. die mate van verwarring van ander rededele met die Byv.nwe. is in die drie standerds groter as die mate van onkunde of onnoukeurigheid. In Vorm V is egter dieselfde aantal foute begaan in albei gevalle.

(b) Die Byv.nwe. onder (3) in Tabel 2I, bl. 76, word in die besonder bespreek onder die volgende hoofde:

(1) Byv.nw. van Hoedanigheid.

(a) Sekere Kleureienskappe.

Dit is noodsaaklik om vooraf die volgende te sê:

Deur geen Pp. in enige standerd is 'n Vb. van stofaanduidende Byv.nwe. neergeskrywe nie. Dit bewys genoegsaam hoe groot die rol aan die anderkant is wat Byv.nwe. van hoedanigheid in die denke van al die hoërskool-leerlinge speel.

Tweedens word die aandag ook gevestig op die Byv.nw. wat sowel attributief as predikatief gebruik kan word. Hier stuit die skrywer voor 'n moeilikheid, dat nie in die minste kan gesê word wat die persentasie van die attributief-gebruikte en wat die persentasie predikatief-gebruikte Byv.nwe. is nie. Dit is die gevolg van die feit dat die woorde nie in sinsverband neergeskrywe is nie. Let b.v. op die volgende:

Neem die Byv.nw. lelik, waarvan daar honderde vbe. opgenoem is. Dit is duidelik dat die vorm daarvan die van die predikatief-gebruikte Byv.nw. is, en lelike die van die attributief-gebruikte Byv.nw. Maar neem ons die Byv.nwe.: mooi, skerp, sterk, swart, skelm, stout, swaar, slim, sielik, streng, wit, rooi, groen, blou, geel, en nog baie ander, dan vind ons dat almal sowel attributief as predikatief gebruik kan word. Die doel van hierdie studie is om so getrou as moontlik die betekenis en funksie wat elke Pp. aan elke Byv.nw. sou geheg het, weer te gee. Dit kan nou nie gedoen word nie weens die beperking van hierdie ondersoek. Daarom word

hier ook nie ingegaan op die kwessie watter Byv.nwe. net attributief, watter predikatief, en watter beide attributief en predikatief gebruik kan word nie. As dit gebeur, sal dit resulteer in 'n baie skowe voorstelling van die bedoelinge van baie Ppe.

(1) Byv.nwe. van Hoedanigheid.

In Tabel 22 word die Byv.nwe. aangegee, waarvan die frekwensie heër as 100 is:

TABEL 22.

Byv.nwe. van Hoedanigheid.

<u>woorde</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>	<u>:Tot.</u>
Mooi.	: 245	: 148	: 149	: 98	: 640
Lelik(e)	: 158	: 75	: 88	: 56	: 377
Groot	: 174	: 44	: 59	: 43	: 320
Klein	: 75	: 31	: 33	: 11	: 150
Swart	: 45	: 31	: 26	: 16	: 118
Lank(g)	: 45	: 29	: 22	: 16	: 112

Van Tabel 22 word afgelei:

(1) dat in elke standaard die meeste vbe. van mooi neergeskrywe is, en dat dit die enigste woord is waar daar ooreenstemming tussen al die standerds is wat die rangorde van die gegewe woorde betref.

(2) dat daar taamlike verskille en ooreenkomste tussen die standerds bestaan wat die rangorde van die woorde na die eerste plek in die Tabel is, b.v.: groot staan tweede in Vorm II, maar lelik(e) in Vorms III, IV en V; lelik(e) staan derde in Vorm II, maar groot in Vorms III, IV en V; klein staan vierde in Vorms II, III en IV, maar swart en lank(g) in Vorm V; swart en lank(g) staan vyfde in Vorm II, net swart in Vorm IV; lank(g) staan sesde in Vorms III en IV, klein egter in Vorm V.

(3) dat die rangorde van die gegewe woorde, volgens hulle totale frekwensie, so is soos aangegee in die Tabel: mooi eerste, lelik(e) tweede, groot derde, klein vierde, swart vyfde, en lank(g) sesde.

Wat veral van belang is om uit die voorgaande te bespreek, is die woorde: mooi en lelik(e); klein en groot.

Mooi, lelik, groot en klein maak saam 26.7% van die gevraagde aantal Byv.nw. uit wat deur die 1113 leerlinge moes opgenoem word. Hierdie vier Byv.nwe maak dus 'n bietjie meer as een-kwart van die gevraagde aantal Byv.nwe uit.

Mooi, lelik(e), groot en klein maak die "adjektief-stoflap" van die hoerskool-leerlinge uit. Aan hierdie vier Byv.nwe. word die grootste betekenis en funksie geheg.

Mooi is allesins 'n vae eienskap wat aan dinge

gegee word. Enigiets wat enigsins betower, esteties 'n goeie indruk maak, aangenaam aandoen, die sinne streel, word mooi genoem. By gebrek aan ander woorde in Afrikaans wat graduele verskille van mooiheid bepaal, word mooi deur baie Ppe. oor-gebruik.

Direk teenoor mooi staan lelik(e), wat 'n eienskap of hoedanigheid van iets is, wat afsku by die kind wek. Mooi is egter die eienskap van iets wat die kind nader daaraan trek. Die lelik-eieskap bring egter verwydering, stoot die kind verder van die voorwerp af. Dit tref ons bepaald dat die hoërskool-leerlinge met meer blymoedigheid die objektiewe wêreld tegemoet tree as met 'n gevoel van afsku, want mooi word 640-maal gebesig en lelik(e) slegs 377-maal.

Teenoor die genoemde gevoelseienskappe staan die vorm-eienskappe, n.l. groot en klein, wat vertolk die afmetings, die ruimte, wat voorwerpe beslaan.

Wanneer die Ppe. in die hoërskool gevra word om Byv.nwe. neer te skrywe waaraan hul dink, dan staan voorop in die denklewe: Byv.nwe. wat gevoelseienskappe uitdruk en ten tweede Byv.nwe. wat ruimtelike eienskappe uitdruk.

Daar is egter ook ander Byv.nwe. met 'n frekwensie kleiner as 100 wat van belang is om te noem. Hulle is o.a.: goeie(d) (99); ou(d) (99); stout (95); rooi (95); groen (83); slim (77); hoog(e) (72); vinnig (71); pragtig(e) (60), ens.

(a) Sekere Kleureienskappe.

Dit sou miskien interessant wees om na te gaan watter kleureienskappe deur die hoërskool-leerlinge gebesig word en watter die hoogste frekwensie het.

In Tabel 23 word die frekwensie van 6 kleureienskappe, soos oor die standerds versprei, aangegee.

TABEL 23.

Sekere Kleureienskappe.

Woorde	:Vorm II	:Vorm III	:VormIV	:Vorm V	: Tot.
Swart	: 45	: 31	: 26	: 16	: 118
Rooi	: 30	: 30	: 20	: 15	: 95
Groen	: 24	: 21	: 14	: 24	: 83
Wit	: 18	: 12	: 14	: 8	: 52
Geel	: 15	: 14	: 2	: 2	: 33
Blou	: 10	: 6	: 6	: 3	: 25

Ons merk op dat:

(1) daar geen kleureienskap is wat in alle standerds eerste staan nie.

(2) daar verskille en ooreenstemminge tussen die standerds is, wat betref die rangorde van die gegewe woorde, b.v.: swart staan eerste in Vorms II, III en IV, groen egter

in Vorm V; rooi staan tweede in Vorms II, III en IV, maar swart in Vorm V; groen staan derde in Vorms II, III en IV, ook wit in laasgenoemde, rooi in Vorm V; wit staan vierde in Vorms II en V, geel in Vorm III; geel staan vyfde in Vorm II, wit in Vorm III, blou in Vorms IV en V; blou staan sesde in Vorms II en III, geel in Vorms IV en V.

(3) die rangorde van die woorde is, soos gegee in die Tabel, n.l. swart, eerste, rooi tweede, groen derde, wit vierde, geel vyfde, en blou sesde, wanneer ons die totale frekwensie van elk inag neem.

Ons konkludeer dus dat die drie uitstaande kleure waaraan die Ppe. dink: swart, rooi en groen is.

Ander kleureienskappe wat opgenoem is, maar nie in die Tabel voorkom nie, is o.a.: bruin (13) en vaal (5).

(11) Verkeerde Woorde.

Net in die geval van Vorm V sal al die verkeerde woorde kan gegee word. Van die ander Vorms sal genoegsaam vbe. gegee word van die rededele waaronder hulle val.

In Tabel 24 word die verkeerde woorde vir elke standaard gevind, wat val onder (4) in Tabel 21, bl. 76.

TABEL 24.

Verkeerde Woorde.

Rededele	: Snw.	: Ww.	: Vnw.	: Byw.	: Voorsets.:	Voegw.
Vorm II	: Aia,appel:	aankom,	: ek, sy,hy:	hier,daar:	op,aan	: -
	: boekkas,	: wegloop,	: jy, jou,	: voor		: -
	: bout,dorp:	vra,skop	: hom,julle:			: -
	: beeskop	: praat,	: ons,my			: -
	: Hond,tafel:	wees,	: haar,			: -
	: boekrak	: word,weet:	hulle,			: -
	: kombuis					: -
Vorm III	: bank,knop:	kan	: ek, jy,hy			: want,
	: koei,hond:	-	: julle,sy			: waarop,
	: graf,berg:	-	: hare,hom			: waarmee
	: suiker		: hulle,ons:			: -
	: tafel,dam:	-				: -
	: dogter					: -
	: driehoek					: -
Vorm IV	: bout,hout:	kan	: julle,hy	: laat,		: maar,
	: perd,Piet:	-	: hulle,ons:	verder.		: sodat.
			: daardie			: -
			: hierdie			: -
			: iemand			: -
Vorm V	: helde,					: -
	: Hoender					: -
	: kafferbier:	-				: -
	: kaffernaam:	-				: -

Weens die groot aantal kon nie al die verkeerde woorde van Vorms II, III en IV gegee word nie. Dus is onder elke rededeelgroep die nodige hoeveelheid opgenoem wat in die klein 'n beeld van die ware toestand gee.

Daar word uit Tabel 24 dan afgelei dat:

(1) van die volgende rededele in elke standaard die

meeste vbe. opgenoem is: (a) Vnwe. in Vorm II; (b) Snwe. in Vorm III; (c) Vnwe. in Vorm IV, en (d) Snwe. in Vorm V.

(2) geen Ww. of Vnw. of Byw. of Voorsetsel of Voegw. in Vorm V met die Byv.nw. verwar is nie.

(3) daar ook taamlik baie Snwe. in Vorms II en III en minder in Vorm IV met die Ww. verwar is.

(4) kan deur beide die Vorm III- en die Vorm IV-Ppe. eenmaal opgenoem is.

(5) geen Byw. of Voorsetsel in Vorm III met die Ww. verwar is nie; geen Voorsetsel in Vorm IV; geen Voegwoord in Vorm II.

(c) Word elke toetspapier afsonderlik bestudeer, dan tref in baie gevalle 'n eienaardige verskynsel ons: die veelvuldige gebruik wat van teëntellende Byv.nwe. gemaak word. Dit vind plaas in elke standerd, in 'n kleiner of groter mate. Die teëstellende Byv.nwe. het hulle pertinent aan die aandag van die skrywer opgedring as gevolg van die feit dat hulle in die meeste gevalle naasmekaar geskrywe is.

Die volgende teëstellende Byv.nwe. is in alle standerds gevind:

groot - klein ; swart - wit; vuil - skoon;  
vet - maer; slim - dom; mooi - lelik; kort - lank;  
jonk - oud; arm - ryk; vinnig - stadig; stout-soet;  
sag - hard; en dun - dik.

Die een hoedanigheid dien as 'n prikkel om sy teen-gestelde in die denke van die leerlinge op te roep. Dit lyk of die leerlinge behae daarin skap om teëstellend tewerk<sup>te</sup> te gaan as/<sup>dit</sup>neerkom op hoedanigheidswoorde.

#### (iii) Geslagsverskille.

Indien daar enige geslagsverskille in elke standerd is, dan word dit ondersoek onder (3), (4) en (5) in Tabel 21, bl.76.

In Tabel 25 word die volgende gevind:

(1) die moontlike aantal Byv.nwe. wat deur elke geslag in elke standerd kon opgeneem word.

(2) die aantal gegewe Byv.nwe.

(3) die aantal korrek-gegewe Byv.nwe. vir elke geslag, en die persentasie<sup>1</sup> vir elk.

(4) die aantal verkeerde woorde volgens geslag in standerds en die persentasie daarvan.

(5) die aantal weggelate woorde volgens geslag in standerds en die persentasie daarvan.

1 Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal Byv.nwe. vir elke geslag in elke standerd.

TABEL 25.

Aantal en Persentasie Byv.nwe. Geslag.

Standaard	:Vorm II	:Vorm III	:Vorm IV	:Vorm V
Geslag	: S	: M	: S	: M
(1) Aantal moontlik	:1555	: 960	: 670	: 585
(2) Aantal gegee	:1454	: 895	: 631	: 565
(3) Aantal korrek- gegee	:1235	: 845	: 588	: 539
Persent.	:79.4	: 88.8	:92.1	:95.1
(4) Aantal verkeerd	: 219	: 50	: 43	: 26
Persent.	:14.1	: 5.2	: 6.4	: 4.4
(5) Aantal weggelaat	: 101	: 65	: 39	: 20
Persent.	: 6.5	: 6.8	: 5.8	: 3.5

By 'n noukeurige analise van Tabel 25 word opgemerk:

(1) dat daar geen geslagverskille, wat betref die moontlike aantal Byv.nwe., is nie; want in elke standaard kom die een geslag met die ander daarin ooreen, dat nie een geslagsgroep die gevraagde aantal kon neerskrywe nie.

(2) dat die M. in drie standaards, n.l. Vorms II, III en V, meer Byv.nwe. korrek neergeskrywe het as die S.: in Vorm II het die M. .6% meer neergeskrywe; in Vorm III 4.3%; in Vorm V .3%. Die verskille in Vorms II en V is egter gering; in Vorm IV is daar geen geslagsverskil nie.

(3) dat die S. in elke standaard meer ander woordsoorte met die Byv.nw. as die M. verwar het: in Vorm II het die S. 8.9% meer verkeerde woorde as die M. neergeskrywe; in Vorm III 2% meer; in Vorm IV 1.6% meer en in Vorm V 1.2% meer.

(4) dat die M. in Vorms II, IV en V 'n groter onkunde as die S. openbaar, deur .3% meer woorde as die S. ~~weg~~ in Vorm II weg te laat; 1.6% meer in Vorm IV en .9% meer in Vorm V. Die S. het egter net in Vorm III meer as die M. weggelaat, n.l. 2.3%.

Word die persentasies vir elke geslag onder (4) en (5) in Tabel 25 saamgevat, dan blyk dit: dat die S. in Vorms II, III en V 'n groter persentasie foute begaan het as die M. In Vorm IV is daar dan geen geslagsverskil nie.

Omdat daar weinig verskil tussen die geslagsgroepe in elke standaard is, wat die getal vbe. betref van mooi, lelik, groot, klein, swart, rooi, groen en wit, sou dit miskien interessant wees om na te gaan of daar nie geslagsverskille is as ons die S. en die M. nie in hulle standaards nie, maar as twee groot groepe in die hoërskool vergelyk.

Hierdie verskille word nou nagegaan onder die eerste vier woorde in Tabel 22, bl.79, n.l. mooi, lelik, groot en klein; onder die eerste vier woorde in Tabel 23, bl.80, n.l. swart, rooi, groen en wit.

In Tabel 26 word uitgegee die aantal vbe. wat elke geslag in elke standerd van die genoemde woorde opgenoem het, sowel as die totale aantal, met persentasies, vbe. wat die S. en die M. daarvan opgenoem het. Ons bepaal die aandag hoofsaaklik op die totale frekwensie en persentasie van elke woord.

TABEL 26.

Aantal en Persentasie van agt Byv.nwe. van Hoedanigheid volgens geslag.

Woorde	:Geslag:	Vorm II:	Vorm III:	Vorm IV:	Vorm V	:Tot.	:Persent
Mooi	: S	: 132	: 69	: 85	: 68	: 354	: 10.5
	: M	: 113	: 79	: 64	: 30	: 286	: 13
Lelik	: S	: 89	: 31	: 45	: 38	: 203	: 6
	: M	: 69	: 44	: 43	: 18	: 174	: 8
Groot	: S	: 100	: 41	: 38	: 32	: 211	: 6.3
	: M	: 74	: 3	: 21	: 11	: 109	: 5
Klein	: S	: 36	: 18	: 21	: 7	: 82	: 2.4
	: M	: 39	: 13	: 12	: 4	: 68	: 3.1
Swart	: S	: 21	: 17	: 19	: 13	: 70	: 2.1
	: M	: 24	: 14	: 7	: 3	: 48	: 2.2
Rooi	: S	: 12	: 17	: 9	: 11	: 49	: 1.5
	: M	: 18	: 13	: 11	: 4	: 46	: 2.1
Groen	: S	: 16	: 14	: 7	: 16	: 53	: 1.6
	: M	: 8	: 7	: 7	: 8	: 30	: 1.4
Wit	: S	: 11	: 8	: 11	: 6	: 36	: 1.1
	: M	: 7	: 4	: 3	: 2	: 16	: .7

Uit Tabel 26 is dit duidelik dat:

(1) die M. 'n groter persentasie dinge mooi vind as die S., n.l. 3.5%.

(2) die M. ook in meer gevalle dinge lelik vind as die S., n.l. 2%.

Moet ons uit die voorgaande aflei dat die M. beter as die S. in staat is om gevoelseienskappe van dinge te keur? In sekerre as wat die resultate ons toelaat kan gesê word dat die M. aan meer mooi-eienskappe van dinge dink as die S. en ook aan meer lelik-eienskappe.

(3) die S. aan 1.3% meer groot-eienskappe as die M. dink. Dit lê miskien in die natuur van S. dat hul meer hou van dinge wat groot is en 'n geweldige indruk maak as van dinge wat klein is.

(4) die M. aan .7% meer klein-eienskappe as die S. dink. Die M. is fyner, delikater van natuur as die S. Gevolglik bétsaan die moontlikheid dat hulle hul meer aangetrokke voel tot klein dingetjies as die S.

(5) die M. meer as die S. aan swart- en aan rooi-eienskappe van dinge dink. Ons moet erken dat die verskil in die geval van swart gering is.

(6) die S. weer meer as die M. aan groen en aan wit hoedanighede van dinge dink.

Daar word gevoel dat die voorgaande resultate met versigtigheid eenvaar moet word, omdat die aantal C. en die aantal M. wat getoets is, nie groot genoeg is om groot en vasstaande verskille uit te bring nie.

## 2. Vraag Twee.

Onder vraag twee word ondersoek die defin. van die Byv.nw., soos deur die Ppe. in die verskillende standerds neergeskrywe.

Sien die bylae, bl.132, vir die bewoording van vraag twee.

Voordat die resultate onder hierdie vraag bespreek word, word vooraf eers 'n paar defin. van bekende grammatieci gegee. Daaruit afgelei, wil ons 'n norm probeer gee waarvolgens die defin. van die Ppe. beoordeel is.

1."Die Byvoeglike Naamwoord of Adjektief is 'n kenmerkswoord wat by 'n naamwoord gevoeg word. Dit dien om die selfstandigheid, deur die naamwoord uitgedruk, nader te bepaal. Dit beperk dus die begrip wat deur die Snw. uitgedruk word deur 'n bepaalde kenmerk of hoedanigheid daarvan te noem."(5: 81)

2."Bnw. is woorde wat dien om 'n besondere hoedanigheid van 'n Snw. aan te dui." (34:18)

3." Die byvoeglike naamwoord (of adjektief) word altyd in verband met een of ander selfst. naamwoord gebruik, en dit dui aan die eienskap of hoedanigheid van die ding wat die selfst. naamwoord voorstel---- m.a.w. dit bepaal die selfst. naamwoord." (6:66)

Uit die genoemde defin. blyk hoe verskillend die bewoording van die Byv.nw.-defin. kan wees. Netso verskillend sal ons die bewoording van die kinders vind. Daarom is dit nodig om 'n norm te gebruik wat taamlik plooibaar is en verskillende bewoordings kan insluit. Solank as die leerlinge die Byv.nw. beskou as 'n woord wat die Snw. nader bepaal, omskrywe, 'n eienskap of hoedanigheid daarvan uitdruk, dan word die defin. as korrek geneem.

(a) In Tabel 27 word die volgende gegewens saamgevat:

(1) die aantal ~~gegeens~~ moontlike defin. wat in elke standerd kon gegee word.

(2) die aantal gegewe defin.

(3) die aantal en persentasie<sup>1</sup> korrek-gegewe defin.

(a) die aantal en persentasie logies-afgeleide defin.

(b) die aantal en persentasie nie-logies-afgeleide defin.

(4) die aantal en persentasie verkeerde defin.

(5) die aantal en persentasie weggelate defin.

<sup>1</sup> Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal defin. vir elke standerd.

TABEL 27.

Aantal en Persentasie Defin. Standaard.

<u>Standaard</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>	<u>:Tot.</u>
(1) Aantal moontlik	: 503	: 251	: 216	: 143	: 1113
(2) Aantal gegee	: 476	: 241	: 209	: 143	: 1069
(3) Aantal korrek-gegee	: 362	: 217	: 196	: 138	: 913
Persent:	72	: 86.5	: 90.7	: 96.5	: -
(a) Aantal logies-afgelei	: 354	: 213	: 196	: 138	: 901
Persent.	: 70.4	: 84.9	: 90.7	: 96.5	: -
(b) Aantal nie-logies-afgelei	: 8	: 4	: 0	: 0	: 12
Persent.	: 1.6	: 1.6	: 0	: 0	: -
(4) Aantal verkeerd	: 114	: 24	: 13	: 5	: 156
Persent.	: 22.7	: 9.6	: 6	: 3.5	: -
(5) Aantal weggelaat	: 27	: 10	: 7	: 0	: 44
Persent.	: 5.3	: 3.9	: 3.3	: 0	: -

Van Tabel 27 blyk:

(1) dat in geen standaard die moontlike aantal defin. korrek gegee is nie.

(2) dat die persentasies korrek-gegewe defin. vir Vorms II, III, IV en V: ~~27~~ 72, 86.5, 90.7 en 96.5, respekt. is. Daar is dus 'n gedurige styging van: 14.5% van Vorm II na Vorm III; 4.2% van Vorm III na Vorm IV; 5.8% van Vorm IV na Vorm V.

(3) dat die verhouding van die logies-afgeleide defin. per 100 in Vorms II, III, IV en V só is: 70.4, 84.9, 90.7, 96.5; d.w.s. daar is 'n styging van 14.5% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van 5.8% van Vorm III na Vorm IV, en 'n verdere styging van 5.8% van Vorm IV na Vorm V. Ons merk ook op dat in Vorms IV en V al die korrek-gegewe defin. logies gefundeer is.

(4) dat die persentasie nie-logies-afgeleide defin. in Vorms II en III ewegroot is, n.l. 1.6%, en dat die Vorm IV- en die Vorm V-Ppe. geen onlogiese defin. neergeskrywe het nie.

(5) dat daar van standaard tot standaard 'n gedurige daling in die persentasie verkeerde defin. is: die daling van Vorm II na Vorm III is 13.1% groot; 3.6% van Vorm III na Vorm IV, en 2.5% van Vorm IV na Vorm V.

(6) dat daar ook 'n gedurige daling in die persen-

tasie weggelate defin. van standerd tot standerd is: die daling van Vorm II na Vorm III is 1.4% groot; .6% van Vorm III na Vorm IV; 3.3% van Vorm IV na Vorm V. Die Vorm V-Ppe. is die enigste wat geen defin. weggelaat het nie.

Wat punt 1 betref, is daar geen bespreking nodig nie.

Wat punt 2 betref, kom die stygings van standerd tot standerd ooreen met ons verwagtings. Die onderwys in die skool moet progressief-werkend wees. Dit wil sê: die leerlinge moet in elke hoër standerd 'n beter kennis verwerf het en besit van die onderwerpe wat onderwys word. Hierdie feit word afdoende bewys en deur die resultate geïllustreer.

Die styging van Vorm II na Vorm III is taamlik hoog in vergelyking met die daaropvolgende styginge. Dit kan toegeskrywe word aan 'n paar oorsake: (a) die Vorm III-Ppe. is in die eerste plek ryper as hulle in Vorm II (sien die <sup>Tabel 3,</sup> ~~kytse~~, bl; 32.), na liggaam en na gees; (b) hulle het meer kennis opgedoen van die defin. van die Byv.nw. deur een jaar se verdere studie en onderwys; (c) daar is 'n sterk prikkel wat by die Vorm III-leerlinge inwerk om hulle uiterste kragte in te span en om goed in toetse te presteer. Hierdie prikkel is die publieke eksamen aan die einde van hulle kursus; (d) die Vorm III-Ppe. is oor die algemeen 'n meer intelligente groep kinders as hulle in Vorm II, omdat die hoërskoolkursusse as selekterende faktore werk.

Die styging van Vorm IV na Vorm V is ook aanmerklik groter as die van Vorm III na Vorm IV. W.i. is die publieke eksamenprikkel aan die einde van die Vorm V-kursus, wat afwesig is aan die einde van die Vorm IV-kursus in Transvaal, genoegsaam verantwoordelik vir die hoër styging.

Wat punt 3 betref, verwag ons ook dat die leerlinge van standerd tot standerd die ~~samenhang~~ en doel van vrae oor dieselfde onderwerp beter sal kan begryp en kan interpreteer. Nie alleen dit nie, maar dat hul ook beter logies tewerk kan gaan. Die resultate oor die logies-afgeleide defin. bewys volfoende dat die leerlinge in elke volgende standerd na Vorm II altyd beter logies kan werk. Dit geld vir die Byv.nw.-defin.

Die swak prestasie van Vorm II in vergelyking met die van Vorm III, kan miskien daaraan toegeskrywe word, dat die Vorm II-leerlinge 'n bietjie onervare, onryp is; dat hul die samehang en doel van vrae nog nie so goed kan begryp nie; dat hul nie in dieselfde mate logies kan werk as die leerlinge in Vorm III nie; dat die onderwys daar swak is. Onbewustelik word meer klem op die werk van Vorm III gele met die oog op die publieke eksamen, terwyl die werk van

Vorm II miskien afgeskeep word.

Dit is opvallend dat die styging van Vorm III na Vorm IV netso groot is as die van Vorm IV na Vorm V, n.l. 5.8%.

Wat punt 4 betref, is dit merkwaardig dat, waar die Vorm II- en die Vorm III-Ppe. in ander opsigte met mekaar so grootliks verskil, hulle dieselfde persentasie nie-logies-afgeleide defin. neergeskrywe het. Hierdie persentasie is gering, n.l. 1.6%. Verder het die Vorm IV- en die Vorm V-Ppe. dit met mekaar gemeen, dat hul el hulle korrek-gegeve defin. logies afgelei het.

Wat punt 5 betref, is die persentasie verkeerde defin. in elke standaard hoog. Dit is egter verblydend om te meld dat daar van standaard tot standaard 'n verbetering gekonstateer kan word.

Die daling van Vorm II na Vorm III is baie hoog, veral as ons die daaropvolgende dalings in aanmerking neem. Dit wil die skrywer voorkom asof die Vorm II-leerlinge liewers defin. sal waag as om hul weg te laat. Die idee vat pos dat hul eenvoudig in baie gevalle defin. uitdink, omdat defin gevra word. Natuurlik ontbreek daar groter kennis by hulle as by die Vorm III-leerlinge. Omtrent die dalings van Vorm III na Vorm IV en van Vorm IV na Vorm V val niks verder op te merk nie, as dat hulle 'n gesonde toestand aandui.

Die dalings wat betref die persentasie weglatingsfoute onder punt 6, staan in verband met punte 3 en 4: dat die kennis van die leerlinge in elke standaard sodanig toeneem, dat hul van standaard tot standaard minder weglatingsfoute begaan. In hierdie geval val niks op te merk wat die grootte van die daling betref nie. Die Vorm V-Ppe. het baie goed presteer deur geen enkele defin. weg te laat nie.

(b) Die doel is nou om van elke standaard twee onuitgesekte defin. te gee wat val onder (3): (a), (b) en (4), in Tabel 27, bl.87, met 'n bespreking waar nodig.

(1) Korrekte Definisies.

(a) Logies-afgelei.

Vorm II.

1. "'n Byv.nw. vertel jou iets meer van die ding, hoe hy lyk of hoe hy is." (vbe.: rooi, wit, klipperige, sande-rige.)

2. "'n Byv.nw. vertel jou meer van die Snw." (vbe.: mooi, vet, groot, sieklike, flukse.)

Uit die gegewe defin. is dit duidelik dat die vbe. en die defin. bymekaar aanpas, d.w.s. dat die defin. die vbe. insluit.

Vorm III. 1. "'n Byv.nw. is die woord wat ons 'n beskrywing

van 'n Snw. gee."(vbe.: groot, oud, mooi, wit., blink.)

2. "'n Byv.nw. sê hoe iets is."(vbe.: soet, suur, lelik, mooi, groen.)

Vorm IV.

1. "'n Byv.nw. is 'n woord wat die hoedanigheid van iets aandui."(vbe.: mooi, lekker, fluks, lelik, skoon.)

2. "'n Byv.nw. is 'n woord wat iets meer sê van 'n Snw." (vbe.: goeie, ryk, arm, ou, kwaai.)

Vorm V.

1. "'n Byv.nw. dui die hoedanigheid van 'n Snw.aan." (vbe.:lelike, stout, hardnekkige, mooi.)

2. "'n Byv.nw. gee 'n beskrywing van 'n Snw."(vbe.: rooi, mooi, geel, groen, klein.)

Die noukeurige leser sal al dadelik die verband tussen die gegewe defin. en vbe. aanvoel. Daarom eis elkeen geen individuele bespreking nie.

(b) Nie-logies-afgelei.

Vorm II.

1. "'n Byv.nw. sê my iets meer van die Naamwoord." Hierdie defin. is sonder meer uit die hoof neergeskrywe, omdat geen antwoord op vraag een gegee is nie.

2. "'n Byv.nw. vertel jou meer van 'n Snw." Die vbe. wat die defin. voorafgaan, is: slaan en skop --- albei Wwe.

Vorm III.

1. "'n Byv.nw. is die woord wat vir jou iets meer vertel van die Snw." Geen vbe. is opgenoem nie.

2. "'n Byv.nw. beskrywe 'n Snw." (vbe.: ek, jy, bank, knop, ink.) Onder die vbe. is geen Byv.nw. nie. Dus is die defin. sonder meer uit die hoof gegee.

Vorms IV en V.

Geen definisies nie.

(ii) Verkeerde Defin.

Vorm II.

1. "Bepaal die Ww."(vbe.:wegloop, hy, aankom, aia.)

2. "'n Byv.nw. staan in die plek van 'n Snw."(vbe.: jy, sy, ons, julle, hulle.)

Die eerste defin. eis geen kommentaar nie. In die tweede geval is dit seker dat die vbe. die leerling mislei het. Almal is plaasvervangende woorde van die Snw., maar Byv. nwe. is hulle nie.

Vorm III.

1. "'n Byv.nw. is 'n woord wat my sê wat 'n mens of dier doen."(vbe.: ennosel, jy, kan, dam, beleefdheid.)

2. "'n Byv.nw. is 'n woord om meer van die sin te vertel."(vbe.: skoon, mooi, lelik, stout, fluks.)

Vorm IV.

1. "'n Byv.nw. is 'n woord wat die plek inneem van

'n eie Naamwoord."(vbe.: hy, sy, julle.) Dieselfde kritiek geld hier as vir 2 van Vorm II.

2." 'n Byv.nw. dui aan die geslag."(vbe.: hierdie, daardie, iemand, hulle.)

Vorm V.

1." 'n Byv.nw. is 'n woord wat 'n Snw. of werking nader beskrywe." (vbe.: swart, wit, groot, mooi.) Die vbe. is almal Byv.nwe. Die eerste deel van die defin. is in orde, maar deur die toevoeging van die laaste deel, bewys die leerlinge sy onsekerheid omtrent die eintlike funksie van die Byv. nw.

2."Dit se hoe die werking geskied en wanneer." (vbe.: groot, klein, mooi, lelik, swart.) Nieteenstaande die woorde almal Byv.nwe. is, het die leerling tog 'n hopelose defin. gegee.

(iii) Geslagsverskille.

Die geslagsverskille word ondersoek ten opsigte van die gegewens onder (3): (a) en (b), (4) en (5) in Tabel 27, bl. 87.

In Tabel 28 word gevind:

(1) die moontlike aantal defin. wat deur elke geslag in elke standerd kon neergeskrywe word.

(2) die aantal gegewe defin. vir elke geslag.

(3) die aantal en persentasie korrek-gegewe defin. volgens geslag.

(a) die aantal en persentasie logies-afgeleide defin.

(b) die aantal en persentasie nie-logies-afgeleide defin.

(4) die aantal en persentasie verkeerde defin. volgens geslag.

(5) die aantal en persentasie weggelate defin. volgens geslag.

TABEL 28.

Aantal en Persentasie Defin. geslag.

Standaard	:Vorm II		:Vorm III		:Vorm IV		:Vorm V	
	: S	: M	: S	: M	: S	: M	: S	: M
<b>(1) Aantal moontlik</b>	: 311:	192:	134:	117:	126:	90:	102:	41
<b>(2) Aantal gegee</b>	: 294:	182:	127:	114:	125:	84:	102:	41
<b>(3) Aantal korrek-gegee</b>	: 214:	148:	113:	104:	114:	82:	98:	40
<b>Persent.</b>	: 68.8:	77.1:	84.3:	88.9:	90.5:	91.1:	96.1:	97.6
<b>(a) Aantal logies-afgelei</b>	: 210:	144:	113:	100:	114:	82:	98:	40
<b>Persent.</b>	: 67.5:	75:	84.3:	85.5:	90.5:	91.1:	96.1:	97.6
<b>(b) Aantal nie-logies-afgelei</b>	: 4:	4:	0:	4:	0:	0:	0:	0
<b>Persent.</b>	: 1.3:	2.1:	0:	3.4:	0:	0:	0:	0
<b>(4) Aantal verkeerd</b>	: 80:	34:	14:	10:	11:	2:	4:	1
<b>Persent.</b>	: 25.7:	17.7:	10.4:	8.5:	8.7:	2.2:	3.9:	2.4
<b>(5) Aantal weggelaat</b>	: 17:	10:	7:	3:	1:	6:	0:	0
<b>Persent.</b>	: 5.5:	5.2:	5.3:	2.6:	.8:	6.7:	0:	0

1. Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal vir elke geslag in elke standerd.

By 'n noukeurige analise van Tabel 28 blyk dit:

(1) dat die M. in elke standerd 'n hoër persentasie korrekte defin. as die S. neergeskrywe het. In Vorm II het die M. 8.3% meer korrek as die S.; in Vorm III 4.6% meer; in Vorm IV .6% meer, en in Vorm V 1.5% meer.

(2) dat die M. in elke standerd ook 'n hoër persentasie logies-afgeleide defin. neergeskrywe het. Die persentasies waarmee die M. die S. oortref in Vorms II, III, IV en V. is as volg: 7.5, 1.2, .6, 1.5, respekt.

(3) dat die M. ook meer nie-logies-afgeleide defin. as die S. gegee het in Vorms II en III: in Vorm II .8% meer, in Vorm III 3.4% meer. In Vorms IV en V is geen geslagsverskil nie.

(4) dat die S. in elke standerd meer defin. as die M. verkeerd het, n.l. 8% meer in Vorm II, 1.9% in Vorm III, 6.5% in Vorm IV, en 1.5% in Vorm V.

(5) dat die S. meer defin. as die M. in Vorms II en III weggelaat het, n.l. .3% meer in Vorm II en 2.7% meer in Vorm III; die M. het egter meer as die M/S. in Vorm IV weggelaat, n.l. 5.9%. In Vorm V is geen geslagsverskil nie.

-----

HOOFSTUK VI: DIE VOORNAAMWOORD.

1. Vraag Een.

Sien die bylae, bl. 132, vir die bewoording van vraag een.

(a) In Tabel 29 word saamgevat die resultaat van die telling van die Vnwe. In die Tabel word die volgende aangegee:

- (1) die aantal moontlike Vnwe. wat in elke standerd kon opgenoem word.
- (2) die aantal gegewe Vnwe.
- (3) die aantal korrek-gegewe Vnwe. en die persentasie daarvan vir elke standerd.
- (4) die aantal en persentasie verkeerde woorde vir elke standerd.
- (5) die aantal en persentasie weggelate woorde vir elke standerd.

TABEL 29.

Aantal en Persentasie Vnwe. Standerd.

<u>Standerd</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>	<u>: Tot.</u>
(1) Aantal moontlik	: 2515	: 1255	: 1080	: 715	: 5565
(2) Aantal gegewe	: 2041	: 1120	: 1010	: 661	: 4832
(3) Aantal korrek-gegewe	: 1548	: 1010	: 981	: 647	: 4186
Persent.	: 61.6	: 80.5	: 90.8	: 90.5	: -
(4) Aantal verkeerd	: 493	: 110	: 29	: 14	: 646
Persent.	: 19.6	: 8.8	: 2.7	: 2	: -
(5) Aantal weggelaat	: 474	: 135	: 70	: 54	: 733
Persent.	: 18.8	: 10.7	: 6.5	: 7.5	: -

Van Tabel 29 word afgelei dat:

(1) deur geen standerd die moontlike aantal Vnwe. neergeskrywe is nie.

(2) die verhouding van die korrek-gegewe Vnwe. per 100 vir Vorms II, III, IV en V as volg is: 61.6, 80.5, 90.8, 90.5, respekt. Dit volg dat (a) daar 'n styging van 18.9% van Vorm II na Vorm III is; (b) daar 'n styging van 10.3% van Vorm III na Vorm IV is, en (c) 'n daling van .3% van Vorm IV na Vorm V.

(3) daar 'n gedurige afname van verkeerde woorde van standerd tot standerd is, t.w. 'n daling van 10.8% van Vorm II na Vorm III; 'n daling van 6.1% van Vorm III na Vorm IV, en 'n daling van .7% van Vorm IV na Vorm V.

(4) die persentasies weggelate woorde vir Vorms II, III, IV en V: 18.8, 10.7, 6.5, 7.5, respekt. is, m.a.w. daar is: 'n daling van 8.1% van Vorm II na Vorm III; 'n daling van 4.2% van Vorm III na Vorm IV; en 'n styging van 1% van Vorm IV

1 Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal Vnwe. vir elke standerd

na Vorm V.

Wat punt 1 betref, is daar geen bespreking nodig nie. Wat punt 2 betref, kom die styging van (a) en (b) ooreen met ons verwagtings; maar die daling van (c) is onverwag.

Die styging van 18.9% van Vorm II na Vorm III is taamlik hoog. Wat sou die oorsaak wees? Vergelyk ons die gemiddelde ouderdomme van elke standerd (sien Tabel 3, bl.32), dan merk ons dat die Vorm III-Ppe. gemiddeld 1;5 j. ouer is as hul in Vorm II. Die Vorm III-Ppe. is dus ryper, na liggaam en gees, as die Vorm II-Ppe. Dit is die eerste oorsaak vir die styging. Ten tweede soek ons dit in beter onderwys. Die Vorm II-Ppe., omdat hul geen publieke eksamen aan die einde van hulle kussus hoef te skrywe nie, word nie so streng onderwys as hulle in Vorm III nie. Die Vorm III-Ppe. se werk word noukeuriger behandel, omdat hulle 'n publieke eksamen moet skrywe. Ten derde: omdat daar 'n afwesigheid is van die publieke eksamen-prikkel werk die Vorm II-Ppe. nie met daardie doelbewustheid, noukeurigheid, as hulle in Vorm III nie. Ten vierde het die Vorm III-leerlinge meer kennis opgedoen van die Vnw. deur een jaar se verdere onderwys.

Die styging van Vorm III na Vorm IV is ook hoog, n.l. 10.3%. Wat sou die rede wees? Die Vorm IV-leerlinge is ryper, na liggaam en gees, as die Vorm III-leerlinge. Vergelyk hul gemiddelde ouderdomme in Tabel 3, bl.32. Die gemiddeldes verskil nie baie van mekaar nie. Daarom is hierdie oorsaak nie so'n baie moontlike nie. Ten tweede het die Vorm IV-Ppe. een jaar meer kennis gemaak met die Vnw. as hulle in Vorm III en ook meer onderwys daarin ontvang.

'n Derde oorsaak wat vir bogenoemde styging aangevoer kan word, is die volgende: die leerlinge in Vorm IV is 'n meer intelligente groep kinders as hulle in Vorm III. In Vorm III is leerlinge (a) wat weens intelligente Vorm III nie sal slaag nie; daar is ook leerlinge (b) wat vir twee of drie jaar in Vorm III is. Daarom is daar nie 'n groot verskil tussen die gemiddelde ouderdomme van die twee Vorms nie; (c) van die leerlinge wat Vorm III slaag, gaan party uit die skool uit, maar die intelligente kind, wat vir studie aangele is, kom terug om met Vorm IV te begin.

Die daling van .3% korrekte Vnwe. van Vorm IV na Vorm V is gering, dog van betekenis. Die rede hiervoor kan ons nie toeskrywe aan swakker intelligensie aan die kant van die Vorm V-leerlinge nie; ook nie aan swakker onderwys in Vorm V nie, teenoor die onderwys in Vorm IV; in teendeel is Vorm V die hoogste en die toonaangewende klas in die skool, wat deur die eksamen-resultate die prestige van die skool moet

verhoog. Die Vorm E-Fpe. het ook een jaar meer kennis met die Vnw. gemaak. Die moontlike rede lê hierin dat daarnie soveel klem gelê is op die onderwys van die Vnw. nie, omdat die onderwys daarop bereken is om klem te lê op onderwerpe van baie meer betekenis as die Vnw. Ons sal dit nie swak onderwys noem nie, maar 'n verskuiwing van belangstelling en konsentrasie. Omdat aan die kant van die onderwysers nie soveel aandag aan die Vnw. bestee is nie, bestaan die moontlikheid dat die Vorm V-Ppe. self die Vnw. afgeskeep het. om sodoende die aandag op meer belangrike dinge te vestig.

Wat punt 3 betref, merk ons op 'n gesonde toestand, n.l. hoe meer die leerlinge van standerd tot standerd vorder hoe meer kennis doen hulle van die Vnw. en ook van ander rededele op. Die gevolg is dat in elke volgende standerd 'n kleiner moontlikheid bestaan dat ander rededele met die Vnw. sal verwar word. Soos verwag is, bestaan die grootste verwarring in Vorm II en die minste in Vorm V.

Wat punt 4 betref, word gemerk dat die weglatingsfoute in elke standerd groter is as die foute onder (4) in Tabel 29, bl. 93, m.a.w. die onnoukeurigheid, die onkunde, of onopsetlikheid, is in elke standerd groter as die mate van verwarring van rededele, soos geopenbaar onder (4), Tabel 29, bl. 93.

Die dalinge in weglatingsfoute, van Vorm II na Vorm III en van Vorm III na Vorm IV, is verwag. Hierdie weglatingsfoute dui aan dat die leerlinge glad nie gewet het watter woorde Vnwe. is nie of nie elke keer vasgestel het dat die gevraagde 5 Vnwe. gegee is nie of onopsetlik, as gevolg van onnoukeurigheid, sommige woorde weggelaat het.

Die styging van 1% van Vorm IV na Vorm V is onverwag. M.i. bewys hierdie toestand voldoende dat ons hier nie so seer met onnoukeurigheid of met onbewuste weglating te doen het nie as met onkunde, as gevolg van die feit dat die Vorm V-leerlinge se aandag so intensief op ander meer belangrike aspekte van die kursus gevestig is, dat die Vnw. in die gesigseinder verlore raak, of anders op die agtergrond geskuiwe is.

(b) Die Vnwe. onder (3) in Tabel 29, bl. 93, word nou onder die volgende hoofde ondersoek:

(i) Persoonlike Vnwe.

(a) Wederkerige Vnw.

(ii) Besitlike Vnw.

(iii) Aanwysende Vnw.

(iv) Vragende Vnw.

(v) Onpersoonlike Vnw.

In verband met wat nou volg, erken die skrywer dat

die beperktheid van die toets oor die Vnw., onvolledige en onvoldoende gegewens gee. Om b.v. die getalle Pers.Vnwe. vir elke standaard aan te gee, is 'n saak van onmoontlikheid. Dit geld ook vir die Besitlike Vnwe. en vir die Onbepaalde Vnwe. Die Vnwe. moes eenvoudig opgenoem word deur die getoetstes, sonder dat hulle in sinsverband moes gebesig word. En juis dit bemoeilik die taak.

Neem die geval van ons, julle, my, sy, hulle, U en haar. In watter gevalle gaan ons b.v. ons klassifiseer as 'n Pers.Vnw., 'n Besitlike Vnw. of as 'n Onbepaalde Vnw.? My, sy, U, julle, hulle, haar, as Pers.Vnwe. of as Besitlike Vnwe. Hulle, julle, haar, as Onpers. Vnwe.? Dit is onmoontlik om slegs by benadering, as gevolg van die ooreenkoms in vorm van baie Vnwe., die bedoelinge van die Ppe. met die spesifiek-gegeve Vnwe. weer te gee, behalwe waar dit duidelik blyk met watter Vnwe. te doen is, soos b.v. hierdie, daardie, mekaar, die,  iemand, 'n mens, ens.

(1) Persoonlike Vnwe.

Die doel is nie om getalle vir die standerds in hierdie geval aan te gee nie. Ooreenkomstig hulle vorm klassifiseer ons: ek, ons, hy, sy, hulle, hy, U, julle, haar, hom, jou en dit, as Pers. Vnwe.

Die Ppe. in elke standaard het baie vbe. van die bogenoemde Vnwe. opgenoem, waarvan sommige sekerlik Pers. Vnwe. is.

Gemaklikheidshalwe sal ons die reeds genoemde Vnwe. as volg groepeer:

(a) Eerste Pers.:	Enkelvoud.	Meervoud.
	1. Ek	Ons
	2. My	
(b) Tweede Pers.	1. Jy, U.	Julle, U.
	2. Jou, U.	Julle, U.
	Manlik	
(c) Derde Pers.	1. Hy	Hulle.
	2. Hom	
	Vroulik	
	1. Sy	Hulle
	2. Haar	
	Geslagloos	
	dit	Hulle.

Volgens die voorgaande skema is dus in elke standaard elke vorm wat die Vnw. aanneem, gebesig.

U word die minste gebesig onder die Pers. Vnwe., slegs 23-maal, deur al die hoërskool-leerlinge. Dit is die gevolg van die feit dat U die beleefde aanspreekvorm is wat nie al te veel in die omgangstaal van die Ppe. gebruik word nie. Die prosedure wat die leerlinge volg en wat vir hulle

die maklikste is, is om die aangesproke persoon wat hulle meerdere is, se naam te herhaal, b.v. " Dag Oom. Sal Oom binnekom?" of "Meneer, sal meneer asb. die som vir my verduidelik?"

(a) Wederkerige Vnw.

Wat verstaan ons hieronder? Dit dui aan dat die handeling wat deur 'n meervoudige onderwerp verrig word, die onderwerpe wederkerig raak (5: 75,76). Die Vorm van hierdie Vnw. is mekaar. In die geheel is 4 vbe. van mekaar in al die toetspapiere gevind, opgenoem deur twee seuns van Vorm IV en deur twee meisies van Vorm V. Dit is dus heel duidelik dat hierdie Vnw. heel selde deur die leerlinge in die hoërskool gebruik word, en een waaraan hulle gevolglik min dink.

(ii) Besitlike Vnwe.

In hierdie geval is die Vnw. ook 'n plaasvervanger van die Snw. maar in sy funksie as besitter. Hieronder val woorde soos: sy, syne, haar, my(ne), jou(-e,-ne), u, ons, julle s'n, hulle, Ons vind hier o.a. dieselfde Vnwe. as onder die Pers. Vnwe. Daarom kan hier onmoontlik getalle gegee word.

Gebruik ons die genoemde Vnwe. in goeie sinne, dan kan hul sowel selfstandig as byvoeglik funksioneer.

Word 'n indeling van die genoemde Vnwe., waarvan ons Vbe. in elke standaard kry, gemaak, dan vertoon hul as volg:

	Enkelv.	Meerv.
(a) Eerste Pers.		
Byvoeglik	my	ons
Selfstandig	myne	-
(b) Tweede Pers.		
Byvoeglik	jou, u	julle, u
Selfstandig	joue(ne)	julle s'n
(c) Derde Pers.	Manlik en Geslagloos	Vroulik
Byvoeglik	sy	haar, hulle
Selfstandig	syne	-

Vbe. van byna al die vorme waarin ons die besitlike Vnw. kan kry en besig, is deur die Ppe. in die hoërskool opgeneem, volgens voorgaande skema. Teoreties is dit waar, maar of die bedoelinge van die Ppe. korrek vertolk word, is onseker.

(iii) Aanwysende Vnwe.

Hieronder val Vnwe. soos hierdie, daardie en die. Die aantal vbe. wat van elk gegee is deur elke standaard, word nou aangegee:

	:Vorm II	:Vorm III	:Vorm IV	;Vorm V:	: Tot.
Daardie	: 7	: 5	: 15	: 6	: 33
Dié	: 8	: 4	: 12	: 3	: 27
Hierdie	: 3	: 1	: 6	: 4	: 14

Daardie is dus die Aanwysende Vnw. waaraan die meeste gedink word, en die minste aan hierdie. Die persentasie aanwysende Vnwe. in terme van die gevraagde aantal Vnwe. is slegs 1.3, 'n baie geringe persentasie.

(iv) Vragende Vnwe.

As die meesgebruikte Vnwe. in die omgangstaal het ons wie en wat. Daarby kan ook gevoeg word: watter, waarom, hoekom en waarmee. Daar is slegs 48 vbe. van Vragende Vnwe. opgenoem; hul is as volg:

	:Vorm II	:Vorm III	:Vorm IV	:Vorm V	: Tot.
Wat	: 7	: 4	: 8	: 6	: 25
Wie	: 4	: 0	: 9	: 3	: 16
Waarom	: 3	: 1	: 0	: 0	: 4
Hoekom	: 2	: 0	: 1	: 0	: 3

Wat is dus die Vragende Vnw. waaraan die Ppe. die meeste gedink het. Die vragende Vnwe. beklee nog 'n minder belangrike rol in die denke van die Ppe. as die aanwysende Vnwe. Die persentasie Vragende Vnwe. is slegs .9, bereken in terme van die gevraagde aantal Vnwe., n.l. 5565.

(v) Onpersoonlike Vnwe.

Dit word ook genoem die onbepaalde Vnw., wat nie na een of meer bekende Snw. verwys nie, maar die aard en getal daarvan ooplaat.

Hieronder val Vnwe. soos: ons, julle, wie, wat, dit, 'n mens, iemand, niemand, iets, almal, en alles. Dit is onwaarskynlik dat vbe. van ons, julle, en wie hieronder sal val, maar dit is nie onmoontlik nie.

Die getal vbe. van slegs dit, alles, almal, iemand, en 'n mens word nou aangegee, niks van ons, julle, wie, wat nie, omdat dit nie kan vasgestel word hoeveel vbe. daarvan hieronder val nie. In hierdie verband moet onthou word dat wien wat beskou is as vragende Vnwe.

	:Vorm II	:Vorm III	:Vorm IV	:Vorm V	: Tot.
Dit	: 60	: 32	: 43	: 43	: 178
Iemand	: 0	: 0	: 3	: 1	: 4
Almal	: 0	: 0	: 0	: 3	: 3
Alles	: 0	: 0	: 1	: 0	: 1
'n Mens	: 0	: 1	: 0	: 0	: 1

Onder die 178 vbe. van dit mag daar ook 'n paar wees wat bedoel is as die geslagslose vorm van die derde pers., enkelv. van die persoonlike Vnw. Die oorgrote meerderheid

is sekerlik bedoel as Onbepaalde Vnwe.

Volgens die voorgaande getalle sou die totale aantal onpers. Vnwe. 187 of 3.4%, uitgedruk in terme van die gevraagde aantal Vnwe., wees.

(e) Watter Vnwe. is die meeste deur die leerlinge gebesig?

In Tabel 30 word die Vnwe. saamgevat wat 'n frekwensie bo 100 het:

TABEL 30.

Voornaamwoorde.

<u>Woorde</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>	<u>:Tot.</u>
Sy	: 272	: 179	: 149	: 103	: 703
Hy	: 267	: 172	: 149	: 114	: 702
Hulle	: 180	: 127	: 105	: 88	: 500
Jy	: 140	: 94	: 101	: 49	: 384
Ons	: 115	: 79	: 68	: 64	: 326
Julle	: 108	: 76	: 55	: 39	: 278
Haar	: 95	: 66	: 51	: 32	: 244
Ek	: 78	: 48	: 65	: 37	: 228
Dit	: 60	: 42	: 43	: 43	: 188
Hom	: 78	: 41	: 30	: 32	: 181
My	: 32	: 31	: 15	: 24	: 102

Tabel 30 bevat 3836 vbe. van die 4186 korrek-gewewe Vnwe. Dus is die korrek-gewewe vbe. hier goed verteenwoordig.

Van Tabel 30 word afgelei:

(1) dat sy en hy twee Vnwe. is wat amper eweveel deur die getoetstes gebesig is. Albei is derde persoonsvorme van of die Pers.Vnw. of van die Besitlike Vnw. Die derde persoonsvorme van die Vnw. het dus primaatskap in die denke van die leerlinge.

(2) dat daar taamliké ooreenkomste en verskille tussen verskillende standerds bestaan, wat die rangorde van die Vnwe. betref, b.v. sy staan eerste in Vorms II, III, en IV; hy staan ook eerste in Vorm IV; tweede: hy in Vorms II en III; sy in Vorm V; derde: hulle in alle standerds; vierde: hy in Vorms II, III en IV; ons in Vorm V; vyfde: ons in Vorms II, III en IV; hy in Vorm V, ens.

Daar is niks verder van groot betekenis om af te lei nie.

Vnwe. wat nie in die Tabel 30 voorkom nie, met 'n frekwensie kleiner as 100, is o.a.: jou(92); daardie(33); die(27); U(23); hierdie(14), ens.

(vi) Verkeerde Woorde.

Die doel is hêr om die gegewens onder (4), in

Tabel 29, bl. 93, nader te ondersoek.

In Tabel 31 word die verkeerde woorde vir Vorms II, III, IV en V geges, maar nie almal nie; wat wel geges word het ten doel om 'n indruk te gee van watter ander rededele die meeste met die Vnw. in elke standaard verwar is en watter die minste.

TABEL 31.

Verkeerde Woordes

Standaard	: Snw.	: Ww.	: Byw.	: Byv.nw.	: Voorsetsel.
Vorm II	: Adoons, Jan	: misgis,	: deerlik,	: arm, <u>lelik</u>	: aan, op
	: Koos, koel	: gaan, ver-	: langsaam	: groen,	: -
	: Bees, bank	: gis,	: suur, <u>rats</u>	: groot,	: -
	: Sannie,	: /: geskop,	: -	: <u>klein</u> ,	: -
	: Swartland	: geslaan	: -	: <u>hoog, kort</u> :	: -
	: misverstand:	-	: -	: <u>droog</u> ,	: -
	: leeu,	: -	: -	: <u>mooi</u> ,	: -
Vorm III	: Gert, klaas	: optou, was	: bitter,	: groen,	: op
	: Koos, seun	: word, wil	: bang, mooi	: geel,	: -
	: mense, Piet	: verbreek	: -	: <u>klein</u> ,	: -
	: varke, Paul	: voltooi,	: -	: <u>skraal</u> ,	: -
	: bord, blik	: kan	: -	: swart,	: -
	: Hans	: -	: i	: <u>slim, duur</u> :	: -
Vorm IV	: Bles, Koos	: preek,	: in, net,	: lang, lelik	: vir, na
	: Karel, Jan	: praat,	: waar,	: mooi, groot	: -
	: berg, boom	: -	: -	: -	: -
	: kind, Swart	: -	: -	: -	: -
	: jie,	: -	: -	: -	: -
Vorm V	: bees	: -	: nou, agter	: mooi, lelik	: op.
	: -	: -	: voor, waar	: vinniger	: -
	: -	: -	: bo.	: slegte	: -

Vooraf hierdie waarskuwing: die woorde in die Byv.nw.- en in die Byw.-kolom is daar na gedagte geskrywe. Dit kan in baie gevalle nie gesê word watter woord as 'n Byv.nw. en watter as 'n Byw. bedoel is nie. Neem b.v. in Vorm II: lelik, klein, kort, droog, mooi, suur, en rats. Almal kan as Bywe. of as Byv.nw. gebruik word.

Die gegewens in Tabel 31 is daarop bereken om 'n klein beeld van die ware toestand van sake in elke standaard weer te gee. Weens die groot aantal verkeerde woorde in byna elke standaard, kon nie almal aangegee word nie.

In elke standaard, behalwe in Vorm V, is Snwe. die meeste met die Vnw. verwar. In Vorm V egter kan dit of Bywe. of Byv.nwe. wees.

In Vorms II, III en IV is voorsetsels die minste met die Vnw. verwar; in Vorm V is geen Ww. met die Vnw. verwar nie, soos wel die geval in die ander standerds is.

(vii) Geslagsverskille.

Ten opsigte van die gegewens onder (3), (4) en (5) in Tabel 29, bl.93, word geslagsverskille nagegaan. In Tabel 32 word die volgende gevind:

-----

- (1) die moontlike aantal Vnwe. wat deur elke geslag in elke standaard kon opgenoem word.
- (2) die aantal gegewe Vnwe.
- (3) die aantal en persentasie<sup>1</sup> korrek-gegewe Vnwe. vir elke geslag.
- (4) die aantal en persentasie verkeerde woorde vir elke geslag in elke standaard.
- (5) die aantal en persentasie weggelate woorde volgens geslag in standerds.

TABEL 32.

Aantal en Persentasie Byx Vnwe. Geslag.

Standaard	:Vorm II	:Vorm III	:Vorms IV	:Vorm V
Geslag	: S : M	: S : M	: S : M	: S : M
(1) Aantal moontlik	:1555: 960:	670: 585:	630: 450:	510: 205
(2) Aantal gegee	:1251: 790:	592: 528:	608: 402:	<sup>45</sup> 56: 205
(3) Aantal korrek-gegee	: 917: 631:	525: 485:	588: 393:	442: 205
Persent.	: 59:65.7:	78.4:82.9:	93.3:87.3:	86.7: 100
(4) Aantal verkeerd	: 334: 159:	67: 43:	20: 9:	14: 0
Persent.	:21.5:16.6:	10: 7.4:	3.2: 2:	2.7: 0
(5) Aantal weggelaat	: 304: 170:	78: 57:	22: 48:	54: 0
Persent.	:19.5:17.7:	11.6: 9.7:	3.5:10.7:	10.6: 0

By 'n noukeurige bestudering van Tabel 32 word opgemerk:

- (1) dat net in één geval, deur die M. van Vorm V, die moontlike aantal Vnwe. korrek gegee is.
- (2) dat die M. in drie standerds die S. oortref het, wat betref die persentasie korrek-gegewe Vnwe.: in Vorm II het die M. die S. oortref met 6.7%, in Vorm III met 4.5% en in Vorm V met 13.3%; in Vorm IV het die S. egter die M. oortref met 6%.
- (3) dat die S. in Vorms II, III, IV en V meer woorde met die Vnw. verwar het as die M. Die M. het 4.9% minder as die S. in Vorm II; 2.6% minder in Vorm III, 1.2% minder in Vorm IV, en 2.7% minder in Vorm V.
- (4) dat die S. in Vorm II 1.8% meer woorde as die M. uit die staanspoor weggelaat het: 1.9% meer in Vorm III en 10.6% meer in Vorm V. Net in Vorm IV het die M. 7.2% meer woorde as die S. weggelaat.

Word die persentasies foute van elke geslag in elke standaard onder (4) en (5) in Tabel 32 saamgevat, dan blyk dit dat die S. in Vorms II, III en V meer foute begaan het as die M. Net in Vorm IV het die M. meer foute begaan as die S., m.a.w. in Vorms II, III en V het die M. 'n beter kennis van die Vnw. as die S.; die omgekeerde is waar in Vorm IV.

<sup>1</sup>Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal vir elke geslag in elke standaard.

## 2. Vraag Twee.

Vir die bewoording van vraag twee, sien die bylae, bl. 132.

Die bespreking van die resultate word voorafgegaan deur 'n paar ~~bekende~~ definisies van bekende grammatici. Die doel is om daaruit min of meer 'n norm te kry waarvolgens die Vnw.- defin. van die Ppe. beoordeel is.

1." 'n Voornaamwoord is 'n woord wat gebruik word in die plek van 'n selfstandige naamwoord --- dit wil sê, in die plek van name van persone, en dinge -----." (6:85).

2."Voornaamwoorde is plaasvervangers van snw."(34:51), of "Vnw. is woorde wat in die plek van snw. gebruik word."(34:17).

3." 'n Voornaamwoord is die plaasvervanger van 'n selfstandige naamwoord." (5:62). Dit word ook genoem 'n "pronomen".(5:71).

"Wanneer 'n persoon of dier of ding as bekend veronderstel word by die hoorder of leser, is dit nie altyd nodig om die naam van die bekende snw. gedurig te herhaal nie."(5:71).

Uit die voorgaande blyk dat Vnwe. dus gebruik word: (a) om Snwe. te vervang, in hul plek gebruik te word; (b) om herhaling van die Snwe. te voorkom. Hiervolgens is die defin. van die leerlinge onder vraag twee beoordeel.

(a) In Tabel 33 word die volgende gegewens gevind:

(1) die moontlike aantal defin. wat in elke standerd kon gegee word.

(2) die aantal gegewe defin.

(3) die aantal en persentasie korrek-gegewe defin.

(a) die aantal en persentasie logies-afgeleide defin.

(b) die aantal en persentasie nie-logies-afgeleide defin.

(4) die aantal en persentasie verkeerde defin.

(5) die aantal en persentasie weggelate defin.

-----

1. Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal defin. vir elke standerd.

TABEL 33.

Aantal en Persentasie Defin. Standerd.

<u>Standerd</u>	<u>:</u>	<u>Vorm II:</u>	<u>Vorm III:</u>	<u>Vorm IV:</u>	<u>Vorm V:</u>	<u>Tot.</u>
(1) Aantal moontlik	:	503	: 251	: 216	: 143	: 1113
(2) Aantal geges	:	414	: 226	: 203	: 131	: 974
(3) Aantal korrek-gegee	:	265	: 190	: 176	: 131	: 762
Persent.	:	52.7	: 75.7	: 81.5	: 91.6	: -
(a) Aantal logies-afgelei	:	258	: 186	: 175	: 131	: 750
Persent.	:	51.3	: 74.1	: 81	: 91.6	: -
(b) Aantal nie-logies-afgelei	:	7	: 4	: 1	: 0	: 12
Persent.	:	1.4	: 1.6	: .5	: 0	: -
(4) Aantal verkeerd	:	149	: 36	: 27	: 0	: 212
Persent.	:	29.6	: 14.3	: 12.5	: 0	: -
(5) Aantal weggelaat	:	89	: 25	: 13	: 12	: 139
Persent.	:	17.7	: 10	: 6	: 8.4	: -

Uit Tabel 33 blyk:

(1) dat in geen standerd die moontlike aantal defin. neergeskrywe is nie.

(2) dat die verhouding van die korrek-gegewe defin. vir die standerds per 100 so is: 52.7, 75.7, 81.5, 91.6, m.a.w. daar is 'n styging van 23 % van Vorm II na Vorm III; 'n styging van 5.8% van Vorm III na Vorm IV, en 'n styging van 10.1% van Vorm IV na Vorm V.

(3) dat daar 'n gedurige styging in die persentasie logies-afgeleide defin. van standerd tot standerd gemerk word. Hoe ouer die leerlinge dus word hoe meer logies-afgeleide defin. hul kan neerskrywe. Die styging van Vorm II na Vorm III is 22.8% groot; van Vorm III na Vorm IV 6.9%; van Vorm IV na Vorm V 10.6%.

(4) dat die persentasie nie-logies-afgeleide defin. van Vorm II na Vorm III met .2% styg; van Vorm III na Vorm IV daal met 1.1%; van Vorm IV na Vorm V ook daal met .5%.

(5) dat daar 'n daling is van die verkeerde defin. van standerd tot standerd: die daling van Vorm II na Vorm III is 15.3% groot; van Vorm III na Vorm IV 1.8%; van Vorm IV na Vorm V 12.5%.

(6) dat die persentasies weggelate defin. vir Vorms II, III, IV en V as volg is: 17.7, 10, 6, 8.4, respekt., d.w.s. daar is 'n daling van 7.7% van Vorm II na Vorm III; 'n daling van 4% van Vorm III na Vorm IV; 'n styging van 2.4% van Vorm IV na Vorm V.

Betreffende punt 1 is daar geen bespreking nodig nie.

Punt.2. Die gedurige styging van standerd tot standerd

wat die korrek-gegewe defin. betref, is verwag. Is die onderwys progressief-werkend, dan moet die leerlinge in elke volgende standaard 'n beter kennis van die vakke wat aan hulle onderwys word, openbaar. Dit geld ook van die definiëring van die Vnw.

Die styginge van Vorm II na Vorm III en van Vorm IV na Vorm V is hoog, veral die eersgenoemde. M.i. is die hoë styginge toe te skrywe aan tenminste een ooreenstemmende oorsaak, n.l. die feit dat in Transvaal geen publieke eksamen aan die einde van Vorms II en IV geskrywe word nie. Dit gebeur wel aan die einde van Vorms III en V. As gevolg van hierdie feit is die onderwysers miskien geneig om meer intensiewe aandag aan die Vorm III- en aan die Vorm V-leerlinge se werk te wy as aan die van hulle in Vorms II en IV.

Maar daar is 'n ander, miskien kleiner, dog ook belangrike oorsake vir die styginge. By wyse van opsomming word hulle in die geval van Vorm II na Vorm III hier gemeld, soos bespreek onder vraag 1, punt 2, bl. 94, n.l. (a) die Vorm III-Ppe. is ryper as hulle in Vorm II; (b) in Vorm III is die onderwys miskien beter as in Vorm II; (c) die Vorm III-leerlinge self werk met 'n meer doelbewustheid en noukeurigheid as hulle in Vorm II.

Die hoë styging van Vorm IV na Vorm V kan verder toegeskrywe word aan die feit ~~dat~~ dat: (a) die Vorm V-leerlinge oor die algemeen geneem 'n intelligenter groep leerlinge is as hulle in Vorm IV; (b) hulle het een jaar meer kennis verwerf van die manier waarop die Vnw. gedefinieer word; (c) hul word miskien beter onderwys as hulle in Vorm IV.

Punt 3. Die doel van vraag twee is om vas te stel tot watter mate die hoërskool-leerlinge logies kan tewerk gaan by die definiëring van die Vnw. Die resultate bring goed aan die lig dat die Vorm II-leerlinge, insake die Vnw., dit swak kan doen, terwyl die Vorm V-leerlinge taamlik daartoe in staat is. In hierdie verband moet ons versigtig wees, want die Vorm II-leerlinge het 52.7% defin. korrek, waarvan slegs 1.4% nie-logies-afgelei is. In elke volgende standaard word die werk meer wetenskaplik verrig. Dit bring die persentasies ook aan die lig. In elke volgende standaard in die hoërskool is die leerlinge gemiddeld ouer en intelligenter as in die vorige standaard, gevolglik kry hulle 'n beter insig van die wetenskaplike metode van taalstudie en die toepassing daarvan.

Die hoë styginge van Vorm II na Vorm III en van Vorm IV na Vorm V is die gevolg van dieselfde oorsake soos onder punt 2 bespreek.

~~Wat~~ Wat punt 4 betref, is die styging van .2% nie-logies-afgeleide defin. van Vorm II na Vorm III klein, dog onverwag. 'n Moontlike oorsaak hiervan kan wees, dat die Vorm III-leerlinge, in 'n paar gevalle, onnoukeurig of onbewus was by die uitvoering van die opdrag. Verder is die volgende twee dalinge verwag. Net die Vorm V-leerlinge het al hulle korrek-gegewe defin. logies afgelei.

Wat punt 5 betref, is dit verblydend om te kan meld dat die persentasies verkeerde defin. van standaard tot standaard daal, sodat die Vorm V-leerlinge nie een verkeerde defin. neergeskrywe het nie. Die groot dalinge van Vorm II na Vorm III en van Vorm IV na Vorm V word toegeskrywe aan dieselfde oorsake soos vermeld onder punt 2.

Wat punt 6 betref, merk ons dat die persentasie weggelate defin. in elke standaard taamlik hoog is, veral in Vorms II en V. Insake Vorm II is dit nog te verstaan, maar dit is nie goed verklaarbaar waarom die Vorm V-Ppe. meer weglatingsfoute het as hulle in Vorm IV nie. Die rede mag wees dat daar 'n paar Ppe. was wat die toets nie ernstig opgeneem het nie, daarteenoor traak-my-nie-agtig gestaan het.

Dit is egter in ooreenstemming met ons verwagting dat daar 'n daling van Vorm II na Vorm III is, en ook 'n daling van Vorm III na Vorm IV. Deurdad die kennis van standaard tot standaard toeneem, neem die onkunde gevolglik af.

(b) Van elke standaard word nou twee onuitgesoekte defin. gegee wat val onder (3): (a), (b) en (4) in Tabel 33, bl. 103, met bespreking waar nodig.

(1) Korrekte Definisies.

(a) Logies-afgelei.

Vorm II.

1. "'n Vnw. gebruik ons in die plek van 'n Snw., om nie die Snw. te herhaal nie." (vbe.: hy, sy, hulle, ek, dit.)

2. "'n Vnw. staan in die plek van 'n Snw. (vbe.: hy, sy, dit, haar, hom.)

Vorm III.

1. "'n Vnw. staan in die plek van 'n Snw." (vbe.: jy, ons, hy, hulle, julle.)

2. "'n Vnw. word gebruik om herhaling van die Snw. te voorkom." (vbe.: hy, jy, ons, sy, hulle.)

Vorm IV.

1. "'n Vnw. is 'n woord wat staan in die plek van 'n Snw." (vbe.: hy, hulle, my, sy.)

2. "'n Vnw. is 'n plaasvervanger van 'n Snw." (vbe.: ek, jy, hy, sy, ons.)

Vorm V.

1. "'n Vnw. is 'n woord wat kan gebruik word in die

plek van 'n Snw."(vbe.: hy, hom , hulle, ons, my.)

2." 'n Vnw. word gebruik om herhaling van die Snw. te voorkom."(vbe.: ek, jy, ons, sy.)

Volgens al die voorgaande defin. blyk dit dat die defin. en die vbe. mooi bymekaar aansluit, d.w.s. die vbe. is wel deeglik inaggenem~~de~~ alvorens die defin. gegee is.

(b) Nie-logies-afgelei.

Vorm II.

1." 'n Vnw. is 'n woord wat in die plek van 'n Snw. staan."(vbe.: stad, plaas, hoog, laag.)

Hierdie defin. is 'n produk van die geheue, want tussen die vbe. kom geen enkele Vnw. voor nie.

2." 'n Vnw. is 'n woord wat ons gebruik in die plek van 'n Snw."(vbe.: hy, sy, keei, perd, donkie.) In die geval is die defin. of 'n geheue-produk of gedeeltelike afgelei, net van hy, sy.

Vorm III.

1." 'n Vnw. staan in die plek van 'n Naamwoord<sup>ly</sup>." (vbe.: Jan, Piet, Klaas, Gert, Koos.). Al die vbe. is Snwe., sodat die defin nie van hulle afgelei is nie.

2." 'n Vnw. staan altyd in die plek van 'n Snw." (vbe.: jy, dit, waar, wanneer.). Die defin. is slegs, gedeeltelik afgelei van twee vbe.: jy, en dit of anders is dit uit die hoof neergeskrywe.

Vorm IV.

1." 'n Vnw. 'n woord wat in die plek van 'n Snw. staan."(vbe.: Bles, Jan, kind, hulle, my.). Die defin. sluit nie die vbe.: Bles, Jan, Kind, in nie.

Vorm V.

Geen defin. nie.

(ii) Verkeerde Definisies.

Vorm II.

1." 'n Vnw. word gebruik om 'n Snw. meer te verduidelik."(vbe.: geskop, arm, mooi, lang, in.) Tussen die vbe. is geen Vnw. nie.

2." 'n Vnw. is die naam van 'n mens of van 'n voorwerp."(vbe.: Piet, Jan, Gert, Sarel, Hendrik.)

Sowel die vbe. as die defin. is verkeerd. Dit kan wees dat die vbe. die Pp. tot <sup>in</sup> sekere mate gedwing het om so 'n defin. neer te skrywe.

Vorm III.

1." 'n Vnw. sê iets meer van 'n Snw."(vbe.: wit, vaal, swart, rooi, groen.) Dit is heel duidelik dat die vbe. van Byv.nwe. die Pp. verwar het: die defin. sou vir die Byv.nw. korrek gewees het as ons "Vnw." vervang met "Byv.nw."

2." 'n Vnw. is 'n woord wat die naam van 'n persoon of plek sê."(vbe.: Dina, Potchefstroom, Hongarye.)

Vorm IV.

1." Is die naamwoord wat voorafgaan."(vbe.: daardie, hêrdie, die.)

2." 'n Vnw. dui die geslag en meervoud aan."(vbe.: jy, sy, hy, hulle, ons.) As die Pp. op die voorhande vbe. af gewerk het, dan sou hy sekerlik 'n ander defin. kon gegee het.

Vorm V.

Geen definisies nie.

(iii) Geslagsverskille.

Ten opsigte van die gegewens onder (3): (a), (b) en (4) en (5), in Tabel 33, bl. 103, word geslagsverskille ondersoek.

In Tabel 34 word gegee:

(1) die aantal moontlike defin. wat deur elke geslag kon neergeskrywe word.

(2) die aantal gegewe defin. vir elke geslag.

(3) die aantal en persentasie korrek-gegewe defin. volgens geslag.

(a) die aantal en persentasie logies-afgeleide defin.

(b) die aantal en persentasie nie-logies-afgeleide defin.

(4) die aantal en persentasie verkeerde defin. volgens geslag.

(5) die aantal en persentasie weggelate defin. volgens geslag.

TABEL 34.

Aantal en Persentasie Defin. Geslag.

Standaard	:Vorm II		:Vorm III		:Vorm IV		:Vorm V	
Geslag	: S	: M	: S	: M	: S	: M	: S	: M
(1) Aantal moontlik	: 311:	192:	134:	117:	126:	90:	102:	41
(2) Aantal gegee	: 255:	159:	120:	106:	122:	81:	92:	39
(3) Aantal korrek-gegee	: 158:	107:	97:	93:	107:	69:	92:	39
Persent.	: 50.8:	55.7:	72.4:	79.5:	84.9:	76.7:	90.2:	95.1
(a) Aantal logies-afgelei	: 152:	106:	95:	91:	107:	68:	92:	39
Persent.	: 48.9:	55.2:	70.9:	77.8:	84.9:	75.6:	90.2:	95.1
(b) Aantal nie-logies-afgelei	: 6:	1:	2:	2:	0:	1:	0:	0
Persent.	: 1.9:	.5:	1.5:	1.7:	0:	1.1:	0:	0
(4) Aantal verkeerd	: 97:	52:	23:	13:	15:	12:	0:	0
Persent.	: 31.2:	27.1:	17.2:	11.1:	11.2:	13.3:	0:	0
(5) Aantal weggelaat	: 56:	33:	14:	11:	4:	9:	10:	2
Persent.	: 18.17.2:	10.4:	9.4:	3.9:	10:	9.8:	4.9	

Volgens Tabel 34 is dit duidelik dat:

1. Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal defin. vir elke geslag in elke standaard.

Volgens Tabel 34 is dit duidelik dat:

(1) die S. net in Vorm IV 'n groter persentasie defin. as die M. neergeskrywe het, n.l. 8.2%. In Vorms II, III en V het die M. egter 'n groter persentasie as die S. neergeskrywe, n.l. 4.9% in Vorm II, 7.1% in Vorm III en 4.9% in Vorm V, m.a.w. die M. het in die genoemde drie standerds 'n beter kennis van die Vnw.-defin. as die S.

(2) die M. in Vorms II, III en V meer logies-afgeleide defin. as die S. gegee het. In Vorm II het die M. 6.3% meer as die S. gegee; in Vorm III 6.9%, en in Vorm V 4.9%. Net in Vorm IV het die S. meer as die M. gegee, n.l. 9.3%. In Vorms II, III en V bewys die M. dus dat hul i.v.m. die Vnw.-defin. beter logies kan tewerk gaan as die S. In Vorm IV is die omgekeerde waar.

(3) die S. in Vorm II meer nie-logies-afgeleide defin. as die M. gegee het, n.l. 1.4%. In Vorms III en IV het die M. egter .2% en 1.1% respekt. meer as die S. gegee. In Vorm V is geen geslagsverskil nie.

(4) die S. in Vorms II en III 4.1% en 6.1% respekt. meer verkeerde defin. gegee het as die M.; in Vorm IV het die M. egter 2.1% meer as die S. gegee. In Vorm V is geen geslagsverskil nie.

(5) die M. net in Vorm IV meer defin. as die S. weggelaat het, n.l. 6.1%; in Vorms II, III en V het die S. egter .9%, 1%, en 4.9% respekt. meer as die M. weggelaat.

Word die persentasie van die S. en die M. onder (4) en (5) in Tabel 34, bl. 107 saamgevat, dan het die S. in Vorms II, III en V meer foute as die S. begaan. In Vorm IV het die M. dan ~~meer~~ as die S. begaan.

-----

HOOFSTUK VII: DIE BYWOORD.

1 Vraag Een.

Sien die bylae, bl. 132, vir die bewoording van hierdie vraag.

(a) In Tabel 35 word saamgevat die resultaat van die telling van die Bywe. Die volgende gegewens word daarin gevind:

(1) die moontlike aantal Bywe. wat in elke standerd kon opgenoem word.

(2) die aantal gegewe Bywe.

(3) die aantal en persentasie<sup>1</sup> korrek-gegewe Bywe. in elke standerd.

(4) die aantal en persentasie verkeerde woorde in elke standerd.

(5) die aantal en persentasie weggelate woorde in elke standerd.

TABEL 35.

Aantal en Persentasie Bywe. Standerd.

<u>Standerd</u>	<u>:Vorm II:Vorm III:Vorm IV:Vorm V:Tot.</u>				
(1) Aantal moontlik	: 2515	: 1255	: 1080	: 715	: 5565
(2) Aantal gegee	: 1862	: 1054	: 976	: 661	: 4553
(3) Aantal korrek-gegee	: 1441	: 921	: 920	: 631	: 3913
Persent.	: 57.3	: 73.4	: 85.2	: 88.3	: -
(4) Aantal verkeerd	: 421	: 133	: 56	: 30	: 640
Persent.	: 16.7	: 10.6	: 5.2	: 4.1	: -
(5) Aantal weggelaat	: 653	: 201	: 104	: 54	: 1012
Persent.	: 26	: 16	: 9.6	: 7.6	: -

Die volgende word afgelei by 'n noukeurige bestudering van Tabel 35:

(1) in geen standerd is die moontlike aantal Bywe. opgenoem nie.

(2) dat die persentasies korrek-gegewe defin. vir Vorms II, III, IV en V: 57.3, 73.4, 85.2, 88.3, respekt. is. Ons merk dus op: (a) 'n styging van 16.1% van Vorm II na Vorm III; (b) 'n styging van 11.8% van Vorm III na Vorm IV; (c) 'n styging van 3.1% van Vorm IV na Vorm V.

(3) dat daar 'n gedurige afneming in die persentasie verkeerde woorde van standerd tot standerd is: daar is 'n daling van 6.1% van Vorm II na Vorm III; 'n daling van 5.4% van Vorm III na Vorm IV, en 'n daling van 1.1% van Vorm IV na Vorm V.

(4) dat die persentasie weggelate woorde ook van standerd tot standerd afneem. Die daling van standerd tot standerd is as volg: 10% van Vorm II na Vorm III; 6.4% van Vorm III na Vorm IV; en 2% van Vorm IV na Vorm V.

<sup>1</sup>Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal Bywe. vir elke standerd.

Punt 1 het geen bespreking nodig nie, Punt 2 wel.

Die styging van Vorm II na Vorm III is verwag, dog hoog. Wat sou die rede wees? Ons sou dit kan toeskrywe aan: (a) beter onderwys in Vorm III as in Vorm II, met die oog op die eksamenvereistes aan die einde van die Vorm III-kursus. Aan die vereistes van die eksamen aan die einde van die Vorm II-kursus word nie in dieselfde mate waarde geheg nie, omdat dit nie 'n publieke eksamen is nie; (b) die Vorm III-leerlinge werk met meer nougesetheid en doelbewustheid as die Vorm II-leerlinge, juis omdat die Vorm III-kursus 'n definitiewe periode in die hoërskool afsluit, in Transvaal. Die Vorm III-leerlinge skrywe 'n eksamen oor die Vorm II- en oor die Vorm III-werk; (c) die Vorm III-leerlinge is 'n intelligenter groep leerlinge as hulle in Vorm II:

In Vorm II is leerlinge wat weens aangebore vermoëns nie die Vorm II-kursus sal slaag nie, omdat dit vereistes te hoog is vir hulle intelligensie. Van die leerlinge wat slaag, sal 'n deel die skool verlaat en 'n ander deel terugkom vir Vorm III. Die swakker verstandelike kinders word gedurigdeur deur die skooleksamens geëlimineer, sodat ons in elke volgende standaard 'n meer intelligente kind kry; (d) die Vorm III-leerlinge het een jaar meer kennis van die Byw. opgedoen, daarom presteer hulle beter.

Die styginge van Vorm II na Vorm III en van Vorm IV na Vorm V is ook verwag. Die resultate toon genoegsaam dat die onderwys van die Byw. progressief werk. Die styging van Vorm III na Vorm IV is egter hoog. Waarom? Ons sal 'n paar moontlike redes aanvoer: (a) die Vorm IV-leerlinge is 'n meer intelligente groep as hulle in Vorm III, om dieselfde redes soos ten gunste van die Vorm III-leerlinge teenoor die Vorm II-leerlinge uiteengesit; (b) dit kan ook die gevolg wees van goeie onderwys: daar word miskien heelwat aandag gewy aan die Byw. in Vorm IV; (c) deur een jaar se verdere stelselmatige onderwys het die Vorm IV-leerlinge 'n grondiger kennis van die Byw. verwerf.

Die styging van Vorm IV na Vorm V is gladnie hoog nie. Die Vorm V-leerlinge sal natuurlik beter as hulle in Vorm IV presteer, omdat hier ook, soos by Vorm III, 'n publieke eksamenprikkel is, waardeur beter onderwys resulteer met die oog op die eksamen, en by die leerlinge 'n groter ywer en noukeurigheid, wanneer kennis getoets word. Dan het hulle ook een jaar meer kennis van die Byw. wat in hulle voordeel tel. Dit is ook aanneemlik dat die Vorm V-leerlinge 'n meer ~~in~~ intelligente groep as die Vorm IV-leerlinge is.

Wat punt 3 betref, dui die gedurige daling van ver-

keerde woorde, van standerd tot standerd, 'n gesonde toestand aan. In hierdie verband het ons te doen met ander rededele wat met die Byw. verwar is. Hoe ouer die leerlinge as 'n groep word en hoe verder hulle vorder in skoolkursusse, hoe kleiner word die moontlikheid dat hulle <sup>ander</sup> rededele met die Byw. verwar, wanneer hulle gevra word om Bywe. op te noem.

Wat punt 4 betref, merk ons dat in elke standerd 'n groter persentasie woorde weggelaat is as wat ander rededele met die Byw. verwar is, m.a.w. die mate van onkunde was in elke standerd groter as die mate van swak differensiasie tussen rededele.

Die afneming van die persentasie weggelate woorde, van standerd tot standerd, is heeltemal verwag en staan in verband met punt 1. Al die moontlike oorsake wat daar i.v.m. die styginge van standerd tot standerd aangevoer is, geld hier in dieselfde mate

(b) Die Bywe. onder (3) in Tabel 35, bl. 109, word in die besonder onder die volgende hoofde bespreek:

(1) Soorte Bywe.

- (a) Byw. van Wyse.
- (b) Byw. van Plek.
- (c) Byw. van Hoeveelheid.
- (d) Byw. van Tyd.
- (e) Ander Bywe.

In Tabel 36 word die telling van die Bywe. wat onder die genoemde vyf hoofde val gegee, met die persentasie van elk vir elke standerd.

TABEL 36.

Aantal en Persentasie Bywe. van: Wyse, Plek, Hoeveelheid, Tyd, en Ander Bywe. Standerd.

<u>Standerd</u>	<u>:Vorm II:</u>	<u>Vorm III:</u>	<u>Vorm IV:</u>	<u>Vorm V:</u>	<u>Tot.</u>
(1) Aantal Bywe.v.Wyse	: 1128	: 761	: 768	: 513	: 3170
Persent.	: 44.9	: 60.6	: 71.1	: 71.7	: -
(2) Aantal Bywe.v. Plek	: 213	: 77	: 84	: 60	: 434
Persent.	: 8.5	: 6.1	: 7.8	: 8.4	: -
(3) Aantal Bywe.v.Hoeveelheid	: 43	: 41	: 30	: 30	: 144
Persent.	: 1.7	: 3.3	: 2.8	: 4.2	: -
(4) Aantal Bywe.v. Tyd	: 36	: 25	: 24	: 25	: 110
Persent.	: 1.4	: 2	: 2.2	: 3.5	: -
(5) Aantal Ander Bywe.	: 21	: 17	: 14	: 3	: 55
Persent.	: .8	: 1.4	: 1.3	: .5	: -

Van Tabel 36 blyk:

(1) dat die Bywe. van Wyse in elke standerd oorweeg,

Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal Bywe. vir elke standerd.

d.w.s. in elke standerd word die meeste gedink aan Bywe. van Wyse, en meer as aan al die ander Bywe. saam. Aan die Bywe. van Plek word die tweede meeste gedink, dan volg Bywe. van Hoeveelheid en ten vierde Bywe. van Tyd. Onder Ander Bywe. val 'n paar soorte wat later apart sal gegee word.

(2) dat daar van standerd tot standerd 'n toename in die persentasie Bywe. van Wyse is: 'n styging van 15.7% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van 10.5% van Vorm III na Vorm IV; 'n styging van .6% van Vorm IV na Vorm V.

(3) dat die Vorm II-Ppe. die hoogste persentasie Bywe. van Plek opgenoem het, en die Vorm III-Ppe. die minste. Die daling van Vorm II na Vorm III is 2.4% groot; die styging van Vorm III na Vorm IV 1.7% groot; die styging van Vorm IV na Vorm V .6% groot.

(4) dat daar nie 'n gsdurige toename van Bywe. van Hoeveelheid van standerd tot standerd is nie; daar is 'n toename van 1.6% van Vorm II na Vorm III; 'n daling van .5% van Vorm III na Vorm IV; 'n styging van 1.4% van Vorm IV na Vorm V. Die Vorm V-Ppe. het die meeste Bywe. van Hoeveelheid opgenoem, en die Vorm II-Ppe. die minste.

(5) dat daar van standerd tot standerd 'n toename is van Bywe. van Tyd. Die tydsfaktor in die handelingverrigting speel dus 'n belangriker rol van standerd tot standerd. Die toename van Vorm II na Vorm III is .6%; van Vorm III na Vorm IV .2%; van Vorm IV na Vorm V 1.3%.

(6) dat Ander Bywe. as die wat in Tabel 36, bl.112, gegee is, beklee 'n geringe plek in die denke van die leerlinge in elke standerd.)

(c) In twee aparte Tabelle word die Bywe. wat val onder (1), (2), (3), (4) en (5) in Tabel 36, bl. 111, aangegee: in een Tabel word gegee Bywe. wat val onder (1), (2), (3), en (4): en in 'n ander Tabel die Bywe. wat val onder (5).

In Tabel 37 word gevind:

(1) vir elke standerd, die Bywe. van Wyse, met 'n frekwensie bo 100.

(2) vir elke standerd, die Bywe. van Plek, met 'n frekwensie bo 20.

(3) vir elke standerd, die Bywe. van Hoeveelheid, met 'n frekwensie bo 20.

(4) vir elke standerd, die Bywe. van Tyd, met 'n frekwensie bo 10.

TABEL 37.

Bywe. van: 1. Wyse, 2. Plek, 3. Hoeveelheid, 4. Tyd.

Woorde	:	Vorm II:	Vorm III:	Vorm IV :	Vorm V :	Tot.
1.Vinnig	:	158	: 129	: 121	: 85	: 493
Stadig	:	106	: 82	: 64	: 50	: 302
Mool	:	92	: 48	: 43	: 37	: 220
Hard	:	90	: 30	: 54	: 38	: 212
Goed	:	29	: 20	: 32	: 35	: 116
Gou	:	28	: 30	: 34	: 21	: 113
2.Hoog	:	49	: 8	: 19	: 13	: 89
Ver	:	31	: 12	: 12	: 10	: 65
Daar	:	21	: 6	: 11	: 10	: 48
Hier	:	8	: 11	: 9	: 10	: 38
Op	:	20	: 9	: 6	: 2	: 37
In	:	20	: 5	: 4	: 1	: 30
Agter	:	8	: 5	: 5	: 3	: 21
Voor	:	13	: 3	: 4	: 1	: 21
3.Baie	:	32	: 34	: 25	: 17	: 108
Min	:	9	: 7	: 5	: 3	: 24
4.Gister	:	14	: 7	: 4	: 5	: 30
Môre	†	1	: 4	: 3	: 9	: 17
Vandag	:	7	: 3	: 5	: 1	: 16
Laat	:	4	: 5	: 2	: 2	: 13
Netnou	:	5	: 2	: 2	: 3	: 12
Vroeg	:	2	: 1	: 4	: 4	: 11

'n Paar afleidings uit Tabel 37 is van belang:

(1) Wat die Bywe. van Wyse betref, het vinnig in elke standerd die <sup>hoogste</sup> frekwensie, d.w.s. in elke standerd word daaraan die meeste gedink; aan stadig word in elke standerd die tweede meeste gedink. Albei Bywe. dui die snelheid aan waarmee handeling plaasvind. In die Tabel kom ook voor gou wat dieselfde doel dien as die genoemde twee. Hierdie drie Bywe.----vinnig, stadig en gou----- tel saam 908 vbe. uit die 1456 vbe. van Bywe. van Wyse wat in die Tabel voorkom. Ons konkludeer dus dat die Bywe. wat die snelhede aandui waarmee handeling geskied, ptimaatskap verkry in die denke van die hoërskool-leerlinge.

(2) Wat die Bywe. van Plek betref, is daar geen woord waaraan die meeste in elke standerd gedink word nie. In Vorms II, IV en V word die meeste gedink aan hoog; in Vorm III egter aan ver.

(3) Wat die Bywe. van Hoeveelheid betref, is in elke standerd die meeste vbe. van baie opgenoem, die Byw. wat die groot hoeveelheid van handeling aandui. Daarteenoor staan min in elke standerd tweede, die Byw. wat 'n klein hoeveelheid handeling aandui. Baie en min is die enigste twee Bywe. wat

hier van enige belang is. Baie en min tel saam 132 vbe. uit die 144 vbe. Bywe. van Hoeveelheid.

(4) Wat die Bywe. van Tyd betref, het gister die hoogste frekwensie, hoewel nie die hoogste in elke standaard nie. Word die totale frekwensie van elke woord inaggeneem, dan word die meeste gedink aan Bywe. wat die verlede tyd aandui, n.l. gister; ten tweede volg die Byw. wat die toekomstige tyd aandui, n.l. môre, en eers in die derde plek vandag wat die teenwoordige tyd aandui. Gister, môre en vandag tel saam 63 vbe. uit die 110 vbe. van Bywe. van Tyd.

Nou volg ander Bywe. wat nie in Tabel 37, bl.113, voorkom nie.

#### 1. Bywe. van Wyse.

Die volgende Bywe. het 'n frekwensie kleiner as 100, o.a.: lekker (52); swaar (50); sleg (50); regop (35); netjies (30); langsaam (27); slordig (26); lank (25), ens.

#### 2. Bywe. van Plek.

Die volgende Bywe. het 'n frekwensie kleiner as 20, o.a.: uit (19); onder (17); langs (17); laag (15); naby (9), ens.

#### 3. Bywe. van Hoeveelheid.

Die volgende Bywe. het 'n frekwensie kleiner as 20: amper (6); veel (3); te (3).

#### 4. Bywe. van Tyd.

Die volgende Bywe. het 'n frekwensie kleiner as 10, o.a.: altyd (6); nooit (3); daagliks (2), ens.

2. In Tabel 38 kom voor al die Ander Bywe., soos wat val onder (5) in Tabel 36, bl. 111.

TABEL 38.

#### Ander Bywe.

<u>Soorte Bywe.</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V.</u>
(5) Byw. v. Modaliteit.				
(i) Twyfel	: miskien(4)	: miskien(6)	-	: -
(ii) Ontkenning	: nie(5)	: -	: nee(4)	: -
(iii) Wens	: maar(2)	: maar(6)	: maar(3)	: dan (2)
	: dan(3)	: dan(3)	: -	: -
(6) Byw. v. Kousaliteit:				
(i) Grond of Rede	: daarom(3)	: daarom(2)	: daarom(4)	: daarom
(7) Byw. v. Omstandigheid	: alleen(4)	: -	: alleen(3)	: -

Die enigste ander Bywe. wat dus opgenoem is, is miskien, nie, nee, maar, dan, daarom en alleen.

#### (ii) Verkeerde Woorde.

In Tabel 39 kom voor 'n paar van dôe woorde wat val onder (4) in Tabel 35, bl.109. Weens die groot getalle woorde wat in elke standaard verkeerd gegee is, d.w.s. ander rededele wat met die Byw. verwar is, word net verteenwoordi-



elke geslag in elke standerd.

(6) die aantal en persentasie Bywe. van Wyse vir elke geslag.

(7) die aantal en persentasie Bywe. van Plek vir elke geslag.

(8) die aantal en persentasie Bywe. van Hoeveelheid volgens geslag in standerds.

(9) die aantal en persentasie Bywe. van Tyd volgens geslag in standerds.

TABEL 40.

Aantal en Persentasie Bywe. Geslag.

Standerd	:Vorm II		:Vorm III		:Vorm IV		:Vorm V	
	: S	: M	: S	: M	: S	: M	: S	: M
(1) Aantal moontlik	: 1555:	960:	670:	585:	630:	450:	510:	205
(2) Aantal gegee	: 1127:	735:	475:	579:	591:	385:	465:	196
(3) Aantal korrek- gegee	: 851:	590:	408:	513:	564:	356:	445:	186
Persent.	: 54.7:	61.5:	60.9:	87.7:	89.5:	79.1:	87.3:	90.7
(4) Aantal Verkeerd	: 276:	145:	67:	66:	27:	29:	20:	10
Persent.	: 17.8:	15.1:	10:	11.3:	4.3:	6.4:	3.9:	5
(5) Aantal weggelaat	: 428:	225:	195:	6:	39:	65:	45:	9
Persent.	: 27.5:	23.4:	29.1:	1:	6.2:	14.5:	8.8:	4.3
(6) Aantal Byw.v.Wyse:	609:	519:	318:	443:	473:	295:	397:	116
Persent.	: 39.2:	54.1:	47.5:	75.7:	75.1:	65.6:	77.9:	56.6
(7) Aantal Bywe.v. Plek	: 183:	30:	49:	28:	61:	23:	23:	37
Persent.	: 11.8:	3.1:	7.3:	4.8:	9.7:	5.1:	4.5:	18
(8) Aantal Bywe.van Hoeveelheid	: 27:	16:	23:	18:	11:	19:	9:	21
Persent.	: 1.7:	1.7:	3.5:	3.1:	1.7:	4.2:	1.8:	10.2
(9) Aantal Bywe. van Tyd	: 22:	14:	9:	16:	14:	10:	15:	10
Persent.	: 1.4:	1.5:	1.3:	2.7:	2.2:	2.2:	2.9:	4.9

Volgens Tabel 40 word dit duidelik dat:

(1) die M. in drie standerds, n.l. Vorm II, III en V, meer Bywe. as die S. korrek het. Net in Vorm IV het die S. meer as die M. korrek.

(2) die S. in Vorm II meer woorde as die M. verkeerd het, n.l. 2.7%; in Vorms III, IV en V het die M. egter 1.3%, 2.1%, 1.1%, respekt. meer woorde wat val onder ander rededele met die Byw. verwar as die S.

(3) die S. in Vorms II, III en V: 4.1%, 28.1% en 4.5%, respekt. meer woorde as die M. uit die staanspoor weggelaat het; in Vorm IV egter het die M. 8.3% meer as die S. weggelaat.

(4) die M. in Vorms II en III: 14.9% en 28.2% respekt. meer Bywe. van Wyse as die S. opgenoem het; maar in

Vorms IV en V het die S.: 9.5% en 21.3% respekt. meer as die M. opgenoem.

(5) die S. in Vorms II, III en IV: 8.7%, 2.5% en 4.6% respekt. meer Bywe. van Plek as die M. opgenoem het, d.w.s. in die genoemde drie standerds dink die S. meer as die M. aan Bywe. van Plek; in Vorm V egter het die M. 13.5% meer as die S. opgenoem, d.w.s. dat Byw. van Plek in Vorm V by die S. op die agtergrond tree, maar meer prominente aandag by die M. as in die vorige standerds verkry.

(6) in Vorm II geen geslagsverskil bestaan nie, wat die Bywe. van Hoeveelheid betref. In Vorm III het die S. egter .4% meer Byw. van Hoeveelheid as die M. opgenoem; maar in Vorms IV en V het die M. 2.5% en 8.4% respekt. meer as die S. opgenoem; m.a.w. in die genoemde twee standerds speel Bywe. van Hoeveelheid 'n belangriker rol in die denke van die M. as in die van die S.

(7) die geslagsverskil, wat die Bywe. van Tyd betref, in Vorm II gering is, n.l. .1% ten gunste van die M.; in Vorm III het die M. 1.4% meer Bywe. van Tyd as die S. opgenoem; in Vorm IV is geen geslagsverskil nie; in Vorm V het die M. weer 'n groter persentasie as die S. opgenoem, n.l. 2%.

-----

## 2. Vraag Twee.

Vir die bewoording van vraag twee, sien die bylae, bl. 132.

Alvorens die bevindinge in verband met hierdie vraag gegee word, word eers 'n paar defin. van bekende grammatici gegee. Die doel is om/hulle Byw.-defin. min of meer 'n norm af te lei waarvolgens die Byw.-defin. van die leerlinge beoordeel is.

1." Bywoorde is rededele wat die betekenis van 'n werkwoord, 'n byvoeglike naamwoord of 'n ander bywoord nader omskrywe of wysig."(7:90).

2."Byw. is woorde wat vir ons iets verdet van ander rededele (meestal ww.) vertel. Hulle sê gewoonlik op watter manier 'n handeling geskied( ons moes saggies loop), en dui/ook verder plek, tyd, graad, ens., aan."(34: 20)

3."Bywoorde ~~is~~ adverbia is woorde wat dien as bepaling van al die begrippe, wat geen selfstandigheid aandui nie. Hul stel ~~aan~~ tyd, plek, of manier voor, waarop 'n werking plaas vind, en dien verder ook om bnw., byw., of telw. nader te bepaal. Byw. van modaliteit het betrekking op die hele sinsinhoud." (5:136)

(4)" 'n ~~W~~oord wat by 'n werkwoord gebruik word om nader besonderhede daarvan aan te gee, word 'n bywoord genoem-----." (51:15)

'n Defin. wat dus die volgende insluit, is as norm gebruik vir die beoordeling van die defin. van die leerlinge: 'n Byw. is 'n woord wat 'n Vw. of 'n Byv.nw. nader bepaal(of omskrywe, of iets meer daarvan sê, of vertel.) Natuurlik is dit nie nodig dat die defin. van die leerlinge, wat hulle bewoording aangaan, dieselfde moet wees as wat gegee is nie.

(a) In Tabel 41 word die telling van die Byw.-defin. van die getoetste leerlinge saamgevat. In die Tabel word aangegee:

(1) die moontlike aantal defin. wat in elke standerd kon gegee word.

(2) die aantal gegewe defin.

(3) die aantal en persentasie' korrek-gegewe defin.

(a) die aantal en persentasie logies-afgeleide defin.vir elke standerd.

(b) die aantal en persentasie nie-logies-afgeleide defin. vir elke standerd.

(4) die aantal en persentasie verkeerde defin. vir elke standerd.

(5) die aantal en persentasie weggelate defin. vir elke standerd.

-----

1. Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal defin. vir elke standerd.

TABEL 41.

Aantal en Persentasie Defin. Standerd.

Standerd	:Vorm II:	Vorm III:	Vorm IV:	Vorm V:	ToT.
(1) Aantal moontlik	: 503	: 251	: 216	: 143	: 1113
(2) Aantal gegee	: 390	: 225	: 206	: 139	: 960
(3) Aantal korrek-gegee:	223	: 179	: 174	: 123	: 699
Persent.	:44.3	: 71.3	: 80.6	: 86	: -
(a) Aantal logies-afgelei	: 198	: 164	: 145	: 123	: 630
Persent.	:39.4	: 65.3	: 67.1	: 86	: -
(b) Aantal nie-logies-afgelei	: 25	: 15	: 29	: 0	: 69
Persent.	: 4.9	: 6	: 13.5	: 0	: -
(4) Aantal verkeerd	: 167	: 46	: 32	: 16	: 261
persent.	:33.2	: 18.3	: 14.8	:11.2	: -
(5) Aantal weggelaat	: 113	: 26	: 10	: 4	: 153
Persent.	:22.5	: 10.4	: 4.6	: 2.8	: -

Van Tabel 41 word afgelei:

(1) dat in geen standerd die moontlike aantal defin. neergeskrywe is nie.

(2) dat die verhouding van die korrek-gegewe defin. per 100 so is: 44.3, 71.3, 80.6 en 86. Daar is dus: 'n styging van 27% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van 9.3% van Vorm III na Vorm IV; 'n styging van 5.4% van Vorm IV na Vorm V.

(3) dat die persentasies logies-afgeleide defin. in Vorms II, III, IV en V: 39.4, 65.3, 67.1, 86, respekt. is. Dus: 'n styging van 25.9% van Vorm II na Vorm III; 'n styging van 1.8% van Vorm III na Vorm IV; en 'n styging van 18.9% van Vorm IV na Vorm V.

(4) dat daar 'n toename van standerd tot standerd bemerk word, wat die nie-logies-afgeleide defin. betref, behalwe van Vorm IV na Vorm V. Die toename van Vorm II na Vorm III is 1.1%, en Vorm III na Vorm IV 7.5%; die daling van Vorm IV na Vorm V is 13.5%.

(5) dat daar van standerd tot standerd 'n vermindering in die persentasie verkeerde defin. gekonstateer word. Die grootte van die dalinge is as volg: 14.9% van Vorm II na Vorm III; 3.5% van Vorm III na Vorm IV; 3.6% van Vorm IV na Vorm V.

(6) dat die persentasies weggelate defin. ook 'n vermindering van standerd tot standerd aantoon. Die grootte van die dalinge is as volg: 12.1% van Vorm II na Vorm III; 5.8% van Vorm III na Vorm IV; 1.8% van Vorm IV na Vorm V.

Punt 1 het geen verdere toeligting nodig nie.

Wat punt 2 betref, is die styginge van standerd tot standerd verwag. Van standerd tot standerd behoort die leerlinge tog meer kennis aan die dag te lê i.v.m. sake wat aan hulle

van jaar tot jaar onderwys word. Hierdie toename in kennis wat die onderwys moet bewerkstellig, word afdoende deur die resultate bevestig.

Die styging van Vorm II na Vorm III is geweldig hoog, n.l. 27%. Wat sou die oorsaak hiervan wees? M.i. kan ons hier dieselfde moontlike oorsake aanvoer, soos aangegee onder die bespreking van punt 2, <sup>onder</sup> Tabel 35, bl. 110. Ons volstaan hier net by 'n opsomming daarvan: (a) beter onderwys in Vorm III as in Vorm II; (b) die meer nougesetheid en doelbewustheid waarmee die Vorm III-leerlinge werk; (c) die Vorm III-leerlinge is 'n meer intelligente groep; (d) een jaar se meer kennis wat die Vorm III-leerlinge verwerf het in verband met die definiëring van die Byw. 'n Oorsaak waarom die Vorm II-leerlinge so swak presteer het, lê moontlik daarin dat die definiëring van die Byw. op sigself/<sup>n</sup> Moeiliker taak is as die definiëring van die Snw., of die Ww., of die Byv.nw., of die Vnw.

Die styging van Vorm III na Vorm IV is hoog, n.l. 9.3% as moontlike oorsake hiervoor word ook aangevoer hulle wat aangegee is onder die bespreking van punt 2, <sup>onder</sup> Tabel 35, bl. 110. Die volgende is 'n kort opsomming daarvan: (a) die Vorm IV-leerlinge is 'n meer intelligente groep leerlinge; (b) goeie onderwys; (c) een jaar se verdere stelselmatige onderwys.

Oor die styging van Vorm IV na Vorm V, n.l. 5.4%, val nie veel op te merk nie. Die Vorm V-leerlinge lewer, oor die algemeen geneem, 'n beter gehalte werk as hulle in Vorm IV, en werk in alle vakke meer konsensieus met die oog op die publieke eksamen aan die einde van hulle kursus.

Wat punt 3 betref, lewer die persentasies logies-afgeleide defin. genoegsaam bewys dat die leerlinge in elke volgende standaard beter logies kan teweerk gaan. Die doel van vraag twee was ook om vas te stel in hoe verre die leerlinge die nou verband tussen vraag een en vraag twee kon aanvoel. Nadat die leerlinge 5 vbe. van Bywe. as antwoord op vraag een gegee het, moes hulle direk daarna 'n defin. van die Byw. gee. (sien die bylae, bl. 132.)

Die Vorm II-leerlinge kon maar weinig defin. logies aflei uit die voorhande vbe. Hierdie klein persentasie staan natuurlik in verband met die klein persentasie korrek-gegewe defin. wat deur hulle gegee is.

Die styging van Vorm III na Vorm IV is nie groot nie. Ons wil wel die aandag vestig op die groot styginge in die persentasies logies-afgeleide defin. van Vorm II na Vorm III en van Vorm IV na Vorm V. M.i. het ons hier met dieselfde oorsake te doen. Ten eerste is dit sekerlik waar dat sowel die Vorm III- as die Vorm V-leerlinge meer intense

aandag en metodiese onderwys as die Vorm II- en Vorm IV-leerlinge geniet, omdat die Vorm II- en die Vorm IV- kursusse beginpunte van werk is wat in Vorms III en V afgesluit word. Nou vereis die samevatting van werk, gedoen in twee kursusse en die goeie afsluiting daarvan in sowel Vorm III as in Vorm V, meer aandag en energie van die onderwysers.

Ten tweede werk die leerlinge in Vorms III en V self meer nougeset en bewus beter wetenskaplik as hulle in Vorms II en IV, juis met die oog op die publieke eksamen.

Wat punt 4 betref, is die Vorm V-leerlinge die enigste groep leerlinge wat al hulle korrek-gegewe defin. terselfdertyd logies afgelei het. Hierdie groep leerlinge het dus pragtig die opdrag van vraag twee uitgevoer. Die styginge van Vorm II na Vorm III en van Vorm III na Vorm IV moet versigtig geïnterpreteer word. Hierdie styginge staan in verband met die groot styginge van standerd tot standerd, wat die korrek-gegewe defin. aangaan. Dit verbaas ons egter dat die styging van Vorm III na Vorm IV so hoog is.

Wat punt 5 betref, merk ons dat die persentasies verkeerde defin. in elke standerd hoog is. Die dalinge daarvan, van standerd tot standerd, is verag. Hoe ouer die leerlinge word en hoe meer hulle in skoolkursusse vorder, hoe minder defin. i.v.m. die Byw. sal hulle verkeerd definieer. Dit is die gevolg van die feit, dat hulle in elke volgende standerd meer kennis daarvan opdoen.

Wat punt 6 betref, is die persentasies weggelate defin. hoog in Vorms II en III. Die persentasies weggelate defin. toon hoe groot die onkunde i.v.m. die Byw.-defin. in elke standerd is. Die dalinge van standerd tot standerd staan egter in 'n direkte verband met punt 1.

(b) Van elke standerd word nou twee onuitgesoekte defin. gegee, wat val onder (3): (a), (b) en (4), in Tabel 41, bl.119, met 'n bespreking waar nodig.

(1) Korrekte Definisies.

(a) Logies-afgelei.

Vorm II.

1."Die Byw. toon die wyse aan waarop 'n handeling plaasvind."(vbe.: stadig, vinnig, sag, hard, mooi.)

2." 'n Byw. is 'n woord wat aandui waar die handeling plaasvind."(vbe.: daar, hier, op, onder, bo.). Wat hierdie twee defin. betref, is dit duidelik dat die Ppe. wel deeglik die gegewe vbe. van Bywe. by die definiëring daarvan inaggeneem het.

Vorm III.

1." 'n Byw. is 'n woord wat sê hoe 'n handeling

gedoen word."(vbe.: gou, vinnig, stadig, mooi.)

2." 'n Byw. omskryf 'n Ww. beter,"(vbe.:vinnig, stadig, hard, stil, stout.)

Vorm III.

1." 'n Byw. is 'n woord wat ons iets meer sê van 'n handeling."(vbe.:lekker, hoog, hard, swaar, mooi.)

2." 'n Byw. dui aan hoe 'n werking geskied."(vbe.: vinnig, stadig, goed, sleg, seer.)

Vorm V.

1." 'n Byw. sê hoe 'n handeling geskied."(vbe.:vinnig, lekker, baie, genoeg, fluit-fluit.)

2." 'n Byw. is 'n woord wat die werking in 'n sin nader omskrywe."(vbe.: koud, warm, vroeg, laat, donker.)

Die defin., soos in die voorgaande aangegee, is nie afsonderlik bespreek nie, omdat elkeen vir homself duidelik genoeg spreek.

(b) Nie-logies-afgelei.

Vorm II.

1." 'n Byw. beskryf die Ww."(vbe.:gaan doen.) Albei die vbe. is Wwe. Dus is die defin. nie van hulle afgelei nie, maar uit die hoof neergeskrywe.

2." 'n Byw. is 'n woord wat 'n mens meer sê van die Ww."(vbe.: geen vbe. is as antwoord op vraag een opgenoem nie) Hierdie defin. is dus ook uit die hoof neergeskrywe.

Vorm III.

1." 'n Byw. bepaal die Ww."(vbe.: sal, is, het.) Dit is heel duidelik dat die vbe. nie van die vbe. afgelei is nie, want hulle is almal Wwe.

2." 'n Byw. vertel jou meer van 'n werkwoord."(vbe.: nakom, voorkom, verhinder, nadoen.) Tussen die vbe. is geen Byw. nie.

Vorm IV.

1." 'n Byw. sê iets meer van die werking wat plaasvind." Geen vbe. van Bywe. is opgenoem nie, m.a.w. die defin. is uit die hoof neergeskrywe.

2." 'n Byw. sê iets meer van die werking."(vbe.: harde maklike, vinnige, stadige.) Daar is geen vb. van 'n Byw. opgenoem nie.

Vorm V.

Geen nie-logies-afgeleide defin. nie.

(ii) Verkeerde Definisies.

Vorm II.

1." 'n Byw. is 'n woord wat staan in die plek van 'n ding of van tyd."(vbe.: die, daardie, waar, daar, hier.)

2." 'n Byw. is die plek van 'n Vnw."(vbe.:dit, is, op, met.)

Tussen die vbe. is daar 'n Vnw.(dit), 'n Ww.(is), en twee Bywe.(met en op.).

Vorm III.

1." 'n Byw. is 'n woord wat sê hoe die ding lyk of is."(vbe.: mooi, stout, groot, lank, smal.) Die vbe. is oorspronklik as Bywe, bedoel. Toe die defin. moes neergeskrywe word, het die vbe. die leerlinge dadelik herinner aan Byv.nw., omdat hulle vorm ooreenkom met die van die predikatief-gebruikte Byv.nwe.:stout, groot, mooi, lank, en smal. Groot en mooi kan ook attributief gebruik word.

2." 'n Byw. is 'n woord wat sinne verbind."(vbe.: heet, skyn, lyk, en bleik.)

Vorm IV.

1." 'n Byw, staan saam met 'n Snw. om die sin beter te rangskik."(vbe.: regtig, sowaar, nee.)

2."Dit is 'n woord wat iets meer sê van iets."(vbe.: vroeg, laat, norens.) Die vbe. is almal Bywe. As die leerlinge net die vbe. inageneemhet, dan sou daar sekerlik 'n beter defin. geresulteer, het.

Vorm V.

1."Dit vertel 'n mens iets meer van 'n Snw."(vbe.: bruin, tafel, blou, rok, hoe, boom.)

2."Dit druk 'n bygedagte uit."(vbe.: van, na, omdat, sodat.)

(iii) Geslagsverskille.

Die geslagsverskille word ondersoek i.v.m. die gegewens onder (3): (a), (b), en (4) en (5), in Tabel 41, bl.119.

In Tabel 42 word gegee:

(1) die aantal moontlike defin. wat in elke standerd deur elke geslag kon neergeskrywe word,

(2) die aantal gegewe defin. volgens geslag.

(3) die aantal en persentasie<sup>1</sup> korrek-gegewe defin. volgens geslag.

(a) die aantal en persentasie logies-afgeleide defon. volgens geslag.

(b) die aantal en persentasie nie-logies-afgeleide defin. volgens geslag.

(4) die aantal en persentasie verkeerde defin. volgens geslag.

(5) die aantal en persentasie weggelate defin. volgens geslag.

-----  
/Die persentasies is bereken in terme van die gevraagde aantal defin. vir elke geslag in elke standerd.

TABEL 42.

Aantal en Persentasie Defin. Geslag.

Standerd	:Vorm II	:Vorm III	:Vorm IV	:Vorm V
Geslag	: M	: M	: S	: M
(1) Aantal moontlik	: 311:	192:	134:	117:
(2) Aantal gegee	: 232:	158:	121:	104:
(3) Aantal korrek-gegee	: 135:	88:	95:	84:
Persent.	: 43.4:	45.8:	70.9:	71.8:
(a) Aantal logies-afgelei	: 118:	80:	87:	77:
Persent.	: 37.9:	41.8:	64.9:	65.8:
(b) Aantal nie-logies-afgelei	: 17:	8:	0:	7:
Persent.	: 5.5:	4.1:	0:	6:
(4) Aantal verkeerd	: 97:	70:	26:	20:
Persent.	: 31.5:	36.5:	19.4:	17.1:
(5) Aantal weggelaat	: 79:	34:	13:	13:
Persent.	: 25.1:	17.7:	9.7:	11.1:

Volgens Tabel 42 blyk dit dat:

(1) die M. in Vorms II, III en V meer korrekte defin. as die S. neergeskrywe het, n.l. 2.4% in Vorm II; .9% in Vorm III; en 5.9% in Vorm V. Die verskil is dus gering in Vorm III; net in Vorm IV het die S. .9% meer as die M. Dit dui ook 'n geringe verskil aan.

(2) die M. in Vorms II, III en V: 3.8%, .9% en 5.9% respekt. meer logies-afgeleide defin. as die S. gegee het; in Vorm IV het die S. egter 4.6% meer kon gee as die M.

(3) in Vorms III en V geen geslagsverskil op te merk is, wat die nie-logies-afgeleide defin. betref; net in Vorm II het die S. 1.4% meer nie-logies-afgeleide defin. as die M. neergeskrywe, en in Vorm IV het die M. 3.7% meer as die S. neergeskrywe.

(4) die S, in Vorms III, IV en V meer verkeerde defin. as die M. gegee het: In Vorm III 2.3%; in Vorm IV 2.6%; in Vorm V 2%. In Vorm II het die M. egter 5% meer as die S. gegee.

(5) die S. in Vorms II en V 7.4% en 3.9% respekt. meer defin. as die S. weggelaat het; in Vorms III en IV het die M. weer 1.4% en 3.5% respekt. meer as die S. weggelaat.

Uit die voorgaande konkludeer ons: dat die M. in Vorm II beslis beter as die S. presteer het; dat die verskil tussen die geslagte in Vorms III en IV gering is; dat die M. in Vorm V beter as die S. gedoen het.

.....  
-----

HOOFSTUK VIII: SLOT.

Op die volgende paar vrae wil ons nou 'n antwoord gee:

1. Tot watter gevolgtrekkings dwing die voorgaande verhandeling ons?
2. Wat is die waarde van die ondersoekte probleem?
3. Watter kritiese opmerkings kan oor die verhandeling gemaak word?

1. As doel van die voorgaande ondersoek is gestel om na te gaan in hoeverre die onderwys van die getoetste rededele: die Snw., die Ww., die Byv.nw., die Vnw. en die Byw., vrugdraend of progressief van aard is.

Die vrugdraendheid van die onderwys van die genoemde begrippe word gesien in die lig van: (a) die persentasies korrekte voorbeelde wat van elk in elke standaard opgenoem is; (b) die persentasies korrekte definisies van elk, soos in elke standaard gegee.

Gemakshalwe word in Tabel 43 die gegewens van (a) pertinent voor die aandag gestel. Tabel 43 verstrekk dus die persentasies korrekte rededele soos in elke standaard opgenoem:

TABEL 43.

Persentasies korrekte: Snwe., Wwe., Byv.nwe., Vnwe., Bywe.

<u>Rededele</u>	<u>: Vorm II</u>	<u>: Vorm III</u>	<u>: Vorm IV</u>	<u>: Vorm V</u>
Snwe.	: 88.1	: 98.8	: 97.1	: 99.6
Wwe.	: 98.1	: 97.4	: 97.2	: 99.9
Byv.nwe.	: 82.7	: 89.8	: 95.1	: 98.3
Vnwe.	: 61.6	: 80.5	: 90.8	: 90.5
Bywe.	: 57.3	: 73.4	: 85.2	: 88.3

Dit blyk dat:

(1) die onderwys van die Snw., die Ww., en die Vnw. in hul vooruitgang onderbreek word: die Snw. in Vorm IV, die Ww. in Vorms III en IV, en die Vnw. in Vorm V.

(2) daar geen onderbreking in die onderwys van die Byv.nw. en van die Byw. is nie, m.a.w. in elke hoër standaard word 'n beter kennis omtrent hulle openbaar.

(3) die eindresultaat van die onderwys van die rededele in die hoërskool die hoogste in verband met die Ww. is, n.l. 99.9%. Daarop volg: die Snw., die Byv.nw., die Vnw. en die Byw.

(4) die beginresultaat van die onderwys van die rededele i.v.m. die Ww. die hoogste is. Daarop volg: die Snw., die Byv.nw., die Vnw. en die Byw.

(5) die Ww. die beste geken word van al die rededele, in Vorms II, IV en V, maar die Snw. in Vorm III.

(6) die Snw. die tweede beste geken word in Vorms II, IV en V, maar die Ww. in Vorm III.

(7) in Vorm IV swakker presteer is as in Vorm II en III, wat die Snw. en die Sw. betref.

(8) in al die standerds: (a) die Byv.nw. swakker geken word as die Snw., of die Sw. (~~die laaste in die geval van Vorm IV~~); (b) die Vnw. swakker geken word as die Byv.nw.; (c) die Byw. die swakste geken word.

Op grond van en in verband met die voorgaande word die volgende aanbevelings gedoen:

(a) dat in die hoërskool meer klem moet gelê word op die onderwys van die Snw. asook op die Sw. in Vorm IV.

(b) dat in alle standerds die resultate van die onderwys i.v.m. die Byv.nw., die Vnw. en die Byw. swak is. Gevolglik moet aan hulle in elke standaard meer aandag gewy word.

Dit is nodig dat by die Onderwys van die gekoetste vyf rededele meer gelet moet word op die funksie van elke rededeel. Hier het ons te doen met die onderwys van vyf belangrike taalelemente as hulpmiddels vir die verobjektivering van ons gedagtes. Nou moet onderwys word hoe die rededele daarvoor doeltreffend aangewend word, in die spreek- sowel as skryftaal.

Wanneer in die mondelinge werk gedagtes omtrent sekere onderwerpe geuit word, moet 'n paar daarvan, soos deur die leerlinge in 'n sekere standaard gebesig, op die bord geskrywe word, met die doel om hulle te analiseer. Nou word die plek van elke woord en sy funksie in daardie sinne bepaal. As ~~hierdie~~ hierdie metode konsensieus in al sy konsekwensies deurgevoer word, sodat die leerlinge tot 'n besef geraak van die onderskeiding tussen verskillende woordsorte na hulle funksie, dan glo die skrywer dat die resultate van die genoemde rededele in elke standaard beter sou gewees het.

Wat uit die voorgaande verhandeling duidelik geword het, is die feit dat so baie rededele met 'n sekere rededeel wat gevra is, verwar is. Hoekom? Omdat die funksieverskille van die rededele nie 'n werklikheid vir baie leerlinge is nie.

Om eenvoudig die gevraagde rededele op te noem is 'n taamlike abstrakte metode van werk, en in die geval van baie leerlinge word baie vbe. van 'n rededeel opgenoem, sonder dat hulle hulself goed rekenskap kan gee of al die vbe. onder die betreffende rededeel sorteer. Gee aan die leerling die konkrete metode van denke, n.l. verwoord gedagtes oor sekere onderwerpe, beskrywe sekere dinge, handeling, verhouding, ens., om die verskillende woordsorte volgens hulle funksie daarin te herken, dan sal die kwessie vir elke kind opgelos wees en sy taak vergemaklik word. Verder is nodig veelvuldige herkenningsoefeninge. Stukke prosa moet voorgelees word. Die woorde in die sinne daarvan moet herken word volgens hulle

funksies en dan benoem word.

In Tabel 44 word gegewens van (b), bl. 125, gegee. In Tabel 44 word dus die persentasie korrekte Defin. van elke rededeel, soos in alle standers neergeskrywe, verstrek.

TABEL 44.

Persentasies korrekte defin.van: die Snw., die Sw., die Byv. nw., die Vnw., die Byw.

<u>Defin. van:</u>	<u>: Vorm II</u>	<u>: Vorm III</u>	<u>: Vorm IV</u>	<u>: Vorm V</u>
Die Snw.	: 85.1	: 90.4	: 93.1	: 93.7
" Sw.	: 73.2	: 71.7	: 80.6	: 91.6
" Byv.nw.	: 72	: 86.5	: 90.7	: 86.5
" Vnw.	: 52.7	: 75.7	: 81.5	: 91.6
" Byw.	: 44.3	: 71.3	: 80.6	: 86

Dit is duidelik dat:

- (1) daar 'n onderbreking in die onderwys van die Sw.-defin. in Vorm III is. In Vorm III is minder korrekte defin. van die Sw. gegee as in Vorm II.
- (2) die onderwys progressief werk in die geval van die Snw.-, die Byv.nw.-, die Vnw.- en die Byw.-defin.
- (3) die eindresultaat van die onderwys van die defin. van die rededele die hoogste is in die geval van die Byv.nw.-defin. Daarop volg die defin. van die Snw., die Sw. en die Vnw., en die Byw.
- (4) die aanvangsresultaat van die onderwys van die defin. van die rededele in die geval van die Snw. die hoogste is. Daarop volg die Sw., die Byv.nw., die Vnw., en die Byw.
- (5) die leerlinge in Vorms II, III en IV meer defin. van die Snw. kon neerskrywe as van die ander rededele; in Vorm V egter is die meeste van die Byv.nw.- defin. gegee.
- (6) die Byv.nw.-defin. die tweede beste geken word in Vorms III en IV; die Sw.-defin. in Vorm II en die Snw.-defin. in Vorm V.
- (7) die Byw.-defin. die swakste geken word in alle standers, en die Sw.-defin. netsoveel as die Byw.-defin. in Vorm IV.

Dit blyk dat in die onderwys van die genoemde vyf rededele meer klem moet gelê word op die definiëring van die Byw. in alle standers, veral in Vorm II. Verder eis die definiëring van die Sw. in Vorms III en IV meer aandag, sook die van die Vnw. in Vorm II.

Nie alleen is dit noodsaaklik dat die leerlinge in die hoërskool woordsorte kan klassifiseer en volgens hulle funksie kan herken nie; van netsoveel belang is dat hulle in eenvoudige taal behoort te kan sê wat hulle onder sulke woordsorte verstaan, m.a.w. 'n defin. van elkeen te kan gee.

Die definiëring van die rededele staan onlosmaaklik verbonde aan die funksie-herkenning van elk. Ken die leerlinge die funksie van elke rededeel, dan moet ons hulle help om daardie funksie neer te skrywe.

In verband met die eerste vraag wil ons ook onder die aandag bring die logies-afgeleide defin. van elke rededeel soos in elke standaard gekry. Hierdie feite sal ons 'n insig in die metode van onderwys i.v.m. die defin. van die rededele gee.

In Tabel 45 word saamgevat die persentasies logies-afgeleide defin. van elke rededeel, soos in elke standaard neergeskrywe.

TABEL 45.

Persentasies logies-afgeleide Defin. van die: Snw., Ww., Byv.nw., Vnw., Byw.

<u>Defin. van</u>	<u>:Vorm II</u>	<u>:Vorm III</u>	<u>:Vorm IV</u>	<u>:Vorm V</u>
Die Snw.	: 37.4	: 49.8	: 50	: 60.8
" Ww.	: 72.6	: 68.9	: 74.1	: 86.7
" Byv.nw.	: 70.4	: 84.9	: 90.7	: 96.5
" Vnw.	: 51.3	: 74.1	: 81	: 91.6
" Byw.	: 39.4	: 65.3	: 67.1	: 86

Van Tabel 45 lei ons af:

(1) dat/die Ww.-defin. die meeste logies-afgeleide defin. in Vorm II neergeskrywe is; van die Byv.nw. die tweede meeste; in Vorms III, IV en V die meeste van die Byv.nw.-defin., dan van die Vnw.-defin.

(2) dat die kleinste persentasie logies-afgeleide defin. van die Snw. in alle standers neergeskrywe is.

(3) dat daar 'n verbetering in die persentasie logies-afgeleide defin., van standaard tot standaard, gekonstateer word in die geval van die Snw., die Byv.nw., die Vnw. en die Byw.; wat die Ww. betref, het die Vorm III-leerlinge minder logies-afgeleide defin. as die Vorm II-leerlinge gegee.

(4) wat die Byw.-defin. betref, daar 'n groter persentasie in elke standaard as van die Snw. logies afgelei is.

Op geen gebied van die taalonderwys leen die induktiewe metode van onderwys sig so goed en doeltreffend as wanneer reëls en defin. in die grammatika moet neergelê word nie. Hiermee word bedoel dat ons by 'n noukeurige bestudering van die mondelingse en geskrewe taal feite moet versamel en rangskik en dien ooreenkomstig, d.w.s. volgens die wette en eise van die menslike gees neergelê en geopenbaar, defin. en reël opstel.

In verband met die definiering van die getoetste rededele is die induktiewe metode van die grootste waarde. Die bedoeling van vraag twee oor elke rededeel was juis om vas te stel tot watter mate die leerlinge induktief te werk gaan by die definiering van die rededele. Elke Op. moes eers vyf vbe. van elke rededeel opnoem en dan 'n defin. gee, d.w.s. hy moes eers die materiaal versamel en dienooreenkomstig die defin. gee.

Ons staan voor die feit dat die logies-afgeleide defin. van die Ssw. in elke standaard die laagste is. Hoekom? Ten eerste is die Ssw.-defin. baie maklik. Nou bestaan daar 'n groot moontlikheid, dat in stede van induktief te werk, defin. uit die hoof neergeskrywe word. Dit weerspieël ook die onderwysmetode: dat in hierdie geval die metode in elke standaard die minste daarop bereken is om die leerlinge induktief te laat werk.

Dit is duidelik dat die Vorm II-leerlinge baie swak induktief werk, nie omdat hulle wees intelligensie dit nie kan doen nie, maar omdat die metode van onderwys hulle nie daartoe in geleentheid stel nie.

Die aanbeveling wat in verband met die defin. van alle rededele gedoen word, is dat meer gebruik behoort gemaak te word van die induktiewe metode.

2. Die waarde van die ondersoekte probleem lê daarin:

(a) dit verstrek objektiewe resultate van die onderwys van sekere taakkundige begrippe. Dit is van belang dat ons in elke vak of onderdeel van vak wat onderwys word, behoort te weet hoever ons met ons onderwys gevorder het: wat die aanvangsresultate van die onderwys van 'n sekere vak in die hoërskool is en wat die eindresultaat.

(b) dit gee elke onderwyser 'n insig in die snelheid van vordering in die kennis van die leerlinge van standaard tot standaard re die getoetste rededele.

(c) dit werp lig op die swak plekke in die onderwys van die genoemde rededele.

(d) dit laat elke onderwyser nadink oor die metodes van onderwys wat hy toepas in verband met die getoetste rededele, en prikkel tot moontlike verbetering daarvan.

(e) dit is 'n klein bydrae tot die toetsbeweging wat deesdae so 'n groot rol in die opvoedkundige navorsing speel. Sover dit die skrywer bekend is, is dit die eerste poging wat in Suid-Afrika gedoen is om die kennis van die hoërskool-leerlinge wetenskaplik na te gaan en te ontled, in verband met die Ssw., die Sw., die Luv.nw., die Vnw., en die Byw.

(f)

(f) dit laat ander probleme ontstaan wat die moeite werd is vir verdere navorsing, hulle is o.a.:

(i) die taal en denke van die hoërskool-leerlinge, of Hoe openbaar die hoërskool-leerlinge hulle denke in hulle skriftelike werk?

(ii) tot watter mate is die hoërskool-leerlinge in staat om taalkundig logies te werk te gaan?

(iii) die metodes wat in ons hoërskole i.v.m. die onderwys van die rededele gevolg word, nie alleen wat betref die benoeming en herkenning van die rededele nie, maar ook hul definiëring.

3. Die volgende is enkele kritiese opmerkings oor die voorgaande verhandeling:

(a) Ten eerste dien die resultate wat in die voorgaande verhandeling verkry is, as norme vir die kennis van die leerlinge in elke standaard aan die begin van die kursus waarin hulle staan. Die skrywer neem aan dat, as die leerlinge aan die einde van 1934 getoets was, die persentasies onder elke hoofstuk, wat die korrekte aantal vbe. van die rededeel onder behandeling aangaan, hoër sou gewees het.

(b) ten tweede betref dit die omvang van die toets-tyd. Die toetse is in al die hoërskole oor 'n tydperk van 42 dae afgeneem. Dit was nie moontlik om al die toetse in alle skole op een en dieselfde dag af te neem nie. Verder kon ook nie, weens die inwendige organisasie van elke skool, alle standerds in elke skool op dieselfde dag getoets word nie.

(c) soos wel die geval in verband met die meeste toetse in die hoërskole is, is geen klas vooraf gewaarsku dat hulle oor die genoemde rededele 'n toets gaan skrywe nie. Die resultate wat dus gevind is, dui aan wat die leerlinge in elke standaard as blywende kennis van die getoetsde rededele op die moment van toetsing gehad het.

(d) uit die antwoorde van die leerlinge blyk dat 'n ander, miskien beter, prosedure sou gewees het om die leerlinge te vra om die vbe. van elke rededeel in sinne te gebruik, waardeur die bedoelinge van elke leerling met al sy vbe, duideliker kon uitkom, veral wat betref die Ww., die Byv.nw. en die Vnw. Dit sou beteken dat die leerlinge veel langer tyd moet gegee word vir die beantwoording van die toetse. Soos uit die verhandeling blyk, kon die skrywer nie ontkom aan die beperkings wat die toetse oor die Ww., die Byv.nw. en die Vnw. op hom gelê het nie. Juis omdat daar in baie opsigte nie kon uitgemaak word wat die bedoelinge van die leerlinge met baie vbe. was nie, het die skrywer gedink aan 'n ander, miskien beter metode, soos alreeds gemeld. Dan is dit nog twyfelagtig

of al die sinne duidelijk genoeg die funksie van elke reedeel sal uitbring.

-----  
-----  
-----  
-----  
-----  
-----  
-----

Naam:.....; Geslag: .....  
Ouderdom: .....; Std.(Vorm): .....; Datum: .....  
Skool: .....

TAAALKUNDIGE BEGRIPPE:

Toets 1: Die Selfstandige Naamwoord.

1. Jy weet wat 'n Selfstandige Naamwoord is, nie waar? Noem nou vir my enige vyf Selfstandige Naamwoorde op waaraan jy dink. Skrywe hulle hier:
2. Probeer nou om in 'n paar woorde te sê wat 'n Selfst. nw. is(d.i. gee 'n kort definisie van 'n Selfst.nw.):

Toets 2: Die Werkwoord.

1. Jy weet wat 'n Werkwoord is, nie waar? Noem nou vir my enige vyf Werkwoorde op waaraan jy dink. Skrywe hulle hier:
2. Probeer nou om in 'n paar woorde te sê wat 'n werkwoord is (d.i. gee 'n kort definisie van 'n Werkwoord):

Toets 3: Die Byvoeglike Naamwoord.

1. Jy weet wat 'n Byvoeglike Naamwoord is, nie waar? Noem nou vir my enige vyf Byvoeglike Naamwoorde op waaraan jy dink. Skrywe hulle hier:
2. Probeer nou om in 'n paar woorde te sê wat 'n Byvoeglike Naamwoord is(d.i. gee 'n kort definisie van 'n Byvoeglike Naamwoord):

Toets 4: Die Voornaamwoord.

1. Jy weet wat 'n Voornaamwoord is, nie waar? Noem nou vir my enige vyf Voornaamwoorde op waaraan jy dink. Skrywe hulle hier:
2. Probeer nou om in 'n paar woorde te sê wat 'n Voornaamwoord is (d.i. gee 'n kort definisie van 'n Voornaamwoord):

Toets 5: Die Bywoord.

1. Jy weet wat 'n Bywoord is, nie waar? Noem nou vir my enige vyf Bywoorde op waaraan jy dink. Skrywe hulle hier:
2. Probeer nou om in 'n paar woorde te sê wat 'n Bywoord is (d.i. gee 'n Kort definisie van 'n Bywoord):

BYLAE.

GERAADPELJEGDE WERKE.

1. Adams, John : The New Teaching.  
(London: Hodder and Stoughton Ltd. Third Edition)
2. Adamson, J.W. : The Practice of Instruction.  
(London: National Society's Depository.  
Second Revised Edition, August, 12, 1907).
3. Ballard : Teaching the Mother Tongue.  
(London: Hodder and Stoughton Limited. 1921).
4. Boshoff, S.P.E. : Volk en Taal van Suid-Afrika.  
(Pretoria: J.H. de Bussy, Beperk. 1921).
5. Bouman, Dr.A.C.; Pienaar, Dr.E.C.: Afrikaanse Spraakkuns.  
(Stellenbosch: Pro Ecclesia  
Drukkery. Tweede Druk 1925)
6. Bocuysen, G.M., B.A., O.l; Jansen, Mevr.M., B.A.:  
Praktiese Grammatika en Stylkursus van die  
Afrikaanse Taal.  
(Kaapstad: Nasionale Pers, Beperk, 1924,  
Vierde Druk).
7. Botha, M.C.; Burger, J.F.: Afrikaanse Grammatika.  
(Kaapstad: Maskew Miller Beperk.  
Sesde Druk, Mei 1929).
8. Brereton, Cloudeley: Modern Language Teaching.  
(London: University Press of London.  
1930).
9. Bloomfield, L.: The Study of Language.  
(London: G. Bell & Sons, Ltd., 1924).
10. Clarke and Muller : A Class Book of English Grammar.  
(Cape Town: J.C. Juta and Co. Sixth  
Edition, 1911).
11. Charters, W.W.: Teaching the Common Branches.  
(Boston: Houghton Mifflin Company. Revised  
and Enlarged Edition, 1924).
12. Crawford, and Leitzell: Learning a New Language.  
(California: C.C. Crawford, University  
of Southern California, 1930).
13. Crawford : The Technique of Research in Education.
14. Colvin : An Introduction to High School Teaching.  
(New York: The MacMillan Company, 1929).
15. Gardiner, Allan H.: The Theory of Speech and Language.  
(Oxford: At the Clarendon Press, 1932).
16. Gladman : School Method.  
(London: Jarrold and Sons. Eleventh Edition).
17. Good, G.V. : How to do research in Education.  
(Baltimore: Warwick & York, Inc. 1928).
18. Hoogenhout, Inker P., B.A.; Botha, M.C., M.A.: Taal en Styl.  
(Kaapstad: Maskew Miller, Beperk, Febr. 1925).
19. Isaacs, Susan: Intellectual Growth in Young Children.  
(London: George Routledge & Sons, Ltd., 1930).
20. Jespersen, Otto: The Philosophy of Grammar.  
(London: George Allen & Unwin, Ltd. Second  
Edition, 1925).
21. Jespersen, Otto : Language, its Nature en Development and  
Origin.  
(London, George Allen & Unwin, Ltd. Second  
Edition, Febr., 1923).
22. Jackson, M.H. : Juta's University English Course.  
(Cape Town: Juta & Co., Limited. Twentieth  
Edition, 1933).

23. Kruger, G. de K., M.A.: 'n Diagnose van Afrikaanse Opstelle van Leerlinge in die Hoërskool met Betrekking tot Tegnieuse foute.  
(Ongepubliseerde M.Ed.-Tesis, verkrygbaar by die Nasionale Onderwysburo, Pretoria).
24. Kotze, Jac.C.: 'n Objektiewe Studie van sekere aspekte van die Duitse Komposisie op Afrikaanse Middelbare Skole.  
(Ongepubliseerde M.Ed.-Tesis, Des. 1930. Verkrygbaar by die Nasionale Onderwysburo, Pretoria).
25. Kalepky, Theodor: Neuaufbau der Grammatik.  
(Leipzig: Verlag von B.G. Teubner 1928.)
26. Le Roux, J.J.: Handleiding in het Afrikaans voor Nederlanders  
(Amsterdam: B.L. van Looy, 1921).
27. Le Roux, Dr. J.J.: Oor die Afrikaanse Sintaksis.  
(Amsterdam: Swets & Zeitlinger, 1923).
28. Melherbe, D.F.: Afrikaanse Taalboek.  
(Bloemfontein: De Nasionale Pers, Beperkt. Vierde verbeterde Druk, 1921).
29. Monroe: Measuring the Results of Teaching.  
(George G. Harrap and Co., Ltd.)
30. Monroe : Textbook in the History of Education.  
(London: MacMillan and Co., Limited. 1925).
31. Monroe, P.: Principles of Secondary Education.  
(New York: The MacMillan Company, 1916).
32. Nesfield, J.C.: Outline of English Grammar.  
(London: MacMillan and Co., Limited. Revised Edition, 1923).
33. Pringle : Methods with Adolescents.  
(Boston: Heath and Company).
34. Potgieter, P.J.: Juts se Nuwe Afrikaanse Grammatika vir Middelbare Skole.  
(Kaapstad: Juts en Kie, Bpk. Eerste Druk, Des. 1930).
35. Piaget, Jean: The Language and Thought of the Child.  
(London: Kegan Paul, Trench, Trubner and Co. Ltd., 1926).
36. Fos, Dr. H.J.: Inleiding tot de Taalwetenskap.  
(Haarlem: De Erven F. Bohn, 1926).
37. Rombouts, Fr.S.: De Psychologie der Kleuter.  
(L.C.G. Walenberg - Nymwegen, 1919).
38. Reynolds, J.: Maskew Miller se Afrikaanse Oefening vir Sekundêre Skole.  
(Kaapstad: Maskew Miller. Vierde Druk).
39. Rusk, Robert, R.: Research in Education.  
(London: University of London Press, 1932).
40. Reeder, Ward, G.: How to write a Thesis.  
(Bloomington: Public School Publishing Company, 1925).
41. Steyn, H.A. : Die Woordeskat van Skoolkinders.  
(Ongepubliseerde M.Ed. Tesis, 1926. Verkrygbaar by die Nasionale Onderwysburo, Pretoria).
42. Steyn, H. . : Die Skriftelike Taaluiting van Skoolkinders.  
(Pretoria: J.L. van Schaik, Bepk. 1932).

43. Stander, F.: A Study of the English Composition of a Group of Afrikaans-speaking Pupils in High Schools. (Ongepubliseerde M.Ed.Tesis. Verkrygbaar by die Nasionale Onderwysburo, Pretoria).
44. The Teaching of English in England --- being the report of the Departmental Committee appointed by the President of the Board of Education to inquire into the position of English in the Educational system of England. (London: Majesty's Stationery Office, 1921 (reprinted 1928))
45. Tracy, Frederick : The Psychology of Adolescence. (New York: The MacMillan Company, 1927).
46. Talen, J.G.; Kollwyn, R.A. en Buitenrust Hetteema, F. : Nederlandsche Taal. (Zwolle: W.E.G.Tjienk Willink, 1908).
47. Trow : Scientific Method in Education. (Boston: Houghton Mifflin Company, 1925).
48. Te Winkel, Dr.J.: Inleiding tot de Geschiedenis der Nederlandsche Taal. (Culemborg - Blom & Olivierse, Amsterdam, 9 Sept. 1904).
49. Van Rynberk, G.: Wenken over het samestellen van wetenskaplyke Geschriften.
50. Verdam, J.: Uit die Geschiedenis der Nederlandsche Taal. (Dordrecht: J.P.Tevers, 1902).
51. Van Oostrum, O.; Kritzinger, M.B.S.: Afrikaanse Spraakkuns. (Pretoria: J.H.de Bussy 1933).
52. Whitney, F.L. : Methods in Educational Research. (New York: D.Appleton & Company, 1931).
53. Welton: Principles of Teaching. (London: W.B.Clive. Second Edition 1918).
54. West, Michael: Language in Education. (London: Longmans Green & Co., Ltd., 1929).
55. Webster and Smith : Teaching English in the Junior High School. (New York: World Book Company 1926).

#### TYDSKRIFTE.

56. Bouman, A.C. ; Pienaar, E.C.: Prinsipiële opmerkinge oor 'n Afrikaanse Spraakkuns. (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, derde jaargang, tweede aflewering, Oktober 1924 (bl.99-110)
57. Bosman, D.B.: Oor Grammatika en nog wat. (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, derde jaargang, derde aflewering, Jan. 1935. bl.152-161).
58. Bouman, A.C.: Afrikaans ons naar Nederlands wy. (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, derde jaargang, derde aflewering, Jan. 1935, bl.161-163).
59. Boveé, Arthur G.: Grammatical Knowledge and Reading Ability in French. (Journal of Educational Research, Vol.XI, March 1925, No.3, p. 204 - 213).
60. Boyd, William : The Development of Sentence Structure in Childhood. (The British Journal of Psychology, Vol.XVII, Part.3, January 1927, p.181 - 191).

60. Bardwell, R.W.: A New emphasis in Language Teaching.  
(Elementary School Journal, Vol.XXXIV,  
October, 1933, No. 2.)
62. Beck, Roland L.: A Natural Test of English Usage.  
(The Journal of Experimental Education,  
Vol.I, March 1933, No. 3, p. 280-287.)
63. Coetzee, Dr. J.C.: Die Taalontwikkeling van die Kleinkind.  
(Nederlandsche Tydschrift voor Psy-  
chologie, Jaargang I, Academische  
Uitgeverij, Amsterdam.)
64. Elton, G.Y.: The Teaching of English.  
(The New Era, October, 1928, p.165-169.).
65. Esper, Erwin A.: Studies in Linguistic Behavior Organi-  
zation.  
(1) Characteristics of Unstable verbal  
Reactions.  
(The Journal of General Psychology, Vol.  
III, No.2, April, 1923, p.346-382).
66. Findlay, Prof. J.J.: The Teaching of English.  
(The New Era, October 1928, p.172-173)
67. Gray, W.S.: Reading and Literature.  
(Review of Educational Research, Vol.II, Febr.  
1932, No. I, p. 35-43).
68. Guiler, Walter Scribner: Improving Ability in Verb Usage.  
(The Elementary School Journal,  
Vol.XXXI, March 1931, No.7, p.  
524-531).
69. Greene, H.A.; and Betts, Emmett A.: A New Technique for  
the study of Oral  
Language Activities.  
(Elementary School Jour-  
nal, Vol.XXXIII, June  
1933, No.10, p.753-762).
70. Guiler, W.S.: Difficulties encountered by High School  
Graduates in the use of Verbs.  
(The School Review, Vol. XL, June 1932, No.  
6, p. 455- 460).
71. Keilhacker, Dr. M.: Zusammenhängen zwischen sprachlicher  
und allgemeineseelicher Entwicklung im  
Jugendalter.  
(Zeitschrift für Pädagogische Psycholo-  
gy, 34, Jahrg., Nr3, Leipzig, März 1933  
bl. 105-110).
72. Kaulfers, W.V.: Present Status of Prognosis in Foreign  
Language.  
(The School Review, Vol.XXXIX, Oct.1931,  
No. 8, p.622-627).
73. Labuschagne, F.J.: Taal en Kultuur.  
(Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, agste  
jaargang, vierde afdeling, Junie 1930  
bl.198-213).
74. Lyman, R.L.: Language, Grammar and Composition.  
(Review of Educational Research, Vol.II, No.  
I, Febr.1932, p.35-43).
75. Lyman, R.L.: Summary of Investigations Relating to Gram-  
mar, Language and Composition.  
(Elementary School Journal, Vol.XXXII, Jan.  
1932, No.5, p, 352-364).
76. Lee, J. Murray, and Symonds, Percival M.: New Type or Objec-  
tive Test.

(The Journal of Educational Psychology, Vol. XXIV, Jan. 1933, No.1, p. 21-39).

77. Malherbe, Dr. F.M.J.: Moderne Grammatika.  
(Tidskrift vir Wetenskap en Kuns, sewende jaargang, vierde aflewering, Junie 1929, bl.159-175)
78. McCraw, H. Ward: The Use of Test Data as a basis for drill in Grammar.  
(Journal of Educational Research, Vol.X, Nov. 1924, No. 4, bl. 291-297).
79. Nash, H.B., and Rusk, Fred R.: Mastery of Minimum Essentials in English Grammar.  
(Journal of Educational Research, April, 30, Nov. 4, p. 309-310).
80. Nice, Margaret Morse: Length of Sentences as a Criterion of Adult's progress in Speech.  
(The Journal of Educational Psychology, Vol.XVI, No.6, Sept. 1926).
81. Old Boy: My Experience of "New" Methods in English.  
(The New Era, October 1928, p. 192-193).
82. Pocock, G.N.: The Return of Grammar.  
(The New Era, October 1928, p.180-182).
83. Piemens, K.J.: Het moderne Talenonderwys in Amerika.  
(Paedagogische Studien, elfde jaargang, eerste aflewering, 1 Maart 1930, bl. 14-2).
84. Schneiders, A.J.: Ons Taal en Talenonderwys.  
(Paedagogische Studien, 1 Mei 1929, tiende jaargang, derde aflewering, bl. 113-114; en tiende jaargang, vierde aflewering, 1 Junie 1929, bl.154-164).
85. Stoddard, G.D.: A Survey of English Grammar in the High Schools of Iowa.  
(Journal of Educational Research, Jan. 1929, p.13-22).
86. Symonds, Percival M.: Practice versus Grammar in the Learning of Correct English Usage.  
(The Journal of Educational Psychology, Vol.XXII, No. 2, Febr.1931, p.81-96).
87. Sampson, G.: The Perfect Teacher of English.  
(The New Era, October 1928, p.173-174).
88. Thorndike, Edward L, and others: An Inventory of English Constructions with Measure of their Importance.  
(Teacher's College Record, Febr. 1927, p. 580-611).
89. van Dam, Prof. Dr.: Het onderwys in de moderne talen aan Universiteit en Middelbare Skool.  
(Paedagogische Studien, veertiende jaargang, 1 Aug. 1933, bl. 175-191).
90. van Deventer, Dr. L.W.R.: Een nieuw psychologische wet omtrent de verhouding van directe en indirecte methode van Taal-onderwys.  
(Paedagogische Studien, zevende jaargang, zevende aflewering, 1 Aug. 1926, bl.169-175).
91. van Ham, J.: Moderne Taalonderwys in onze Oost.  
(Paedagogische Studien, zevende jaargang, zevende aflewering, 1 Sept. 1926, bl. 203-212).
92. van Ostrum: Die Behandeling van die Naamwoorde in Afrikaans in die Laer Skool.

(Die Kristalline Skoolblad, Nov. 1926, Deel XXVII,  
No.320).

-----

Ferdinand Postma-Bibliotek



010305696U